

POTCHEFSTROOM IN DIE LITERATUUR:

'n Beredeneerde bibliografiese studie

1838–1975

P. Aucamp

**Proefskrif voorgelê ter voldoening aan
die vereistes vir die graad *D.Bibl.* aan die
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.**

***Prömotor:* Prof. P.J. Schutte**

POTCHEFSTROOM

1976

INHOUD

1	INLEIDING	1
1.1	Doel van die studie	1
1.2	Omvang	4
1.3	Metode van ondersoek	6
1.4	Samestelling van die bibliografie	11
1.5	Bedankings	13
2	OORSIG OOR DIE LITERATUUR OOR POTCHEFSTROOM	15
2.1	Geskifte van die Voortrekkers	15
2.2	Die vroeë reisigers en hulle publikasies	16
2.3	Beskrywings van die latere reisigers	19
2.4	Die geskiedskrywing oor Potchefstroom	21
2.5	Bronne oor bepaalde aspekte van die dorp en sy geskiedenis	24
3	ALFABETIESE ONDERWERPSBIBLIOGRAFIE	31
3.1	Aardrykskunde	31
3.2	Bankwese	32
3.3	Bantoebevolking	34
3.4	Beskrywing van die dorp	38
3.5	Biblioteke	86
3.6	Biografiese inligting	90
3.7	Burgeroorlog 1860 - 1864	100
3.8	Eerste Vryheidsoorlog	103
3.9	Fiktiewe vertellings	127
3.10	Fotografie	130

3.11	Geboue	132
3.12	Geologie	135
3.13	Geskiedenis van die dorp	137
3.14	Goud en goudsoekers	156
3.15	Handel	169
3.16	Hotelle	176
3.17	Jaarboeke en gidse	178
3.18	Joodse gemeenskap	183
3.19	Kerke	184
3.20	Kleurlinggemeenskap	198
3.21	Landbou	199
3.22	Landboukollege en proefplaas	203
3.23	Mediese dienste	205
3.24	Minerale	208
3.25	Monumente	210
3.26	Munisipaliteit	211
3.27	Museum	214
3.28	Musiek	216
3.29	Naam van die dorp	218
3.30	Noordbrug	226
3.31	Onderwyskollege	227
3.32	Oudhede en opgrawings	228
3.33	Perswese	230
3.34	Plantegroei	239
3.35	Poswese	241
3.36	Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.	244
3.37	Regspleging	250
3.38	Skole	252
3.39	Sport en ontspanning	257
3.40	Teologiese Skool	258

3.41	Tweede Vryheidsoorlog	259
3.42	Verdediging	262
3.43	Vermaaklikhede	264
3.44	Vervoer	265
3.45	Vierkleur	269
3.46	Wonderfontein	272
4	ONDERWERPSINDEKS TOT ANNOTASIES	274
5	OUTEURSINDEKS	302

I. INLEIDING

The bibliography of any subject is part of the technical equipment of a librarian, and this is equally true of local history - J.L. Hobbs.

1.1 Doel van die studie

Die gedagte aan die samestelling van hierdie bibliografie het in die praktyk ontstaan, waar biblioteekgebruikers telkens navraag doen na inligting oor sekere aspekte van die geskiedenis van Potchefstroom en dit dan geblyk het dat die bestaande bibliografiese apparaat oor hierdie onderwerp ontoereikend is. Daarby lewer die geskiedenis van hierdie oudste dorp in Transvaal, en ou hoofstad van die Suid-Afrikaanse Republiek, soveel interessante fasette op dat dit vir enigeen wat belangstel in plaaslike geskiedenis 'n lus is om die literatuur oor die dorp te hanteer.

Geoordeel aan die toenemende getal publikasies wat daar oor die verskillende dorpe en gebiede in Suid-Afrika verskyn, is daar 'n toenemende belangstelling in plaaslike geskiedenis aan die ontwikkel. Hierdie neiging is ook gedurende die afgelope paar jaar in Potchefstroom bespeur. In die plaaslike pers verskyn daar gereeld artikels en rubrieke oor die geskiedenis van die dorp, die Stadsraad doen aktief mee deur geskrifte soos Rose Scorgie se *My swan song* en Julian Orford se *95 days; the siege of the Fort at Potchefstroom* te publiseer, en die Potchefstroomse

Universiteit het onlangs oorgegaan tot die stigting van die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis.

Hierdie belangstelling in plaaslike geskiedenis moet allerweë verwelkom word, want die geskiedenis van elke gemeenskap weerspieël die ontwikkeling van die land in die geheel, en die wel en weë in 'n volk se wedervaringe word in die daaglikse lewe van die plaaslike gemeenskap gereflekteer. Die geskiedenis van Potchefstroom is 'n goeie voorbeeld hiervan. Gedurende die eerste jare van sy bestaan was die dorp as hoofstad ten nouste betrokke by die staatkundige ontwikkeling van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Daarna het dit as handelsentrum die ekonomiese veranderinge as gevolg van die ontdekking van goud meegemaak en self 'n belangrike rol hierin gespeel. Dit was die toneel van die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog en dit het die gevegte van daardie oorlog beleef, net soos die Tweede Vryheidsoorlog bykans twintig jaar later hier 'n afgryslieke werklikheid sou wees. Van die kulturele oplewing en die ekonomiese groei tussen hierdie twee oorloë het Potchefstroom ook sy deel geniet. Na die Tweede Vryheidsoorlog was die dorp direk betrokke by die heropbou van die land en die hervestiging van ontwrigtes met die skepping van die sogenaamde "settlements" en die stigting van die proefplaas en weeshuis. By die twee groot wêreldoorloë van hierdie eeu het die dorp 'n direkte belang gehad omdat 'n belangrike militêre basis hier gesetel is, en die kulturele en intellektuele opbloeï van Suid-Afrika word duidelik weerspieël in die ontwikkeling van die Potchefstroomse

Universiteit vir C.H.O. en die talle onderwysinrigtings op die dorp.

Die kleurryke verlede van die dorp bied dus 'n uitstekende geleentheid vir diegene wat die plaaslike geskiedenis wil bestudeer. Bibliotekarisse kan hierin 'n belangrike bydrae lewer deur die skepping van die nodige fasiliteite soos die daarstelling van versamelings van plaaslike studie- en navorsingsmateriaal. Die opbou van enige lewende studieverzameling berus op drie elemente, naamlik die versameling van materiaal, die bewaring daarvan en die ontsluiting van die inhoud. Met hierdie studie is getrag om uitvoering aan die laasgenoemde te gee, sodat die bibliografie as vindlys met die oog op die opbou van 'n plaaslike versameling kan dien.

In die praktyk is dit gevind dat dit nie bekend is watter materiaal daar alles oor die dorp beskikbaar is nie. Die eerste doelstelling met die samestelling van hierdie bibliografie was om hierdie leemte ten opsigte van die inligting wat in boeke en tydskrifartikels vervat is te probeer opvul. Tydens die ondersoek het dit spoedig geblyk dat al die betrokke publikasies nie in Potchefstroomse biblioteke aanwesig is nie, en met die bibliografie word beoog om aan navorsers so 'n volledig moontlike lys van inligtingsbronne te verskaf, met 'n kort beskrywing van elk in soverre dit op Potchefstroom betrekking het.

'n Verdere doelstelling met die bibliografie is om 'n naslaanbron te skep vir diegene wat 'n algemene

belangstelling in die geskiedenis van die dorp het en om hierdie belangstelling verder aan te wakker. Dit gebeur dikwels dat die aanvanklike belangstelling in plaaslike geskiedenis afneem vanweë 'n gebrek aan inligting, en hopelik sal die beskikbaarheid van hierdie ontsluitingsmiddel persone aanspoor om verder te lees oor sake van plaaslike belang.

Omdat die bibliografie as 'n akademiese proefskrif aangebied word, was die bedoeling daarmee onder andere ook om as eksperiment te dien om vas te stel hoeveel materiaal oor 'n onderwerp, waaroor die beskikbare ontsluitingsbronne min inligting verskaf, byeengebring kan word, om hierdie materiaal te ontsluit en die waarde daarvan te bepaal. Vir die biblioteekgebruiker wat in die geskiedenis van Potchefstroom belangstel, is daar gewoonlik in 'n biblioteekkatalogus slegs enkele inskrywings wat na die meer algemene bronne oor die onderwerp verwys. Hoewel dit nie van die naslaanbibliotekaris verwag kan word om in die verloop van sy normale pligte so 'n literatuursoektog in diepte te onderneem nie, is die voltooiing van hierdie studie hopelik 'n voorbeeld van die omvang van die inligting wat oor so 'n onderwerp opgespoor kan word.

1.2 Omvang

Die bronne van inligting oor 'n plaaslike gemeenskap en sy geskiedenis bestaan gewoonlik uit gepubliseerde materiaal, soos boeke, tydskrifte en koerantartikels,

en ongepubliseerde dokumente, soos notuleboeke, briewe, persoonlike dagboeke, transportaktes, foto's, ens. Die ideaal sou wees dat die bibliografiese apparaat oor die plaaslike geskiedenis al hierdie materiaal moet insluit, maar dit is van so 'n wye omvang dat die werk in opeenvolgende stadiums afgehandel moet word. Die afhandeling van hierdie bibliografie is maar net die eerste stap, wat hopelik later opgevolg sal word om alle materiaal in te sluit. Logies gesien is die opstel van 'n indeks van koerantartikels oor Potchefstroom 'n volgende projek wat aangepak kan word, terwyl die ontsluiting van argivale materiaal grotendeels afhanklik sal wees van die uitbouing van 'n bruikbare dokumenteversameling, soos nou deur die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis in die vooruit-sig gestel word.

In die samestelling van die bibliografie is die omvang beperk tot gepubliseerde boeke en tydskrifartikels. Akademiese proefskrifte en verhandelinge is wel ingesluit. Hoewel hulle nie in die handel beskikbaar is nie, is hulle wel vrylik in universiteitsbiblioteke verkrygbaar, of ter plaatse of deur middel van die interbiblioteekleningsstelsel, en kan hulle as gepubliseerde materiaal beskou word. Gepubliseerde pamflette is ingesluit omdat hulle dikwels baie nuttige inligting bevat; terwyl daar gevind is dat die regeringspublikasies wat opgeneem is van groot nut kan wees. Dit geld veral vir die Britse blouboeke uit die vorige eeu. Gepubliseerde gedenkprogramme is alleen opgeneem indien hulle feitelike inligting bevat.

Hoewel 'n dergelike bibliografie seker nooit op algehele volledigheid kan aanspraak maak nie, is geprobeer om sover moontlik alle publikasies wat van 1838 tot 1975 verskyn het, op te neem. Gedurende die ondersoek het daar gedurig op die mees onverwagte plekke inligting na vore gekom, en dit is te verwagte dat die bibliografie na sy voltooiing steeds verder aangevul sal kan word.

Dit was nie altyd maklik om te besluit hoeveel inligting 'n publikasie moet bevat om in die bibliografie opgeneem te word nie, want die lengte van die beskrywing bepaal nie noodwendig die gehalte daarvan nie. Een kort opmerking in 'n publikasie is dikwels van belangrike historiese waarde, veral as dit in verband gebring word met ander brokkies inligting oor dieselfde saak. Om hierdie rede is alle publikasies met substansiële inligting oor een of ander aspek van Potchefstroom se geskiedenis opgeneem, ongeag die lengte van die beskrywing. Alleen die werke wat terloops na die dorp verwys, sonder om enige inligting te verskaf, soos byvoorbeeld algemene geskiedenisboeke wat net noem dat die Boere hulle op Potchefstroom kom vestig het, is uitgelaat.

1.3 Metode van ondersoek

Die eerste stap in die versameling van die materiaal was om vanuit algemene bibliografieë, onderwerpsbibliografieë en tydskrifindekse 'n lys op te stel van publikasies wat moontlik inligting oor

Potchefstroom mag bevat. Omdat daar maar enkele gevalle is waar die naam van die dorp as onderwerps-hoof gebruik is, moes daar onder alle moontlike onderwerpe gesoek word en op hierdie wyse is byvoorbeeld soveel as moontlik werke wat oor Transvaal gedurende die vorige eeu handel, in die basiese lys ingesluit. In die geval van bibliografieë wat nie 'n onderwerpsbenadering het nie, soos Mendelssohn se *South African bibliography*, is alle inskrywings nagegaan.

Die volgende bibliografieë is onder andere op hierdie wyse geraadpleeg:

BROWNLIE, Margaret. The lives and work of South African missionaries; bibliography. Cape Town, University, School of Librarianship, 1952.

CAMBRIDGE history of the British Empire. vol. 8. Cambridge, Cambridge University press, 1963.

GEDENKBOEK ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875 - 1925). Potchefstroom, Afrikaanse Studentebond, 1926.

GRIVAINIS, Ilze. Material published after 1825 on the Great Trek until 1854. Cape Town, University, School of Librarianship, 1967.

HUGHES, Blanche. Personal reminiscences of early Johannesburg in printed books, 1884 - 1895. Johannesburg, University of the Witwatersrand, Department of Bibliography, Librarianship and

Typography, 1966.

INSKIP, C.A. List of guide-books and handbooks dating from 1800 to the present day, dealing with South Africa and with the Western Province. Cape Town, University, School of Librarianship, 1948.

INTERNATIONALE Bibliographie der Zeitschriften-literatur. Abt. A: Bibliographie der deutschen Zeitschriftenliteratur, Bd. 1 - 128, 1896 - 1964. Leipzig, 1897 - 1964.

JORDAN, R.A. The Transvaal War, 1880 - 81; a bibliography. Johannesburg, University of the Witwatersrand, Department of Bibliography, Librarianship and Typography, 1969.

KIERSEN, S. English and Afrikaans novels on South African history. Cape Town, University, School of Librarianship, 1958.

MALAN, S.I. Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge van die Suid-Afrikaanse universiteite, 1942 - 1958. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1959.
Aanvullings 1 - 16, 1959 - 1974.

MENDELSSOHN, Sidney. South African bibliography. London, Kegan Paul, 1910.

- MORRIS, G.R. Die Afrikaanse vakliteratuur.
Pretoria, Transvaalse Provinsiale Biblioteek,
1958.
- MULLER, C.F.J. e.a. A select bibliography of South
African history. Pretoria, University of South
Africa, 1966.
Supplement 1974.
- NICHOLSON, G. German settlers in South Africa: a
bibliography. Cape Town, University, School of
Librarianship, 1962.
- NIENABER, P.J. Bibliografie van Afrikaanse boeke.
Johannesburg, die samesteller, 1943 - 1970.
- PROZESKY, H.A. Das deutsche Missionsschrifttum ueber
Sued-Afrika. Pretoria, Afrikaans-Duitse Kul-
tuur-unie, 1938.
- REPERTORIUM van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels,
1940 - 1974. Johannesburg, Openbare Biblioteek.
- ROBINSON, A.M.L. Catalogue of theses and disser-
tations accepted for degrees by the South African
universities, 1918 - 1941. Cape Town, the
author, 1943.
- SEARY, E.R. A biographical and bibliographical
record of South African literature in English.
Grahamstown, 1938.

SPOHR, O.H. German Africana; German publications on South- and South West Africa. Pretoria, State Library, 1968.

SUID-AFRIKAANSE katalogus 1900 - 1942. Redakteur: N.S. Coetzee. Stellenbosch, 1943.
- 3e uitgawe 1900 - 1947. Johannesburg, 1948.
- 4e uitgawe 1900 - 1950. Johannesburg, 1950.

SUID-AFRIKAANSE nasionale bibliografie. Pretoria, Staatsbiblioteek, 1960 - 1974.

THEAL, G.M. Catalogue of books and pamphlets relating to Africa South of the Zambesi. Cape Town, Cape Times, 1912.

THOMPSON, L. Southern African history before 1900: A select bibliography of articles. Stanford, Calif., Hoover Institution press, 1971.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. Parlementsbiblioteek. Gids tot die publikasies in en oor Afrikaans. Pretoria, Staatsdrukker, 1934.

Nadat die basiese lys opgestel is, is elkeen van die werke wat daarin opgeneem is, gehanteer om vas te stel watter inligting dit in verband met Potchefstroom bevat. Omdat al die publikasies nie op Potchefstroom beskikbaar is nie, en omdat baie daarvan in Africana-versamelings opgeneem is en gevolglik nie op interbiblioteeklening verkrygbaar was nie, is

persoonlike besoeke aan verskillende biblioteke gebring om die werke daar te raadpleeg. Tydens hierdie besoeke is die katalogi van die betrokke biblioteke nagegaan om die basiese lys aan te vul, en die literatuuropgawes in baie van die geraadpleegde bronne het dikwels na publikasies verwys wat nog nie in die basiese soeklys opgeneem was nie.

Daar het gedurende die vorige eeu etlike artikels oor die onderwerp in Europese tydskrifte, waarvan daar geen eksemplare in Suid-Afrika beskikbaar is nie, verskyn. Fotokopieë van hierdie artikels is op interbiblioteeklening van oorsee verkry en sal na voltooiing van die studie aan die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis oorhandig word vir bewaring.

1.4 Samestelling van die bibliografie

Die bibliografie bestaan uit vier afdelings:

- 'n Algemene bibliografiese oorsig
- 'n Alfabetiese onderwerpsbibliografie
- 'n Onderwerpsindeks tot die annotasies
- 'n Outeursindeks

1.4.1 Algemene bibliografiese oorsig

In die algemene inleidende oorsig oor die literatuur oor Potchefstroom is daar nie 'n poging aangewend om die gegewens wat in die bibliografie opgeneem is, te herhaal nie, maar eerder om op die ooglopende leemtes

te wys. Die bedoeling hiermee is dat dit moontlik as riglyn kan dien waardeur toekomstige navorsers temas vir studie kan kies om hierdie gapings op te vul.

1.4.2 Alfabetiese onderwerpsbibliografie

Inskrywings in die bibliografie is alfabeties gerangskik onder breë onderwerpshoofde, wat ook in alfabetiese volgorde is. 'n Lys van die onderwerpshoofde word in die inhoudsopgawe verstrekk. Elke inskrywing is genommer en wanneer daar vir die tweede keer in die bibliografie na dieselfde publikasie verwys word, word slegs die naam van die outeur, die titel en die vorige inskrywingsnommer verskaf. Die bladsynommers by elke inskrywing verwys na die bladsy in die publikasie waarop daar inligting oor die onderwerp voorkom.

In die annotasies word die inligting wat elke publikasie oor Potchefstroom bevat, kortliks beskryf. In gevalle waar verskillende publikasies inligting oor dieselfde onderwerp bevat, of waar inligting oor dieselfde saak verskil, is in die annotasie na die ander bron wat oor dieselfde saak handel, verwys.

1.4.3 Onderwerpsindeks tot die annotasies

Die syfers in die onderwerpsindeks verwys na die inskrywingsnommers in die onderwerpsbibliografie en

nie na bladsynommers nie. Sake wat in die annotasies genoem word (mense, plekke, dinge) is in die indeks opgeneem.

1.4.4 Outeursindeks

Alle publikasies wat in die bibliografie opgeneem is, is in alfabetiese volgorde in die outeursindeks te vinde met verwysings na die inskrywingsnommers. Wanneer die outeur van 'n publikasie nie bekend was nie, is dit onder die titel in die alfabetiese volgorde van die outeursindeks ingeskryf. Slegs die outeur en titel van elke publikasie word in die indeks verskaf, en vir volledige bibliografiese gegewens moet daar na die bibliografie verwys word.

1.5 Bedankings

'n Ad hoc-toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing met die oog op die afhandeling van hierdie studie word hiermee met dank erken.

Ek wil ook my dank betuig aan die personeel van die verskillende biblioteke wat my toegelaat het om publikasies in hulle versamelings te raadpleeg en wat studiefasiliteite tot my beskikking gestel het.

Prof. P.J. Schutte het as promotor aan my voortdurend waardevolle leiding en besielende ondersteuning verskaf. Ek is hom hiervoor opreg dankbaar.

Dan is daar hulle, sonder wie hierdie werk nie voltooi kon word nie, wat met liefde, vriendskap en ondersteuning en deur hulle opregte belangstelling die nodige bemoediging vir die afhandeling van die studie verskaf het. Aan hulle almal my opregte dank.

2. OORSIG OOR DIE LITERATUUR OOR POTCHEFSTROOM

2.1 Geskrifte van die Voortrekkers

Dit was nog altyd in die geskiedenis so dat waar 'n beskawing posgevat het en 'n gemeenskap gevorm is, daar spoedig 'n skriftelike neerslag van dokumentêre getuienis daaroor ontstaan het. So het dit dan ook gebeur toe die Voortrekkers van Andries Hendrik Potgieter hulle in 1838 langs die Mooirivier kom vestig en hier 'n dorp gestig het, dat daar spoedig reisigers gekom het wat hulle woonplek en aktiwiteite waargeneem en beskryf het. Ongelukkig was die inwoners self te besig om vir hulle 'n woonplek te ontwikkel en het niemand onder hulle daaraan gedink om hulle ervarings te boekstaaf nie, en daarom is die getuienis oor die beginjare maar skraal.

Gelukkig het daar enkele dokumente uit hierdie tydperk behoue gebly en vanweë hulle historiese belang hulle weg na gepubliseerde bronne gevind. Daar bestaan byvoorbeeld 'n brief van Potgieter waarin hy sy voorneme om hom noord van die Vaalrivier te gaan vestig, bekend maak (nr. 328 in die Bibliografie). Van 1844 af is daar belangrike getuienis oor die geskiedenis van die dorp in die notules van die Volksraad opgeteken (335), wat as primêre bron van inligting beskou kan word. Ook in die herinneringe van van die Voortrekkers self, soos aangeteken en gepubliseer deur Gustav Preller in sy *Voortrekker-mense* (327) is daar sydelingse verwysings na die aanleg van die dorp. Ongelukkig was dit hier weereens die

geval dat die betrokkenes die bestaan van hulle dorp so vanselfsprekend beskou het, dat hulle nie die moeite gedoen het om die beginjare daarvan in detail te beskryf nie.

2.2 Die vroeë reisigers en hulle publikasies

Dit was eers die reisigers na die binneland wat meer opmerkzaamheid aan die dag gelê het en in hulle geskrifte 'n vollediger beeld verskaf het. Gelukkig het Potchefstroom van die begin af vanweë sy geografiese posisie en sy belangrikheid as handelsentrum baie van hierdie ontdekkingsreisigers en jagters gelok en was 'n tog na hierdie dele van die land en na die Noorde feitlik ondenkbaar sonder dat daar op die dorp aangedoen is om voorrade te bekom. Hierdie toestand het selfs voortgeduur tot na die stigting van Pretoria en die verskuiwing van die hoofstad daarheen.

Soos dit gewoonlik in 'n nuwe land gaan, het ook die binneland van Suid-Afrika avonturiers van verskillende nasionaliteite gelok en is hulle beskrywings in verskillende lande gepubliseer. Die Transvaal, en ook Potchefstroom, het spoedig op hierdie wyse in 'n groot deel van die Westerse wêreld bekendheid verwerf. Die eerste binnelandse reisiger wat in sy reisbeskrywing inligting oor die dorp verskaf, is die Fransman M.A. Delegorgue (499) wat Potchefstroom in 1840 besoek, nadat hy reeds tydens sy verblyf in Natal met die Voortrekkers kennis gemaak het. Omdat hier,

slegs ongeveer twee jaar na die stigting van die dorp, seker nog min te sien was, beskryf hy slegs die oorsprong van die naam Potchefstroom en gee hy geen inligting oor die dorp self nie.

Ongeveer 'n jaar later, in 1841, daag die Sweed Johan August Wahlberg hier op nadat hy in Natal noue kontak met Delegorgue gehad het. Inligting aangaande sy besoek het oorspronklik in 1910 in 'n tydskrifartikel in *Ymer* (Stockholm) verskyn en in 1950 is dit in Suid-Afrika herdruk (303). Ook Wahlberg beskryf nie die dorp nie, maar meld net dat hy die Boere by die Mooirivier besig gevind het om 'n dorp, Potchefstroom of Mooirivierdorp, te bou.

Die volgende besoeker was 'n Engelse predikant, J. Bennie, wat van Grahamstad na Transvaal gereis het. Die manuskrip van sy reisbeskrywing is eers in 1956 gepubliseer aan die hand van die oorspronklike dokument wat in die biblioteek van die Universiteit van Fort Hare is (25). Bennie het 21 dae in Potchefstroom vertoef, maar beskryf slegs die omgewing met die verwoeste Bantoestatte en volop wild.

Vir enkele jare hierna is daar nie rekord van belangrike besoekers nie, totdat die bekende reisigers van die tweede helfte van die negentiende eeu, soos Thomas Baines en James Chapman, aktief geraak het in die binneland, met Potchefstroom as hulle basis. Chapman het hom in 1850 op die dorp gevestig as die eerste Engelse handelaar in Transvaal en het talle jagtogte vanaf Potchefstroom onderneem. Die belang-

rikheid van die reisbeskrywings van hierdie mense word beklemtoon in 'n vroeë skoolboek deur H. Hall, *Manual of South African geography* (57), waarin die skrywer meld dat daar nog baie min gegewens oor die Transvaal beskikbaar is, maar dat "a forthcoming work by Mr. Chapman, who has travelled much in this region, may probably supply the deficiency" (p. 55). Chapman se boek het in 1868 verskyn (34).

Dat die ou Transvaalse Boere maar bra skepties gestaan het teenoor die vreemdelinge blyk duidelik uit hierdie reisigers se werke. Hulle was nie gretig om 'n Engelse handelaar, James Chapman, te aanvaar nie en Thomas Baines word voëlvry verklaar omdat hy 'n sekstant vir sy opmetings gebruik het. Gelukkig is hierdie soort probleme bygelê en kon die reisigers 'n groot bydrae lewer tot die ontwikkeling van die binneland, en dien hulle literêre nalatenskap as bron van inligting oor die geskiedenis van daardie tyd. In sy geskifte lê Baines dieselfde sprankelende lewendigheid aan die dag as wat daar uit sy skilderye, waarvoor hy miskien meer beroemd is, spreek, en beide in sy *Journal of residence in Africa, 1842 - 1843* (19) en *The gold regions of South Eastern Africa* (18) is daar pragtige realistiese beskywing van die dorp en sy mense.

Terwyl die reisigers die onbekende binneland verken het om sy moontlikhede te bepaal, was die Boere hier besig om 'n ordelike staat te skep, hoewel hulle pogings dikwels vir die buitelanders onbeholpe en lagwekkend voorgekom het. Wat hier gebeur het, het ook begin om deur middel van die besoekers sy weg te

vind na die Britse en Europese tydskrifpers. So beskryf J. Sanderson byvoorbeeld sy binnelandse tog van 1851 tot 1852 in die *Journal of the Royal Geographic Society* (105). Tydens sy besoek aan Potchefstroom het die Boere pas teruggekom van die Sandrivier-vergadering en kon hy die feesvierings gadeslaan en M.W. Pretorius se toespraak by die geleentheid aanhoor.

Van die volledigste beskrywings uit hierdie tydperk is dié van Jacobus Stuart in *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika* (114) wat die dorp in 1852 besoek het. Stuart is onder andere een van die min skrywers wat inligting verskaf in verband met die verblyf van die weduwee van Piet Retief in Potchefstroom, wat later hier oorlede en begrawe is. Dit is 'n interessante sameloop van gebeure dat in dieselfde jaar waarin Stuart vir mev. Retief besoek, John Henry Davis goud in Transvaal ontdek en die monsters na Potchefstroom bring. Dit is asof die Voortrekkerera hiermee afgesluit word en die Transvaal nou op die weg van 'n ekonomies selfstandige staat geplaas word. Die toneel sou nou vir die volgende aantal jare in meerdere mate deur die goudstormloop oorheers word, en hierdie gebeure word duidelik weerspieël in die publikasies wat verskyn.

2.3 Die latere reisigers

In die tweede helfte van die negentiende eeu, met die oprigting van hotelle en die voorsiening van

georganiseerde vervoergeriewe, ontstaan die kern van 'n toeristebedryf in Transvaal en verskyn daar werke van skrywers wat die land met vakansie, om te jag of om gesondheidsredes besoek het. Afgesien van hierdie toeriste, het daar ook talle publikasies van besoekers wat in verband met hulle werk of vir 'n spesifieke doel hierheen gekom het, verskyn.

In 1870 besoek Eduard Mohr Potchefstroom op pad na die Victoriavalle en ontmoet onder andere vir Thomas Baines hier. Mohr se werk, *To the Victoria Falls of the Zambesi* (82) bevat 'n pragtige beskrywing van die dorp. Op sy hakke volg 'n Tsjeg, Emil Holub, in 1873 met sy *Sieben Jahre in Süd-Afrika* (62).

Gedurende die jaar 1877 het 'n paar merkwaardige besoekers op die dorp aangedoen in die persone van die beroemde Engelse historikus en rektor van St. Andrews College, James Anthony Froude (47), en Anthony Trollope, die bekende Engelse skrywer. Veral die stuk van Trollope in sy werk *South Africa* (120) is een van die mooiste beskrywings wat ooit van die dorp gepubliseer is. Maar in dieselfde jaar kom hier 'n Engelse tuinier, William Nelson, aan, wat in liriese taal oor die skoonheid van die plantegroei in die dorp aan sy familie in Engeland skryf. Sy briewe is in *The Masbro Advertiser* gepubliseer en byna honderd jaar later weer in Suid-Afrika herdruk (86).

Onder die besoekers van die laaste gedeelte van die negentiende eeu, was manne soos John X. Merriman, K.F. Bellairs (wat in 1889 in 62 dae van Londen na

Johannesburg en terug gereis het), Lord Randolph Churchill, H.P.N. Muller, die Hollandse sakeman, en Sir A.T. Cunynghame. Hulle almal het in hulle geskrifte een of ander bydrae gelewer tot die kennis van die dorp in die vorige eeu.

Sedert die begin van die twintigste eeu was 'n besoek aan Potchefstroom 'n meer alledaagse gebeurtenis en vind ons slegs enkele verwysings na die dorp in reisbeskrywings. Tog kom daar die name voor van mense soos Sir H. Mortimer Durand (40), die bekende Nederlandse teoloog, prof. H.H. Kuyper (66), Prins George van Engeland (46), H.V. Morton (83) en die Hollandse digter, Anthonie Donker (153).

2.4 Geskiedskrywing oor Potchefstroom

Reeds vroeg nadat die eerste besoekers hulle eerste-handse indrukke van die dorp gepubliseer het, begin daar verwysings na die geskiedenis van die dorp in algemene geskiedenisboeke verskyn. Hierdie inligting in sekondêre bronne was egter uiters fragmentaries en dit was eers in 1919 dat ds. M.L. Fick 'n poging aangewend het om die geskiedenis van die dorp op skrif te stel in 'n kort werkjie van 32 bladsye, getiteld *Iets uit de oude geschiedenis van Potchefstroom* (44). Uit die aard van sy beperkte omvang is hierdie werkjie onvolledig en omdat baie van die gegewens op hoorsê berus, bevat dit baie onjuisthede, maar tog is dit belangrik omdat dit die eerste poging was om die geskiedenis van die dorp in 'n afsonderlike

publikasie te beskryf.

In 1920 volg 'n inwoner van die dorp, A.J. van der Walt, met 'n verdere poging in hierdie rigting wanneer hy 'n hoofstuk van sewentig bladsye in sy werk *Vastrappers of volkstiepe* (142) aan die geskiedenis van die dorp wy. Ook hierdie stuk bevat nuttige inligting, hoewel dit onsistematies aangebied is en op hoorsê berus.

In 1938 verskyn daar tydens die eeufees van die dorp die eerste omvattende werk oor die geskiedenis van die dorp, *Potchefstroom 1838 - 1938* (178), uitgegee deur die Stadsraad. Die werk is deur verskillende skrywers geskryf en handel oor die geskiedenis van die dorp self, die onderwys en die handelslewe en kan as 'n basiese naslaanbron oor die onderwerp beskou word. Die ernstigste leemte is dat die skrywers op daardie tydstip miskien nie van al die bronne met inligting oor die dorp bewus was nie of nie altyd die beste bronne gebruik het nie. 'n Hersiening van hierdie algemene werk sou op hierdie stadium gewens wees, terwyl dit aangevul kan word met gespesialiseerde studies van bepaalde aspekte van die geskiedenis.

In 1939 verskyn daar 'n meer populêre werk oor die geskiedenis van die dorp, *A century of history; the story of Potchefstroom* (309), deur die latere bekende Engelse romanskrywer, Geoffrey Jenkins. Die publikasie van hierdie werk is merkwaardig as dit in ag geneem word dat die skrywer op daardie stadium 'n 17-jarige skoolseun aan die Potchefstroom High School for Boys

was. Hoewel dit nie so volledig is as die bogenoemde werk nie, is die feite betroubaar en in 'n vloeiend leesbare styl aangebied.

Die verhandeling, *Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838 - 1881* (305), wat D.J.P. Haasbroek in 1955 by die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. ingedien het ter verkryging van die M.A.-graad, dien as belangrike aanvulling tot bogenoemde twee werke. Die verdienste van die werk is veral die feit dat die skrywer 'n deeglike studie van die toepaslike argiefmateriaal gemaak het en die werk vul die inligting wat uit gepubliseerde bronne verkry kan word goed aan.

Twee werke wat belangrike historiese feite aangaande Potchefstroom verskaf, al handel hulle nie spesifiek oor die onderwerp nie, is prof. A.N. Pelzer se *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel 1: Wordingsjare* (323) en prof. F.J. Potgieter se *Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837 - 1886), met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing* (326).

Hoewel die gebruik van die genoemde bronne alreeds 'n redelik volledige beeld van die dorp se geskiedenis kan verskaf, is daar egter etlike aspekte waaroor daar nog nooit eenstemmigheid verkry is nie. As voorbeeld kan die verskillende teorieë oor die herkoms van die naam Potchefstroom geneem word. In die bibliografie word daar na meer as twintig bronne verwys waarin daar getrag word om die herkoms van die naam te verklaar. Van al hierdie bronne is die genoemde

verhandeling van Haasbroek die enigste wat probeer om die probleem wetenskaplik op te los, maar ten spyte van sy poging word nog algemeen aanvaar dat die dorp na die heldefiguur van Potgieter, en nie na 'n eenvoudige potskerf (of "potscherf") nie, vernoem is.

2.5 Bronne oor bepaalde aspekte van die dorp en sy geskiedenis

Waar dit die doel van hierdie studie was om die beskikbare gepubliseerde bronne oor Potchefstroom te versamel en te ontsluit, het dit spoedig duidelik geword dat daar talle belangrike aspekte is, waaroor die laaste woord nog nie gesê is nie en waarvan die volledige en werklike feite nog nie aangeteken is nie. Dit is nie die bedoeling om die inligting wat in die bibliografie opgeneem is, te herhaal nie, maar dit is tog nodig om aandag aan sekere onderwerpe te skenk, veral met die doel om leemtes ten opsigte van die beskikbare inligting aan te dui.

2.5.1 Kerke

As die eerste dorp in die Transvaal het Potchefstroom reeds in die beginjare as kerklike sentrum gedien, en die talle publikasies oor hierdie onderwerp beklemtoon die belangrike rol wat die dorp in die geskiedenis van die Afrikaanse, Engelse en Duitse kerke in Transvaal gespeel het. Gegewens oor die geskiedenis van die verskillende kerke op Potchefstroom is dan

ook redelik maklik bekombaar. Die belangrikste leemte in hierdie verband is studies oor die lewe, werk en betekenis van individuele predikante en die rol wat hulle in die geskiedenis van die gemeenskap gespeel het. 'n Ander aspek van die kerklike lewe waaroor daar nie genoegsame inligting beskikbaar is nie, is die geskiedenis van sendingwerk in Potchefstroom.

2.5.2 Onderwys

Waar Potchefstroom in die negentiende eeu 'n belangrike handelsentrum was, het dit in die twintigste eeu ontwikkel tot 'n alombekende onderwyssentrum met sy universiteit, onderwyskollege, landboukollege en talle skole. Die lang beskrywing van prof. J.Chr. Coetzee in *Potchefstroom 1838 - 1938* is die basiese bron van inligting oor die geskiedenis van die onderwys tot 1938. Oor verskillende onderwysinrigtings het daar afsonderlike publikasies verskyn, soos prof. J.S. du Plessis se *In U lig; 'n geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, 1921 - 1951* (566) wat tot 1969 aangevul word deur prof. G.C.P. van der Vyver se *My erfenis is vir my mooi* (579). Omdat die laasgenoemde werk as gedenkboek tydens die Universiteit en Teologiese Skool se eeufees uitgegee is, is die inligting daarin van 'n meer algemene aard. Daar bestaan dus 'n behoefte daaraan dat prof. Du Plessis se werk in dieselfde styl en wyse van aanbieding as sy oorspronklike publikasie bygewerk behoort te word om die geskiedskrywing oor die

Universiteit op datum te hou.

Oor die Onderwyskollege het daar tydens sy half-eeufeesviering in 1969 'n werk deur P. Pretorius, *P.O.K. 50 jaar* (523) verskyn, terwyl daar vir inligting oor die Landboukollege hoofsaaklik van losstaande tydskrifartikels gebruik gemaak moet word. Daar bestaan dus 'n behoefte aan vollediger inligting oor die geskiedenis van hierdie twee inrigtings en ook oor die geskiedenis van individuele skole.

2.5.3 Politieke ontwikkeling en munisipale bestuur

In talle geskiedkundige werke word na die belangrike rol van Potchefstroom in die staatkundige ontwikkeling van die Zuid-Afrikaansche Republiek verwys. D.J.P. Haasbroek beskryf byvoorbeeld in 'n tydskrifartikel, *Potchefstroom se status en verhouding tot die res van die Voortrekkergemeenskap* (306), die rol wat die dorp in die Transvaalse geskiedenis gespeel het en hoedat daar pogings aangewend is om die hoofstad weer terug te verskuif van Pretoria na Potchefstroom.

In 1856 is die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek op Potchefstroom opgestel en is die Transvaalse vlag, die Vierkleur, hier ontwerp. Die onsekerheid oor wie die ontwerper van die Vierkleur was, is 'n tipiese voorbeeld van hoedat daar in verband met historiese feite rondgetas kan word omdat die bronne van inligting nie bekend en behoorlik ontsluit is nie.

Die reeds genoemde algemene geskiedskrywings oor die dorp verskaf wel inligting oor die munisipale ontwikkeling van Potchefstroom, maar 'n afsonderlike studie oor hierdie onderwerp sou baie nuttig wees.

2.5.4 Handel en ekonomie

As gevolg van die belangrikheid van die dorp as handelsentrum gedurende die vorige eeu, is daar in verskillende publikasies na hierdie aspek verwys. In *Potchefstroom 1838 - 1938* gee E.H. Jenkins 'n oorsig oor die handelsgeskiedenis van die dorp, maar hoewel dit nuttige inligting verskaf, is hierdie stuk baie onvolledig. Verdere inligting kan wel vanuit die kontemporêre bronne wat in die bibliografie opgeneem is, verkry word, maar vir 'n volledige studie van hierdie onderwerp sal daar veral van argiefmateriaal en koerantberigte gebruik gemaak moet word.

'n Baie interessante onderwerp wat hom leen tot verdere studie is die rol wat Potchefstroom gespeel het in die ontwikkeling van die goudvelde in Suidelike Afrika, want vanaf die besoeke van John Henry Davis in 1852 het Potchefstroomers daadwerklik belang gestel in die prospekterwerk vir goud. Die Potchefstroom Pioneer Party was byvoorbeeld die eerste groep prospekterders om die Tati-goudveld te bereik (370) en met die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die dorp aanvanklik 'n sleutelrol vervul, veral vanweë sy strategiese posisie op die pad van Kimberley na Johannesburg.

2.5.5 Die perswese

'n Volledige geskiedenis van die drukpers en koerantwese in Potchefstroom moet nog geskryf word, want hier is die eerste kommersiële drukpers in Transvaal gevestig en is die eerste koerant uitgegee. Deur die jare, maar veral in die vorige eeu, het die opeenvolgende Potchefstroomse koerante waarskynlik veel bygedra tot die vorming van die openbare mening in die Transvaal, en plaaslike uitgewers het 'n besliste aandeel gehad aan die ontwikkeling van die Afrikaanse taal met die publikasies wat hier verskyn het.

2.5.6 Die Eerste Vryheidsoorlog

In die bibliografie word na meer as sewentig publikasies waarin daar oor die Eerste Vryheidsoorlog gehandel word, verwys. Die beleg van die Engelse fort vir vyf-en-negentig dae het 'n romantiese kleur aan die gebeure op die dorp verleen, wat miskien bygedra het tot die aandag wat daar in publikasies uit daardie tyd aan die verloop van die gevegte op Potchefstroom gegee is. Hoewel daar dus nie 'n gebrek aan inligting oor die gevegte op Potchefstroom is nie, sou 'n standaardwerk oor hierdie onderwerp veel daartoe bydra om die verskillende weergawes saam te vat en te interpreteer.

2.5.7 Persoonlikhede

Hoewel daar reeds inligting oor toonaangewende persoonlikhede uit Potchefstroom gepubliseer is, bestaan daar 'n behoefte aan die ontsluiting van hierdie inligting. Omdat biografiese inligting dikwels in koerante verskyn, sal 'n indeks tot hierdie gegewens in plaaslike koerante allerweë verwelkom word. As gevolg van die mikroverfilmingsprojek van die Staatsbiblioteek behoort alle beskikbare plaaslike koerante binne afsienbare tyd in Potchefstroom beskikbaar te wees en sal derglike biografiese inligting redelik maklik met behulp van 'n biografiese indeks toeganklik wees.

In hierdie verband kan terloops opgemerk word dat 'n studie van die lewe en werk van die kleurryke Chevalier O.W.A. Forssman baie interessante gegewens aan die lig sal bring.

2.6 Gevolgtrekking

In die voorgaande kort oorsig is slegs na enkele leemtes in die beskikbare literatuur oor Potchefstroom verwys, om as voorbeelde te dien van watter interessante studievelds daar nog vir die belangstellende in plaaslike geskiedenis braak lê. In die bestek van 137 jaar het daar in 'n dorp soos Potchefstroom soveel gebeur en is daar so baie tot stand gebring dat daar nog talle onderwerpe bygevoeg kan word.

Daarby moet dit in gedagte gehou word dat in hierdie studie slegs met dié inligting wat in gepubliseerde boeke en tydskrifte opgeneem is, gehandel is, en dat daar waarskynlik nog meer inligting in koerante en argivale bronne opgesluit lê. Die ontginning en ontsluiting hiervan sal nog jare van arbeid verg. Waarskynlik is daar ook belangrike inligting wat nog nooit aangeteken is nie en wat slegs in die geheues van inwoners bestaan. Dink maar aan die talle interessante staaltjies in verband met ou geboue wat nooit geboekstaaf is nie.

Indien die versameling van plaaslike geskiedenis deur die inwoners van 'n dorp as belangrik genoeg geag word, behoort daar daadwerklike pogings aangewend te word om leemtes in die beskikbare inligting aan te vul. Om hierdie rede moet die onlangse stigting van die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis deur die Potchefstroomse Universiteit verwelkom word, want hierdie inrigting kan 'n daadwerklike bydrae lewer tot die versameling, bewaring en ontsluiting van inligting oor Potchefstroom.

3. ALFABETIESE ONDERWERPSBIBLIOGRAFIE

AARDRYKSKUNDE

- 1 AYLWARD, A. Dutch South Africa; its hydrography, mineral wealth and mercantile possibilities. *Journal of the American Geographical Society* 15: 1 - 44, 1883, p. 22.
Beweer dat die riviere wat in die Vaalrivier vloei min en onbelangrik is, en "the principal of them being the Mooi or beautiful river, which waters the town of Potchefstroom, and is so delightfully easy of access everywhere as to be useful for irrigation, being fitted to be led out, at any and every part of its course".

- 2 VAN DER MERWE, J.S. Die topografiese vorme vertoon deur die rotse van die Potchefstroomse distrik en hulle verhouding tot die struktuur. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1938.
'n Wetenskaplike verhandeling oor die verskillende topografiese vorme van rotse in die Potchefstroomse distrik.

BANKWESE (kyk ook Handel)

- 3 **AMPHLETT, George Thomas.** **History of the Standard Bank of South Africa Ltd., 1862 - 1913.** Glasgow, printed at the University Press by Robert Maclehouse and co. ltd., 1914. p. 45, 81 - 82.

Bevat inligting oor die stigting van 'n tak van die Bank te Potchefstroom kort na 16 Mei 1877 (p. 45). Beskryf die gebeurtenisse gedurende die Eerste Vryheidsoorlog toe die personeel van die Standard Bank aangehou het om diens te lewer, terwyl dié van die Cape Commercial Bank hulle poste ontruim het en deur die Boere daaroor verkwalik is. Al skade wat die Standard Bank as gevolg van die oorlog gely het, was £240 wat gekommandeer is. Die bestuurder van die Bank, Wm. Smart, is deur die Boere gearresteer vir hoogverraad omdat hy nie 'n tjek vir £1000 aan die Boeremagte wou wissel nie, maar nadat skriftelike waarborge gelewer is, is die geld wel voorsien en Smart losgelaat.

- 4 **BARCLAYS BANK, D.C.O.** **A banking centenary; Barclays Bank (Dominium, Colonial and Overseas) 1836 - 1936.** (Plymouth, The Mayflower press) (1938) p. 120.

Verwysing na die stigting van 'n tak van die Bank in 1892 te Potchefstroom (p. 120).

- 5 HENRY, J.A. Die eerste honderd jaar van die Standard Bank. Kaapstad, Oxford University Press, 1963. p. 51, 56, 60, 251.

Verskil van AMPHLETT, G.T. (kyk 3) oor die datum waarop die tak van die Bank op Potchefstroom gestig is, want volgens hierdie werk is die eerste tak in Transvaal op 2 Mei 1877 hier geopen en twee weke later dié te Pretoria. Verwys ook na die gebeure tydens die Eerste Vryheidsoorlog en die arrestasie van Wm. Smart (vgl. 3 AMPHLETT, G.T. *History of the Standard Bank*, p. 81 - 82). In 1882 is die pos van Tesourier-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek aan die bestuurder van die Bank op Potchefstroom, mnr. J. Langermann (later Sir John Langermann, die bekende mynmag-naat), aangebied, maar hy het dit nie aanvaar nie (p. 60).

BANTOEBEVOLKING

- 6 AGAR-HAMILTON, J.A.I. The road to the North; South Africa, 1852 - 1886. London, Longmans, 1937. p. 13, 16, 29, 37, 43, 67, 69, 77, 87, 121, 162, 179.

Beskryf die vestiging van Bantoestamme in die omgewing van Potchefstroom na die koms van die Boere in 1838.

- 7 CHESSON, F.W. The Dutch Boers and slavery in the Transvaal Republic. London, W. Tweedie, 1869, p. 17, 21, 27 - 28.

Beskryf die dorp in die algemeen en verwys dan na 'n brief van G.W. Steyn van Haaskraal gedateer 13 Maart 1866 en 'n openbare vergadering te Potchefstroom in verband met slawerny in die Republiek.

- 8 CHESSON, F.W. The Dutch Republics of South Africa. London, W. Tweedie, 1871. p. 41. Herhaal die inligting wat reeds in sy "The Dutch Boers and slavery" (kyk 7) opgeneem is en verwys na die beskrywing deur G.W. Steyn van 'n wawrag Bantoekinders uit Soutpansberg wat op Potchefstroom te koop aangebied is.

- 9 HUET, P. Het lot der Zwartten in Transvaal; mededeelingen omtrent de slavernij en wreedheden in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Utrecht, J.H. van Peurse, 1869. p. 78, 81, 126.

Huet was 'n predikant uit Kaapland wat die Transvaal deurreis het om ondersoek in te stel na die behandeling wat die Bantoebevolking van die Boere ontvang het. Hy skryf op 26 Desember 1865 te Potchefstroom: "Het was op den avond van den 30sten November, dat de tijding hier werd gebracht, dat een paar wagens waren aangekomen met een aantal kinderen uit Zoutpansberg, die te koop zouden aangeboden worden" (p. 78). Ds. D. van der Hoff en eerw. Jeffreys maak hieroor beswaar by "Prokureur Generaal J. Munnich", maar die "slavehandelaar", Karel Smit, het die nodige magtigingsdokumente gehad en landdros Piet Pretorius bepaal dat die verkoping wettig is. Volgens Huet is die kinders verkoop teen £15 stuk. Beskryf verder die sendingwerk van F. Weyers onder die Bantoes, ten spyte van die teenkanting van ds. Van der Hoff en die Kerkraad. Later het die "vroome Kaffer", Dawid vir sy mede-Bantoes gepreek en die weg gebaan vir die Wesleyaanse sendeling, eerw. Ludorff (p. 81). Verwys na 'n spesiale vergadering te Potchefstroom waarop o.a. eerw. Ludorff, mnre. Evans, J.C. Steyn, J.H. Roselt, J. Taljaard en Robinson beswaar maak teen die sogenaamde slawerny in Transvaal (p. 126).

- 10 KISTNER, W. The anti-slavery agitation against the Transvaal Republic, 1852 - 1868. (In Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jg. 15, dl. 2, p. 193 - 278, 1952. Kaapstad, Staatsdrukker, 1953.) p. 225, 229, 234, 254, 267, 270.

Bevat verwysings na Potchefstroom in verband met die sogenaamde inboekstelsel van Bantoes en beweerde slawehandel.

- 11 NAUDÉ, F.A. Die sosio-ekonomiese leefwyse van Bantoe-onderwysers; 'n studie in akkulturasie ten opsigte van die onderwysers van die Bantoeoord, Ikageng, Potchefstroom. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1968.

'n Studie van die agtergrond van Bantoe-onderwysers in Potchefstroom met verwysing na hulle opvattinge en gebruike ten opsigte van o.a. verlowing, huwelik, huisvesting, vervoer, voedsel, drank, kleding, opvoeding, ontspanning en kerk- en ander organisasies.

- 12 OPPERMAN, J.H. Stedelike Bantoe-tuislandskakeling met die Wes-Transvaalse streeksvestigingsgebied, met besondere verwysing na die rol van Potchefstroom. M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1971.

Verwys veral na die skakeling wat van owerheidsweë bewerkstellig word tussen stedelike Bantoes in Potchefstroom en die tuislande.

- 13 RIEKERT, P.J. Bantoe-administrasie in
Potchefstroom. M.A.-verhandeling, P.U.
vir C.H.O., 1964.

Beskryf die administratiewe raamwerk vir die
beheer van Bantoes, woongebiede, finansies,
sosiaal-opvoedkundige dienste, ens. in
Potchefstroom.

- 14 SMITHERS, *Mev.* Elsa (Dietrich). March hare; the
autobiography of Elsa Smithers. London,
Oxford University press, 1935. p. 28.

Beweer dat haar moeder in 1864 tydens 'n besoek
aan Potchefstroom 'n wa vol Bantoe kinders gesien
het met wie daar as slawe gesmous is.

BESKRYWING VAN DIE DORP

- 15 AGAR-HAMILTON, J.A.I. A Transvaal jubilee; being a history of the Church of the Province of South Africa in the Transvaal. London, Society for promoting Christian Knowledge, 1928. p. 7.

Die werk bevat, naas sy beskrywing van die geskiedenis van die Kerk in Potchefstroom, 'n kort beskrywing van die dorp self (p. 7).

- 16 AITTON, D. Leerboek van de aardrykskunde van Zuid-Afrika, 2e druk. Kaapstad, H.A.U.M., 1910. p. 72 - 4.

Kort beskrywing van die dorp en distrik. Die werk is bedoel vir skoolgebruik in Transvaal en die Oranje-Vrystaat.

- 17 ANDERSON, A.A. Twenty-five years in a waggon in the gold regions of Africa. London, Chapman and Hall, 1887. vol. 1, p. 63 - 64.

Beskryf die dorp na aanleiding van 'n besoek hier op een van sy togte.

- 18 BAINES, T. The gold regions of South Eastern Africa. London, Edward Stanford, 1877. p. 17 - 18, 71 - 72.

Baines het Potchefstroom verskeie kere besoek

om voorrade aan te koop met die oog op sy togte na die binneland. In hierdie werk vertel hy hoedat die dorp in 1869 daar uitgesien het met sy reghoekige strate, watervore en talle bome, veral wilgers. Hy verwys ook na 'n vorige besoek in 1850 waartydens sy vriend Joseph Macabe met 400 riksdallders beboet is omdat hy 'n beskrywing van een van sy reise gepubliseer het en hyself "had the honour of being made 'Vogel Vrie' i.e. 'Free as a bird' (for any one to shoot at) for the crime of possessing, and being able to use, a sextant." Hy vertel dan verder dat die landmeter-generaal nie lank tevore nie onder die klippe gesteek is omdat hy 'n teodoliet in die strate van Potchefstroom gebruik het "instead of stepping off the distance like the Veld-Valkt (sic!) meester of good old times".

- 19 BAINES, T. Journal of residence in Africa, 1842 - 1853. Cape Town, Van Riebeeck Society, 1964. (Van Riebeeck-vereniging. Publikasie nr. 45) vol. 2, 1850 - 1853. p. 57 - 59, 69, 71, 72, 84 - 86, 93, 157 - 158.

In hierdie werk beskryf Baines sy vroeë besoeke aan Potchefstroom, waartydens hy onder andere vir James Chapman, wat ook bekendheid as ontdekkingsreisiger verwerf het, ontmoet. Volgens Baines was "Mooi River Dorp, a pretty little village with one street nearly a mile in length and

perhaps a dozen houses". Hy beskryf ook Joseph Macabe se probleme met die landdros van Potchefstroom, wat hom van spioenasie aankla omdat hy die roete van sy reis deur die Republiek in die *Grensblad* gepubliseer het. (Baines verwys later in sy *Gold regions of South Eastern Africa* weer na hierdie voorval.) Baines self word deur die Boere gejaag omdat hy 'n skets van die dorp gemaak het (p. 157 - 158). Baines se beskrywing is net so realisties as sy skilderye en tekeninge, waarvoor hy vandag nog, 'n honderd jaar na sy dood in 1875, beroemdheid geniet. Hy slaag daarin om die humor in menige situasie raak te sien.

- 20 BALDWIN, W.C. African hunting and adventure from Natal to the Zambesi, including Lake Ngami, the Kalahari Desert, etc. from 1852 to 1860. 3rd ed. London, Bentley, 1894. p. 135, 138.

Baldwin was nog een van die negentiende eeuse binnelandse reisigers wat Potchefstroom aangedoen het. Hy beskryf hoedat hy in 1857 tot naby "Mooi River Town" reis, een van sy osse daar vrek aan tulpe wat hy geëet het, en hy springbokke, blesbokke, wildebeeste en kwaggas jag. Op 9 Junie 1857 ontmoet hy president M.W. Pretorius en gee aan hom 'n geskenk van boeke en 'n intro-duksiebrief van dr. Kelly, die resident-magistraat van Kliprivier in Natal, af. Baldwin was veral getref deur die gasvryheid van die Boere.

- 21 BAMANG-WATO, *pseud.* To Ophir direct; or, the South African Gold Fields... and an account of the "Transvaal" or South African Republic, by "Bamang-Wato". London, Edward Stanford, 1868. p. 11.

Beklemtoon die belangrikheid van Potchefstroom vir rondtrekkende handelaars en prospekteerders om voorrade te bekom: "The supplies the trader or gold digger would require ere he could perform his journey, can at all times be procured in Potchefstroom".

- 22 BECKER, C.J. Guide to the Transvaal. Dublin, J. Dollard, 1878. p. 53, 174, 177, 178 - 181, 188 - 201.

Die werk bevat gidsinligting oor die verskillende dorpe van Transvaal en is van belang omdat dit van so 'n vroeë datum is. Hiervolgens was Potchefstroom op daardie stadium een van die digsbevolkte distrikte in Transvaal en 'n beskrywing van landboustoestande in die distrik word verskaf. Die dorp self is mooi geleë met goed bewerkte tuine en boorde, die handel floreer in die talle winkels en daaglikse mark, en dit beskik oor etlike kerke, 'n openbare biblioteek en handelsbanke. Die gidsinligting verskaf die name van staatsamptenare, predikante, lede van die skoolkommissie, privaatskole, dokters, pospersoneel, lede van die raad van die museum (kyk ook 489), bankbestuurders, lede van die Potchefstroom Board of Executors and Trust Co.,

Ltd., munisipaliteit en bestuurslede van die Vrymesselaarslosie, die "Flaming Star". Op p. 197 - 201 verskyn daar advertensies van besighede in Potchefstroom, waaronder dié van Read's Library (kyk ook 135).

- 23 BELL, W.H.S. Bygone days. London, Witherly, 1933. p. 127 - 129.

Bell verwys na 'n geleentheid waartydens hy per koets by die Royal Hotel in Potchefstroom aangedoen het en gee 'n kort beskrywing van die dorp. Nie baie gunstig nie en hy verwys na die modderige strate. (Kyk ook 388)

- 24 BELLAIRS, K.F. The Witwatersrandt Goldfields; a trip to Johannesburg and back. London, Chapman, (voorw. 1889) p. 32.

Bellairs het in 62 dae van Engeland na Johannesburg en terug gereis. Hy verwys na Potchefstroom as die enigste dorp tussen Kimberley en Johannesburg (behalwe Klerksdorp) en sê: "It is, we believe, the oldest city in the Transvaal, and at one time was the seat of Government: a quiet old Dutch place, with nothing to look at and nothing to do; a marketsquare, where everybody outspans; and a brand-new Stock Exchange, just finishing".

- 25 BENNIE, J. An account of a journey into Trans-
orania and the Potchefstroom-Winburg
Trekker Republic in 1843. Ed. by D.
Williams. Cape Town, Balkema, 1956.

Hierdie reisbeskrywing is in 1956 gepubliseer
vanaf die onvolledige manuskrip in die Howard
Pim-Biblioteek van die Universiteit van Fort
Hare. Naas die beskrywing van M.A. Delegorgue,
(499) wat Potchefstroom in 1840 besoek het, is
dié van Bennie een van die vroegstes. Ongelukkig
beskryf hy nie die dorp, waar hy 21 dae vertoef
het, self nie, maar wel die omgewing met sy ver-
woeste bantoestatte en volop wild.

- 26 BEIJER, J. Journaal gehouden van Reddersburg
(Oranje Vrijstaat) naar Rustenburg (Zuid-
Afrikaansch Republiek), door J. Beijer,
predikant der Gereformeerde Gemeente te
Reddersburg, Zuid-Afrika. Groningen, P.
Beijer, 1864. p. 14 - 15.

Beijer beskryf Potchefstroom as een van die
grootste dorpe in Suid-Afrika met volop water,
groot watererwe en mooi bome en tuine. Die
huise is "merendeels armoedig" en dit neem een
uur om deur die hoofstraat te gaan. (Kyk ook
373)

- 27 BLELOCH, W.E. The new South Africa; its value
and development. London, Heinemann, 1902.
p. 124, 147, 171.

Bleloch se beskrywing van die dorp is vertaal uit die *Staats-almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898*. Hy verwys kortliks verder na die ontdekking van koper in die distrik (kyk ook MINERALE) en na die feit dat tabak hier goed groei.

- 28 BLINK, H. Transvaal en omliggende lande. Amsterdam, J.H. de Bussy, 1889. p. 23, 69 - 71.

Verwys kortliks na die stigting van die dorp, landboumoontlikhede en gee dan 'n beskrywing van die dorp met sy besproeiingskanale.

- 29 BRITISH Association for the Advancement of Science. A guide to the Transvaal. Johannesburg, Johannesburg reception committee, (1905?) p. 125 - 129.

Die handboek is saamgestel met die doel om dit aan besoekende lede van die British Association for the Advancement of Science in 1905 as aan-denking te skenk. Dit gee 'n lang beskrywing van die dorp se geskiedenis en toestande teen 1904. Dit word beweer dat "Potchefstroom itself is so advanced, with its lovely residences, pretentious business establishments, and splendidly equipped hotels, that it must stand in the forefront of progressive up-country towns".

(p. 129). Verwys na die vistelery van die Transvaal Trout Acclimatization Society waar forelle geteel is om in die strome van Transvaal losgelaat te word. Die artikel bevat foto's van die regeringsgebou, St. Mary's Church, Kings Square en 'n drif in die Mooirivier. (p. 128 A en 129 B)

- 30 BRUCE, M.C. The new Transvaal. London, Alston Rivers, 1908. p. 43 - 49.

Die werk bevat 'n hoofstuk oor Potchefstroom met die titel "The old Dutch capital" en beskryf die dorp as "surely the simplest, quietest little village ever dignified by such a title" (p. 44). Bruce was baie beïndruk deur die pragtige wilgebome en die mooi rose voor die huise. Die huise is nog tipies in boerestyl, "one-storied, with high sloping roof and stoep all in one, covered with thatch, and buried amongst trees and luxuriant vegetation" (p. 46).

- 31 BULPIN, T.V. Discovering Southern Africa. Cape Town, Books of Africa, 1970. p. 477 - 479.

'n Algemene beskrywing van die dorp en sy geskiedenis.

- 32 BULPIN, T.V. The golden republic; the story of the South African Republic, from its

foundation until 1883. Cape Town, Timmins, 1953.

Bevat dieselfde gegewens oor Potchefstroom as *Lost trails of the Transvaal* (33) deur dieselfde skrywer.

- 33 BULPIN, T.V. *Lost trails of the Transvaal*. Johannesburg, Nelson, 1965. p. 60 - 61, 93, 112 - 114, 116, 119 - 121, 133, 135, 194, 202, 206 - 207.

Die werk bevat talle verwysings na Potchefstroom en sy rol in die geskiedenis van Transvaal. Hy verwys na die talle reisigers wat Potchefstroom aangedoen het, soos Eduard Mohr en Thomas Baines, en sê: "To all this company of wanderers Potchefstroom acted as the gateway, not only to adventure, but also back to civilization" (p. 120). (Kyk ook 189, 290, 345, 474, 619)

- 34 CHAPMAN, James. *Travels in the interior of South Africa*. London, Bell and Daldy, 1868. 2 vols. vol. 1, p. 8 - 13.

— *Travels in the interior of South Africa, 1849 - 1863...* edited from the original manuscripts by Edward Tabler. Cape Town, Balkema, 1971. 2 vols. (South African biographical and historical studies, no. 10) vol. 1, p. ix - x, 14.

In die uitgawe van 1868 beskryf Chapman sy verblyf in Potchefstroom. In die oorspronklike

manuskrip is daar egter meer gegewens oor die voorkoms van die dorp, die oorsprong van die naam Potchefstroom, handel, ens., en dit is opgeneem in die Balkema-uitgawe van 1971.

Chapman het in 1850 'n winkel hier geopen en talle jagtogte vanaf Potchefstroom onderneem.

- 35 CHILVERS, H.A. The seven wonders of Southern Africa. Johannesburg, By authority of the Administration of S.A.R. and H., 1929.
p. 61 - 2.

Kort beskrywing van die dorp en die stigting daarvan.

- 36 CHURCHILL, Lord Randolph. Men, mines and animals in South Africa. London, Sampson Low, 1892. p. 57.

Slegs 'n kort beskrywing van die dorp waarin dit blyk dat ook Lord Randolph getref is deur die groen bome en mooi tuine na sy reis deur die dorre Wes-Transvaal. Sy verblyf hier was blykbaar gerieflik, want hy sê: "Here a clean and comfortable hotel and an obliging host enabled us to forget the vexations and annoyances of Klerksdorp".

- 37 CUNYNGHAME, Sir A.T. My command in South Africa, 1874 - 1878, comprising experiences of travel in colonies of South Africa and the indepen-

dent states, 2nd ed. London, Macmillan, 1880. p. 274 - 280.

Hoofstuk 29 van die werk handel oor Potchefstroom. Cunyngname het by Chevalier Forssman tuisgegaan en beskryf sy eiendomme en besittings. Hy besoek kaptein Baillie se plaas van 10 000 akkers, waar hy onder andere perde teel, en beskryf 'n jagtog op ene Mander se plaas in die distrik.

- 38 DEUTSCHER Volkskalender für Südafrika aus des Jahr 1887, 1. Jahrgang. Kapstadt, Michaelis, 1887. p. 150.

Bevat 'n kort beskrywing van die dorp en sê: "Im ganzen macht Potchefstroom einen freundlichen Eindruck".

- 39 DIXIE, Lady Florence. In the land of misfortune. London, Bentley, 1882. p. 155 - 169.

Lady Florence was 'n joernalistieke korrespondente vir die *Morning post* en het die afdeling Britse soldate wat na die afloop van die Eerste Vryheidsoorlog na Potchefstroom gestuur is om die Britse gesag te bewys, vergesel. Haar relaas is van belang omdat dit beskryf hoedat die dorp en die Engelse fort direk na die oorlog daar uitgesien het.

- 40 DURAND, *Sir* H. Mortimer. A holiday in South Africa. Edinburgh, Blackwood, 1911.
p. 39 - 53, 57 - 68.

Die skrywer arriveer per trein in Potchefstroom en gee 'n lang beskrywing van die dorp en sy inwoners, die ou Engelse fort, die militêre basis met twee regimente Britse kavalrie en artillerie, die bedrywighede van die soldate, die Engelse gemeenskap, skole, gholfbaan, begraafplaas en plantegroei. Nogal amusant is sy beskrywing van die viering van "All Saints Day" waaraan Boer en Brit ewe lustig meegedoen het.

- 41 DU TOIT, J.D. Potchefstroom. *Het Kerkblad* 7(138): 3, Jan. 15, 1904.

Hierdie artikel is geskryf met die oog op die moontlike verskuiwing van die Teologiese Skool van Burgersdorp af en Totius beskryf Potchefstroom en beweer dat dit die ideale plek is om die inrigting te vestig.

- 42 DU VAL, C. With a show through Southern Africa and personal reminiscences of the Transvaal War. London, Tinsley Bros., 1882.
2 vols. Vol. 2, p. 204 - 210, 212.

Du Val beskryf die Markplein met die Hervormde Kerk, hofsaal, poskantoor, winkels en bank. Op sommige van die geboue is daar nog koeëlmerke uit die pasafgelope oorlog en hy besoek die Engelse fort en beskryf die beleg daarvan. Hy vind die

winkels baie stil, maar verwys darem na "Cape Brandy procured at Potcheffstroom".

- 43 EPSTEIN, Sallo, Ltd., *firma*. A photographic souvenir of the Transvaal. Johannesburg, Sallo Epstein and co., (1906?)

'n Album met foto's waaronder die volgende van Potchefstroom: die mark, Koning Edwardstraat met die King's Hotel, die ou watermeule. Die bladsye is nie genommer nie.

- 44 FICK, M.L. Iets uit die oude geskiedenis van Potchefstroom; een voorlezing. Potchefstroom, Koomans, (1919)

Hierdie kort werkie beslaan maar 32 bladsye en bevat baie onjuisthede, omdat baie van die gegewens op hoorsê berus, maar dit kan nogtans as een van die belangrike klassieke bronne oor die geskiedenis van Potchefstroom beskou word. Dit gee 'n algemene beskrywing van die dorp, die Mooirivier en die besproeiing daaruit, die uitgestrekte dorpsgronde, die vrugbaarheid van die grond, groot erwe en wilgerbome. Daarnaas behandel die skrywer die sosiale toestande, regspraak, kerklike lewe, dokters, eerste koerant, hotelle en besighede in die beginjare van die dorp. (Kyk ook 299 en 501)

- 45 FINCH, J. To South Africa and back; being the narrative of a journey through Cape Colony, Natal, Orange Free State, and the Transvaal. London, Ward, 1890. p. 90 - 91.

Die skrywer doen Potchefstroom per koets aan en beskryf die plek as "more pleasant and inviting than anything we have yet seen since leaving the coast". Hy skets ook die gebeure in die hofgebou en Fort tydens die Eerste Vryheidsoorlog, maar sy vertelling berus op hoorsê.

- 46 FREW, A.A. Prince George's African tour. London, Blackie (1934) p. 139 - 141.

Beskryf die dorp en die ou Engelse fort en die besoek van die Prins aan Potchefstroom gedurende sy toer in 1934.

- 47 FROUDE, J.A. Leaves from a South African journal. (*In Short studies on great subjects. Third series. London, Longmans, 1877. p. 338 - 394.*) p. 374 - 5.

Dit is interessant dat die beroemde Engelse historikus, James Anthony Froude, wat onder andere rektor van St. Andrews College en professor in geskiedenis aan die Universiteit van Oxford was, in die sewentigerjare 'n besoek aan Potchefstroom gebring het. Hy skryf niks oor die dorp self nie, maar beskryf 'n donderstorm op "Potscheffstrom" en sy verblyf in 'n boerehuis aldaar.

- 48 FULLER, B. Springbok round the corner. Cape Town, Maskew Miller, s.j. p. 123 - 4.
Beskrywing van die oog van die Mooirivier.
- 49 FYNNEY, F.B. The geographical and economic features of the Transvaal, the new British dependency in South Africa. *Proceedings of the Royal Geographical Society* 48: 114 - 125, Jan., 14, 1878. p. 118.
Beskrywing van Potchefstroom-distrik en Wonderfontein.
- 50 G., H.d. Der Boer im Transvaal. *Preussische Jahrbücher* 48: 474 - 492, 1881. p. 484 - 485, 490.
Kort beskrywing van Potchefstroom as "der grösste und bedeutendste Ort in Lande" en van die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in die dorp.
- 51 GILCHRIST AND POWELL, Ltd. How to see South Africa; the official guide to South Africa. Johannesburg, Gilchrist and Powell, (voorw. 1906) p. 249 - 252.
Oorsig oor die geskiedenis van die dorp en gee dan 'n beskrywing van die voorkoms, ligging, skole en klimaat. Die gholfbaan word beskryf as een van die bestes in die land. Die blanke bevolking word aangegee as 9000 op daardie stadium. Bevat foto's van die brug oor die

Mooirivier (Noordbrug) (p. 249), King's Hotel
(p. 248), Kerkstraat (p. 247).

- 52 GILLMORE, Parker. The Great Thirst Land; a
ride through Natal, Orange Free State,
Transvaal and Kalahari Desert. London,
Cassell, 1878. p. 166 - 171.

Hoewel hy 'n hele paar bladsye aan die beskrywing
van sy besoek aan Potchefstroom wy, gee Gillmore
eintlik min gegewens oor die dorp self (kyk ook
469). Die tweede uitgawe van hierdie werk het
in 1881 onder die titel *The land of the Boer*
verskyn, maar die inligting is identies.

- 53 GILLMORE, Parker. A ride through hostile
Africa, with adventures among the Boers.
London, Allen, 1881. p. 128 - 138.

Hierin gee Gillmore 'n beskrywing van sy besoek
aan "Pourchestroom" of "Mooi River Dorp". Hy
verwys veral na die wild om die dorp en die
talryke visse in die Mooiriver, maar verskaf min
inligting oor die dorp self. Die werk is 'n
nuwer uitgawe van sy *On duty; A ride through*
hostile Africa, wat in 1880 verskyn het.

- 54 GLANVILLE, T.B. Glanville's guide to South
Africa. Fourth edition. Cape Town,
W.M. Webster, 1877. p. 57.

Baie kort beskrywing van Potchefstroom.

- 55 GRANT, J. Recent British battles on land and sea. London, Cassell, 1897. p. 378 - 381.

Gee eers 'n beskrywing van die dorp en daarna van die beleg van die Fort.

- 56 GRAY, J. Payable gold; an intimate record of the history of the discovery of the payable Witwatersrand Goldfields and of Johannesburg in 1886 and 1887. Johannesburg, Central News Agency, 1937. p. 15 - 18, 20 - 22, 25 - 27, 54, 187.

Die werk bevat veral baie inligting oor die ontdekking van goud in Transvaal (kyk ook 350, 551), maar beskryf ook die dorp vanaf 1854, toe P.J. Marais goud in Transvaal ontdek het. Volgens Gray het Potchefstroom in 1860 'n "Recreational and Tropical Plant Park" gehad en hy verwys na die eerste landboueskou op 20 Maart 1867.

- 57 HALL, H. Manual of South African geography, forming a companion to the map of South Africa to 16° South latitude, intended for the use of the upper classes in government schools and candidates for the civil service. Cape Town, Saul Solomon, 1859. p. 53.

'n Baie vroeë skoolboek wat inligting oor Potchefstroom bevat. Die skrywer is nie baie simpatiek teenoor die Boere nie en uit sy

beskrywing blyk dit dat hy nog oor min inligting oor die Transvaal beskik, want hy sê dat "very little accurate information as to the actual and real condition of these boers is obtainable. (A forthcoming work by Mr. Chapman, who has travelled much in this region, may probably supply the deficiency)". (p. 55). Hy beskryf Potchefstroom as die setel van die regering en geleë aan die "Klakua or Mooi River".

- 58 HATTERSLEY, A.F. An illustrated social history of South Africa. Cape Town, Balkema, 1969. p. 227, 230, 232.

Kort beskrywing van die dorp in ongeveer 1873 - 1877 en verwys na dr. Poortman, die mediese dokter, die eerste skool en die drukpers van Cornelis Moll.

- 59 HEITMANN, G. Transvaal, das Land, seine Bewohner und seine wirtschaftliche Verhältnisse. Leipzig, Gustav Weigel, 1888. p. 59, 68 - 71.

Beskrywing van die dorp en verwysing na die tabakboerdery in die distrik. Heitmann beweer dat indien Transvaal en die Oranje-Vrystaat sou verenig, Potchefstroom vanweë sy ligging die ideale regeringsetel sou wees.

- 60 HEITMANN, H. Handel und Ackerbau in Potchefstroom. *Deutsche Kolonialzeitung* 3: 181 - 185, 1886.

'n Baie goeie beskrywing van die dorp, die handel en landboubedryghede.

- 61 HOLLANDSCHE gemeendebesturen in Zuid-Afrika; Beschrijving van de Oranje-Vrijstaat en de Transvaalsche Republiek. *Tijdschrift voor staatshuishoudkunde en statistiek* 14: 311 - 332, 1856. p. 324, 330.

Kort beskrywing van die dorp met sy 100 huise en 6000 tot 7000 inwoners(!). Die skrywer is van mening dat Port Natal in belangrikheid sal toeneem indien die Zuez-kanaal deurgegrawe word en 'n treinspoor van Port Natal na Potchefstroom gebou word.

- 62 HOLUB, Emil. Seven years in South Africa. London, Sampson Low, 1881. 2 vols. vol. 1, p. 162 - 167, 172 - 176, 182 - 184.

Hierdie werk het oorspronklik in Duits verskyn as *Sieben Jahre in Süd-Afrika* (Wien, Alfred Hölder, 1881). Holub het Potchefstroom in 1873 besoek toe die dorp ongeveer 4000 inwoners gehad het. Hy verskaf 'n onbevooroordeelde feitelike beskrywing van die handelslewe, die mooi tuine, die Wonderfontein-grotte, en die dierelewe in die omgewing. Hy verwys ook na sy ontmoetings met Carl Mauch en Chevalier Forssman.

- 63 JEPPE, F. Die Transvaal'sche oder Süd-Afrikanische Republik. Gotha, Justus Perthes, 1868. (Ergänzungsheft No. 24 zu Petermann's *Geographischen Mittheilungen*) p. 6, 13 - 14, 18.
Op p. 15 - 24 is daar 'n aanhangsel getiteld "Dr. Wangemann's Reise in Süd-Afrika, 1866 - 1867".

Friedrich Jeppe was Posmeester-generaal van die Republiek. Hy gee 'n baie volledige beskrywing van die dorp, wat op daardie stadium 408 erwe (elk ongeveer twee Engelse acres groot), 275 huise, 1200 inwoners (van wie ongeveer 150 uitlanders), drie Hollandse, drie Engelse en een Bantoe kerk, en 15 winkels gehad het. Die huise vergelyk, volgens Jeppe, goed met dié van die Kaap en Natal se ouer dorpe en sommige het meer as f3000 gekos om te bou. Die waarde van die dorpsgrond word gestel op f150 000 en daar is 'n goewermentskool, privaatskole, 'n vrymesselaarslosie ("der Flammende Stern von Süd-Afrika"), 'n biblioteek, vyf hotelle en 'n tweetalige weekblad (*The Transvaal Argus*).

- 64 JUNIUS, J.H. Die koloniën en staten van Zuid-Afrika; gids voor hen, die zich naar die streken wenschen te begeven. Tiel, H.C.A. Compagne en Zoon, (1882?) p. 64, 102.

Gee 'n beskrywing van die dorp en dikstrik. Besonderhede in verband met die twee drukkerie, 20 winkels, drie Hollandse en twee Engelse kerke,

'n brouery, "een leesmuseum", ens.

- 65 KOTZÉ, Sir John. Biographical memoirs and reminiscences. Cape Town, Maskew Miller, (1934) p. 223, 252, 402 - 3, 476 - 482, 662 - 663, 737 - 741.

Sir John Kotzé het Potchefstroom die eerste keer in 1877 en daarna dikwels as regter van die Hooggeregshof besoek. Tydens sy eerste besoek het hy per poskoets van Erasmus en Green van Potchefstroom hier aangekom en in die Royal Hotel (die eienaar was ene Young) tuisgegaan. Hy ontmoet onder andere vir Andreas Goetz, die landdros en F. Kleyn, 'n advokaat. Hy gee 'n algemene beskrywing van die dorp, die hoofstraat en die mooi wilgerbome. Na aanleiding van 'n latere besoek maak hy melding van die Mooirivier en die geelvisse daarin, die watermeulens en besoek hy kaptein Baillie op Vyfhoek, Edzard Grimbeek op Elandsheuwel en dr. Poortman. Hy beskryf ook die inwoners, hulle kerke, die hofsitting, en die koerante, nl. die *Potchefstromer* van Borrius en die *Advocate* van Rutherford. In 1879 maak hy kennis met Forssman en ene Bodenstein. In sy beskrywings openbaar Kotzé 'n fyn waarnemingsvermoë en die tipiese onpartydigheid van 'n regter.

- 66 KUYPER, H.H. Zuid-Afrika, reisindrukken. Amsterdam, De Heraut, 1925. p. 98 - 9.

Tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1925 het die bekende Nederlandse teoloog, prof. H.H. Kuyper, ook Potchefstroom aangedoen en hy beskryf die dorp en die universiteitskollege. Hy maak ook melding van "de beroemde golflinks... die de prachtigste van Zuid-Afrika zijn".

- 67 LACY, G. Pictures of travel, sport and adventure. London, C. Arthur Pearson, 1899.
p. 261.

Lacy beskryf sy reise in Nieu-Seeland en Suid-Afrika en gee 'n kort beskrywing van Potchefstroom, "a small, unpretending, arborescent town, surrounding a large open square".

- 68 LEASK, T. The Southern African diaries of Thomas Leask, 1865 - 1870, edited by J.P.R. Wallis. London, Chatto and Windus, 1954.
p. xxix - xxxi, xxxiii, xxxvi, xxxviii, xlii - xlviii, l, liv, ll, 18, 22.

Thomas Leask was 'n grootwildjagter en handelaar wat in 1870 'n winkel op Klerksdorp geopen het. In die voorwoord verwys die redakteur, J.P.R. Wallis, na Leask se talle besoeke aan Potchefstroom vanaf 1865 en sy wedervaringe gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Na aanleiding van 'n besoek op 6 Julie 1865 beskryf Leask self Potchefstroom, wat hy nog "Mooi River Dorp" noem as 'n mooi dorp met baie water, talle vrugte-, wilger- en bloekombome enkele groot en mooi

huise, maar die ander is maar onaantreklik, groot winkels, etlike kerke wat nie te goed besoek word nie, en twee of drie kantene (maar die dorp kort 'n goeie hotel). Volgens Leask het Sechele in 1865 beweer dat die Boere hom £250 skuld vir die werk wat sy Bantoes gedoen het aan die oprigting van die kerkgebou op Potchefstroom.

69 LEYLAND, R.W. A holiday in South Africa.

London, Sampson Low, 1882. p. 131 - 2.

Leyland het Potchefstroom op pad van Kimberley na Pretoria aangedoen en was beïndruk deur "its white houses peeping out through a dense mass of foliage, and covering an extensive area of ground", die pragtige strate en mooi tuine. Hy gaan tuis in die Royal Hotel en vind dit skoon en gerieflik, met 'n mooi tuin. Leyland beweert: "The Boers say, 'See Potchefstroom and die'". Hy vertel dan die staaltjie van die Boer wat op die vraag of Potchefstroom so groot as Londen is, geantwoord het: "I cannot say, not having seen London, but all I can say is, if London be larger than Potchefstroom, it *must* be a big place."

70 LINDLEY, A. After Ophir - or a search for the South African goldfields. London, Cassell, (1870) p. 2, 299, 311.

Augustus Lindley was in 'n geselskap wat tot in

die Tati-goudvelde getrek het (kyk ook 356)
en daar moes omdraai om voorrade in Potchef-
stroom, 300 myl daarvandaan, te gaan kry. Hy
vind dit 'n mooi dorp met 'n hoofstraat van
2 myl lank en talle meulens langs die rivier.

- 71 LION CACHET, F. Vijftien jaar in Zuid-Afrika.
Leeuwarden, Bokma, 1875. p. 116 - 119,
165 - 170.

Ds. Frans Lion Cachet was predikant van die
Nederduitse Gereformeerde Kerk. In 1866 besoek
hy Potchefstroom vir die eerste keer en beskryf
die dorp as 'n langwerpige vierkant, met breë
strate en 'n kerkplein met die Hervormde Kerk,
regeringskantore en winkels daarop. Volgens sy
skatting was daar toe 800 - 900 blanke inwoners.
In 1868 kom hy weer na Potchefstroom om ds.
Jooste as predikant te bevestig en ontmoet by
die geleentheid sy broer, ds. Jan Lion Cachet,
wat optree as konsulent van die Gereformeerde
Gemeente, daar.

- 72 LION CACHET, F. De worstelstrijd der Trans-
valers aan het volk van Nederland verhaald,
2e druk. Amsterdam, Höveker, 1883.
p. 388 - 391.

In hierdie werk gee Cachet 'n lang beskrywing
van die boomryke dorp, "met bijzondere zorg
aangelegd". Hy skat die bevolking op hierdie
stadium op 2000, waarvan die helfte Blankes is,

en verwys na die ongeplaveide strate, mooi tuine, kerke, skole, banke, drukkerie, hotelle, meulens en besighede. Hy beweer dat hier gunstige omstandighede bestaan vir ambagslui wat uit Nederland wil emigreer, en vind dit die aangewese plek vir fabrieke, hoewel daar 'n behoefte aan 'n spoorlyn bestaan. (Kyk ook 230, 509)

- 73 MACDONALD, T. Transvaal story. Cape Town, Timmins, (1961) p. 17 - 33.

'n Lang beskrywing van die dorp en sy geskiedenis, die Landboukollege en C.V. Bate, die koeranteienaar. Die skrywer verskaf ongelukkig nie gegewens oor sy bronne van inligting nie, behalwe oor Winsloe se beskrywing van die beleg van die Fort.

- 74 MCGILL, D.C. A history of the Transvaal 1853 - 1864, with a new interpretation of the Transvaal-Zulu War of 1879. Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1943. p. 4, 34 - 35, 113, 206 - 220, 414, 418.

Bevat belangrike inligting oor die dorp soos verkry uit primêre bronne. In 1853 was daar slegs 700 blanke inwoners en het die dorp reeds 'n predikant en 'n skool gehad. In dieselfde jaar was die totale inkomste aan belasting uit die hele distrik maar £500. In 1864 was daar reeds 15 winkels, 250 huise, meer as 1000 blanke

inwoners, vier hotelle, 'n weeklikse koerant,
'n Vrymesselaarslosie, georganiseerde krieket-
wedstryde en konserte en reisiесе.

- 75 M'INTOSH, D. South Africa; notes of travel,
first gold exploration expedition into the
Matabele country, north of the Tatin River.
Glasgow, Bell and Bain, 1876. p. 35 - 50.
Die skrywer doen Potchefstroom in 1868 aan om sy
wa hier te laat herstel. Hy gee 'n deeglike
beskrywing van die dorp, waarvan die bevolking
byna soveel as dié van Durban is.
- 76 MATHERS, E.P. Naar Zuid-Afrika met de Castle-
Lijn. Rotterdam, Nijgh en Van Ditmar, 1889.
p. 152, 160.
Beskrywing van Transvaal met kort verwysings
na Potchefstroom.
- 77 MATTHEWS, J.W. Incwadi Yami; or, Twenty
year's personal experience in South Africa.
New York, Rogers and Sherwood, 1887. p. 432-
435, 464 - 468.
'n Lang en redelik volledige beskrywing van die
dorp na die Eerste Vryheidsoorlog. Daar is nog
koeëlmerke aan die hofgebou en hy vind die besig-
hede stil na die oorlog. Hy verwys ook na die
beleg van die Fort. Op p. 433 is 'n tekening

getiteld: "Court house at Potchefstroom,
Dec. 1880, after the siege".

- 78 MAUCH, Carl. African explorer, edited and
translated by F.O. Bernard. Cape Town,
Struik, 1971. p. 10, 165.

Carl Mauch, die bekende ontdekkingsreisiger wat
'n groot rol gespeel het in die ontdekking van
goud in Suidelike Afrika, het Potchefstroom ge-
bruik as basis waarvandaan hy sy reise onder-
neem het, en hy verwys dikwels kortliks na die
dorp in sy geskrifte. In hierdie werk verwys
hy na Potchefstroom as "the capital of the whole
State, although not the seat of the government".
Teenoor p. 64 verskyn 'n illustrasie van die
markplein in 1881 (kyk ook 116).

- 79 MAUCH, Carl. The journals of Carl Mauch; his
travels in the Transvaal and Rhodesia, 1869 -
1872; transcribed from the original by Mrs.
E. Bernhard and translated by F.O. Bernhard.
Salisbury, National Archives of Rhodesia,
1969.

Talle verwysings na Mauch se besoeke aan
Potchefstroom. E.E. Burke sê in die voorwoord:
"At this time, 1865, Potchefstroom, though no
longer the official capital of the Transvaal,
was still the major centre of influence..."
(p. 2).

- 80 MEIDINGER, H. Die südafrikanischen Kolonien
Englands und die Freistaaten der
holländischen Boeren, in ihren neuesten
Zuständen. Frankfurt a.M., J.D. Sauer-
länders Verlag, 1861. p. 99.
Noem die dorp "Vryburg oder Poschefstroom".
Honderd huise en sewehonderd inwoners. Besoek
die Fort wat deur Potgieter gebou is.
- 81 MERRIMAN, J.X. Selections from the correspon-
dence of J.X. Merriman, 1870 - 1890. Cape
Town, Van Riebeeck Society, 1960. (Van
Riebeeck-vereniging, Publikasie nr. 41)
p. 231 - 233.
Merriman reis in Januarie 1887 met een van
Gibson se Red Star koetse deur Potchefstroom.
Hy sê: "... it looks at first sight like a
very dilapidated Uitenhage, lots of water and
trees. It is sad to see the little fort held
by the English - the gaol and the courthouse
where Clarke surrendered, and to think that for
idiotic mismanagement the place might be
English still".
- 82 MOHR, E. To the Victoria Falls of the Zambesi,
translated from the German of Edward Mohr by
N.D'Anvers. London, Sampson Low, 1876.
p. 96 - 104, 405 - 406.
Eduard Mohr besoek Potchefstroom in 1870 en
gee 'n lang beskrywing van sy wedervaringe

hier. Hy ontmoet sy vriend, Adolph Hübner, 'n myningenieur in die dorp. Sy trekosse word hier siek en terwyl hy wag dat hulle gesond word, doen hy en Hübner opmetings om die geografiese posisie van Potchefstroom vas te stel. Terwyl hy in die dorp is, arriveer ook Thomas Baines met sy geselskap. Tussen p. 96 en 97 verskyn 'n baie mooi kleurafdruk van 'n skildery wat Baines van Mohr se kamp gemaak het met die titel: "Encampment in Potchefstroom". (Kyk ook BENSUSAN, A.D. *Silver images* 268) Mohr besoek die Posmeester-generaal (Friedrich Jeppe), wat in 1848 onder Hecker in die Baden-opstand geveg het. Hy ontvang ook baie hulp van Forssman. Wild was reeds skaars in die onmiddellike omgewing van die dorp, maar hy gaan gereeld voëls skiet in die vleie. Op sy terugpad doen Mohr weer op Potchefstroom aan en word deur die landdros ontbied omdat sy mak volstruise amok maak. Hy verneem hier van die oorlog tussen Duitsland en Frankryk. Die Duitsers in Potchefstroom kom bymekaar en kollekteer 'n groot som geld om deur Posmeester Jeppe na Duitsland gestuur te word vir die gewondes.

83 MORTON, H.V. In search of South Africa.

London, Methuen, (1948). p. 294 - 297.

Morton beskryf Potchefstroom en 'n Kersfees wat hy hier deurgebring het. Hy bring ook 'n besoek aan Totius.

- 84 MOSTERT, Dirk, *samest.* Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika, Eeufees: 1838 - 1938. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940. p. 720 - 725.
- 'n Beskrywing van die dorp en die besoek van die simboliese ossewatrek van 9 tot 13 November 1938, met 'n oorsig oor die geskiedenis van die dorp.
- 85 MULLER, H.P.N. Zuid-Afrika; reisherrinneringen. Leiden, Sijthoff, (1890). p. 210 - 213.
- Muller was 'n Nederlandse sakeman wat Suid-Afrika op 'n sakebesoek deurreis het. Die werk is 'n raak en opmerksame beskrywing van wat hy hier ervaar het. Hy gaan in die Royal Hotel tuis en besoek o.a. M.W. Pretorius se huis en die Engelse fort. Hy beskryf die wonings in fyn detail: "De woningen, bijna alle van ééne verdieping, zien er recht vriendelijk en aangenaam uit. Meest bezitten zij aan de voorzijde een afdak... Van binnen getuigen de woningen van zekere weelde; houten vloeren liggen er in en de muren zijn met behangselpapier beplakt." (p. 211). Sy beskrywing van die Hervormde kerkgebou is net so akkuraat.
- 86 NELSON, W. Some letters by William Nelson, part 2: Adventures of a local traveller in South Africa. *Africana aantekeninge en nuus* 20: 195 - 227, 1972/1973. p. 197 - 198.
- William Nelson het in 1877 in Suid-Afrika gereis

en gereeld aan sy familie in Engeland geskryf. Daar is sy briewe in *The Masbro Advertiser* gepubliseer. As tuinier raak hy in vervoering oor die bome, en veral die vrugtebome (kyk ook 553) en is hy veral geïnteresseerd in die water-vore uit die Mooirivier om die tuine te besproei. Hy beskryf die dorp as "the horticultural centre of this part of the world, and by far the most beautiful spot with which I have become acquainted".

- 87 NIEMANN, Roy. 'n Witter, wyer blou. *Sarie Marais* 27(9): 55 - 61, Okt. 22, 1975.

'n Populêre beskrywing van Potchefstroom, toegelig met foto's van huidige tonele in die dorp.

- 88 NIXON, J. Among the Boers; an account of a trip to South Africa in search of health. London, Remington, 1882. p. 220 - 227.

Soos baie ander reisigers verwys Nixon na die breë strate, groot erwe en mooi tuine. Hy merk op dat die watertafel baie hoog is, gevolglik is dit moerassig om die dorp en word daar baie watervoëls aangetref. Hy maak kennis met mnr. J.B. Ayres, 'n voëlkundige. Op p. 264 verskyn 'n foto van die Hervormde Kerk met waens op die plein, getiteld "Nachtmaal at Potchefstroom".

- 89 NIXON, J. The complete story of the Transvaal, from the "Great Trek" to the Convention of London. London, Sampson Low, 1885. p. 9, 108.

In sy beskrywing van die dorp herhaal Nixon baie van die inligting wat hy in *Among the Boers* (88) verskaf. Toe hy in ongeveer 1878 deur die dorp gereis het, is die Koningin se verjaarsdag gevier en was dit terselfdertyd Nagmaalnaweek: "Boers and English mixed freely together, and the farmers even displayed a sleepy sort of interest in the sports with which the English celebrated the day". En kort daarna, toe skiet hulle mekaar!

- 90 PASSARGE, S. Südafrika, eines Landes-, Volks- und Wirtschaftskunde. Leipzig, Quelle und Meyer, 1908. p. 326 - 327.

Kort beskrywing van Potchefstroom (9300 inwoners) en die goudmyne by Venterskroon.

- 91 PERRY, J.G. The social and economic condition of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika (Rhodes), 1931.

Beskryf die sosiale en ekonomiese toestande in Transvaal, met talle verwysings na Potchefstroom. Die gegewens is egter baie oppervlakkig omdat die skrywer baie min bronne vir sy studie gebruik het.

- 92 PIENAAR, G.J. Dorp van Andries Potgieter.

Huisgenoot 42 (1989): 73 - 74, 29 April 1960.

Kort beskrywing van die geskiedenis van die dorp
en daarna 'n beskrywing van die Universiteit.

Bevat foto's van die Universiteit.

- 93 PIENAAR, G.J. en PIENAAR, M.E. Potchefstroom

- eerste hoofstad van die Transvaal. *Suid-Afrikaanse panorama* 4(3): 6 - 11, Maart 1959 en
4(4): 10 - 13, April 1959.

Beskrywing van die dorp met talle foto's.

- 94 PLOEGER, J. Van Kaapstad na Potchefstroom: 'n
beskrywing uit 1888. *Africana aantekeninge en
nuus* 17: 230 - 232, 1956/57.

Die reisindrukke van 'n korrespondent wat op
Potchefstroom woonagtig was, word in *De wêreld-
burger* 1(46), 26 Februarie 1888 gepubliseer onder
die titel "Reisen in de Transvaal, van Kaapstad
naar Potchefstroom". Hy beskryf eers die reis
en vervoermiddels (kyk ook 626) en daarna die
dorp self. Sy beskrywing is baie volledig. Hy
noem onder andere die talle wilgerbome, maar be-
weer dat hulle 'n oogsiekte onder die bevolking
veroorsaak. Daar is nie mooi geboue of goed-
onderhoude strate nie, maar enkele gegoede in-
woners het wel gerieflike huise. Die nabygeleë
goudvelde veroorsaak vooruitgang, eiendomme word
duurder en nuwe bouwerk word aangepak. Die be-
langrikste hotel is besig om kamers aan te bou en

'n nuwe is pas deur die heer Conroy, vroeër van Stellenbosch, opgerig. Alle verkeer van die Kaapkolonie na die Witwatersrand moet deur die dorp en daar arriveer en vertrek gedurig passasierskoetse. Die munisipaliteit ondervind egter probleme om die strate in orde te kry (kyk ook 485). Daar is twintig konstabels wat deur die regering besoldig word maar wat nie eintlik hulle teenwoordigheid laat geld nie. Baie van die inwoners het geld in die nuwe goudvelde belê en dit kan vir die dorp groter welvaart meebring.

- 95 POIRIER, J. Le Transvaal (1652 - 1899). Paris, Delagrave, (1900?) p. 40, 157 - 159.

'n Kort beskrywing van die dorp en sy rol gedurende die Eerste Vryheidsoorlog in Frans.

- 96 POTCHEFSTROOM. *Ons Tijdschrift; Geïllustreerd familieblad voor Zuid-Afrika* 3(8): 355 - 358, 1898/9.

'n Oorsig oor die geskiedenis en 'n beskrywing van die dorp. Die skrywer raai sy lesers wat Potchefstroom nog nie besoek het nie aan om "dit zoo snel mogelijk te doen, daar een mensch zijn tijd wel slechter kan gebruiken en er armzaliger plaatsen in Zuid-Afrika zijn, dan de Hoofdstad van Transvaal". Die artikel bevat foto's van die Royal Hotel, die Gereformeerde Kerk en die Park.

- 97 POTCHEFSTROOM HERALD. Spesiale feesuitgawe (Potchefstroom 1838 - 1963). Potchefstroom, die Koerant, 1963.
Bevat artikels oor die geskiedenis, handel, landbou, onderwys, poswese, sport, ontspanning, drukkersbedryf, ens.
- 98 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Beautiful Potchefstroom; an illustrated guide. Potchefstroom, C.V. Bate, Herald Office, s.j.
(The S. African pocket guides, no. 1) 74 p.
Ongeveer 1910 gepubliseer en beskryf die dorp, sy geskiedenis, fasiliteite, skole, biblioteek, pleine, kerke, ontspanning, ens. Bevat hier en daar onjuisthede, bv. Forssmann wat op p. 42 beskryf word as "Sweedse" konsul. Bevat talle foto's van besienswaardighede en advertensies met foto's.
- 99 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom; die tuinstad van die Transvaal vir gesondheid, plesier en voordeel. Johannesburg, Brochure Publications, 1932. 72 p.
Publisiteitsbrosjyre met algemene beskrywing en talle foto's.
- 100 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom, the garden of the Transvaal; an illustrated brochure descriptive of Potchefstroom as an

ideal holiday resort for the people of South Africa and as a week-end resort for the people of the Rand. (Potchefstroom, Het Westen), 1913. 72 p.

Publisiteitsbrosjure met algemene beskrywing en talle foto's.

- 101 POTGIETER, C. *en* THEUNISSEN, N.H. Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter. Johannesburg, Afrikaanse Pers, (voorw. 1938). p. 114 - 118.

Potgieter verken die Mooiriviergebied eers voor die stigting van die dorp. Die eerste aanleg is op Witstinkhoutboom en in 1841 word na die nuwe dorp verhuis. Beskrywing van die ruim uitleg van die dorp.

- 102 PRAAGH, L.V. *red.* The Transvaal and its mines; the encyclopedic history of the Transvaal. London, Praagh and Lloyd, (voorw. 1906). p. 455 - 467.

'n Baie belangrike beskrywing van Potchefstroom aan die begin van hierdie eeu, met talle foto's. Die voorgeskiedenis van die dorp word beskryf aan die hand van inligting verkry van Marthinus van der Hoff ('n broer van ds. Dirk van der Hoff) wat in 1905 nog in die dorp gewoon het. Verskaf o.a. inligting in verband met die Choral and Dramatic Society. In 1905 is elektrisiteitsvoorsiening in die vooruitsig

gestel teen 'n koste van £10 000 - £15 000 en is tenders gevra vir die toerusting van 'n brandweer. Verskaf inligting oor die volgende persone en besighede: Chamber of Commerce, mnr. P. Ferrero (Burgemeester, handelaar, bakker, minerale waterfabrikant), mnr. F.D. Conradie, mnr. Frederick Petrus Crots, mnr. M.A. Goetz, mnr. Fred Coop (fotograaf), Garlick and company, Jooste, Bryant en Stowe (bottelstoor), Potchefstroom Board of Executors and Trust company, ltd., Queens Hotel, Royal Hotel, D. Stokes and co. (fietshandelaars), ens. Die werk bevat die volgende foto's van Potchefstroom: "A street in Potchefstroom, the ancient Boer Capital (p. 7); die Engelse fort (p. 221); St. Mary's Kerk, Gereformeerde Kerk, Hervormde Kerk, klooster, Alexandra-park, Watervoor in die park, Potgieterstraat (p. 457); regeringsgebou, stasiegebou, stadsraad 1905, King's Hotel, vroeë môremerk, King Edwardstraat (p. 459); drif deur Mooirivier, golfklub, Noordbrug, Rivierstraat, vlei langs Mooirivier, Potchefstroom Klub, Bantoelokasie (p. 461); ateljee van Fred Coop, die fotograaf (p. 463); geboue van Garlick and co. en Jooste, Bryant en Stowe (p. 464); kantoor van Potchefstroom Board of Executors and Trust company, ltd., Queens Hotel (p. 465); gebou van Stokes and co., (p. 466) en Royal Hotel (p. 467). (Kyk ook 269, 383, 465)

- 103 RAPPORTRYERS-REËLINGSKOMITEE (1949). Die roeteboek van die rapportryers. Johannesburg, A.T.K.V. (S.A.S. en H.) en F.A.K., 1949. p. 73, 75, 77.

Beskrywing van die dorp en sy geskiedenis by geleentheid van die rapportryersfeeste met die onthulling van die Voortrekkermonument in 1949.

- 104 ROSENTHAL, Eric, *samest.* Encyclopaedia of Southern Africa. London, Warne (1961) p. 401 - 402.

Inskrywing onder "Potchefstroom". Beskrywing van die geskiedenis, bevolking en betekenis van die dorp.

- 105 SANDERSON, J. Memorandum of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State and the country of the Transvaal Boers 1851 - 1852. s.pl., s.j. (Reprinted from the *Journal of the Royal Geographic Society* 30: 233 - 255, 1860) p. 241 - 242.

Sanderson bereik "Mooi River Dorp or Potschefstroom" op 7 Januarie 1852 en beskryf die dorpie op 'n vlakte, "almost as flat as a bowling-green". Die dorp maak egter 'n aangename indruk met sy groot erwe, watervore en ongeveer 100 huise, gebou van ongebakke stene en met grasdakke. Tydens sy besoek keer die

Boere terug van die Sandrivier-vergadering.
Pres. M.W. Pretorius hou 'n toespraak met die
feesviering.

- 106 SARGENT, M.A. South Africa; seven lectures
prepared for the Visual Instruction
Committee of the Colonial Office. London,
Philip, 1914. (Visual Instruction
Committee handbooks, no. 5) p. 69.

Kort beskrywing van die dorp om aan te vul by
ligbeelde van die Mooirivier, landdroskantoor
en buitewyke van die dorp met wilgerbome.

- 107 SCHMEISSER. Über Vorkommen und Gewinnung der
nutzbaren Mineralien in der südafri-
kanischen Republik (Transvaal) unter be-
sonderer Berücksichtigung des Goldbergbaus.
Berlin, Dietrich Reimer, 1895. p. 14.

Baie kort beskrywing.

- 108 SCHOCH, W.A. Transvaal: 34 Jahre im Lande
der Buren, Erinnerungen. Brieg, R.
Kubisch, 1910. p. 136, 171.

Kort verwysing na Potchefstroom en die uitbreek
van die Eerste Vryheidsoorlog.

- 109 SCHÜSSLER, F. Zuid Afrika, populair geschetst.
Amsterdam, P.N. van Kampen en Zoon, 1878.

p. 122 - 126.

Besoek Potchefstroom in 1873 en koop handelsware van John Webster, 'n winkelier wat wou terugkeer na Engeland. Volgens die skrywer kan Potchefstroom met 'n Europese stadjie vergelyk word.

- 110 SCORGIE, Rose. My swan song. (Potchefstroom, 1971) Afgerol. 163 p.

Die outobiografie van Rose Scorgie, wat in 1881 in Potchefstroom gebore is. Sy gaan in 1912 na die V.S.A., waar sy in 1925 advertensiebestuurderes van 'n bank word. In 1947 keer sy na Suid-Afrika terug. Haar werk is een van die volledigste beskrywings van die dorp aan die einde van die vorige eeu en die begin van die 20e eeu.

- 111 SMITH, R. The great gold lands of South Africa; a vacation run in Cape Colony, Natal, the Orange Free State, and the Transvaal. London, Ward, 1891. p. 96 - 98.

Beskrywing van die dorp, die huise, tuine en hotel.

- 112 SMITHERS, Mev. Elsa (Dietrich). March hare. (Kyk 14) p. 4 - 5.

Mev. Smithers was eers getroud met kaptein

Dietrich en was 'n suster van Friedrich Jeppe.
In 1861 besoek sy Potchefstroom en gaan by haar
oom, Hermann Jeppe, tuis. Sy gee 'n beskry-
wing van die dorp.

- 113 STRECKER, C.C. Auf den Diamanten- und Gold-
felderden Südafrikas. Freiburg, Herdersche
Verlagshandlung, 1901. p. 109.

Kort beskrywing van die dorp.

- 114 STUART, J. De Hollandsche Afrikanen en hunne
Republiek in Zuid-Afrika. Amsterdam, G.W.
Tielkemeyer, 1854. p. 181, 206, 209, 217,
264 - 267.

Stuart se werk is een van die vroeëre beskrywings
van die Republiek en hy verwys telkens na
Potchefstroom, wat op daardie stadium die hoof-
stad was met ongeveer 600 - 700 inwoners. Hy
beskryf 'n kerklike byeenkoms op 25 April 1852
op die dorp. By mnr. Lombaard op Potchefstroom
sien hy 'n veldfles "waarop de teekenen van de
Vrijmetselarij voorkwamen, en vernam dat die
was gedragen door den Heer Pieter Retief en met
de akte van koop van Natal in zijne lederen tasch
gevonden". Die weduwee van Retief het op hier-
die stadium nog op die dorp gewoon en Stuart
gaan besoek haar. By die huis van die heer
Vermaas, 'n Volksraadslid, sien hy "eene
boschesmeid - vrouwelijk wezen van de boschjes-
mannen - Ik had daardoor gelegenheid om de goed-

hartige en menslievende behandeling der
Hollandsche Afrikanen ten haren aanzien op te
merken, en was niet weinig verbaasd, te ver-
nemen, dat haar's avonds kluisters aan de voeten
moesten gedaan worden om haar te beletten van
niet weg te loopen". (Kyk ook 166, 520, 587,
602)

- 115 TABLER, E.C. The far interior; chronicles
 of pioneering in the Matabele and Mashona
 countries, 1847 - 1879. Cape Town,
 Balkema, 1951. p. 18 - 19.

Volgens Tabler was Potchefstroom 'n belangrike
sentrum op die roete van Kimberley na die Noorde,
hoewel Klerksdorp vanaf 1871 vir hom kompetisie
geword het omdat dit nader aan Kimberley is en
Thomas Leask daar 'n goeie winkel met voorrade
vir die jagters geopen het. In 1873 was
Potchefstroom se bevolking ongeveer 4000 en was
daar 'n landdros, 'n Portugese konsul, verskeie
skole en kerke. Die huise het meesal platdakke
of Kaapse gewels gehad en daar was baie bome
langs die strate. Graan, meel, vleis, tabak,
velle, volstruisvere en ivoor is van Potchef-
stroom na Natal en na die Diamantvelde uitgevoer.

- 116 TRANSVAAL-ALBUM; verzameld uit "Eigen Haard".
 Haarlem, Tjeenk Willink, 1881.

'n Album met afbeeldinge van tonele uit die

Transvaal. Bevat 'n illustrasie van die markplein in Potchefstroom, wat baie sterk ooreenkoms toon met die afbeelding in die werk oor Karl Mauch (kyk 78). Die bladsye is nie genommer nie.

- 117 TRANSVAAL handbook with map. Handbook no. 11, South African colonies. Issued by the Emigrants Information Office... Edited by Walter Paton. London, Darling and son, 1905. p. 39 - 43.

'n Redelik volledige beskrywing van die dorp en distrik.

- 118 TRANSVAAL official guide. Cape Town, Beerman, 1955. p. 260 - 261.

'n Beskrywing van die dorp, veral met die oog op inligting aan toeriste.

- 119 TRANSVAAL Republiek en de Hollandsche Boeren, voorafgegaan door eene korte beschrijving van Zuid-Oost-Afrika in't algemeen, vrij naar het hoogduitsch van Merensky, Jeppe, Mauch, e.a. voor Nederlanders verwerkt. Amsterdam, Seyffardt's Boekhandel, 1876. p. 5, 76.

Groot gedeeltes van hierdie werk is vertaal uit A. Merensky se *Beiträge zur Kenntniss Süd-Afrikas*. (Berlin, Verlage der Berliner

Missionhauses, 1875). Merensky se werk bevat egter net een terloopse verwysing na Potchefstroom, terwyl hierdie werk meer gegewens gee, gegrond op die artikels van Mauch in *Petermann's Geographische Mittheilungen* (78 - 79) en F. Jeppe se *Transvaal'sche oder Süd-Afrikanische Republik* (63).

- 120 TROLLOPE, A. South Africa. Leipzig, Bernhard Tauchnitz, 1878. 2 vols. vol. 2, p. 37, 39, 66, 91, 108 - 113.

Anthony Trollope, die beroemde Engelse skrywer, het Suid-Afrika in 1877 op 62-jarige leeftyd besoek. Op daardie stadium het daar reeds ongeveer vyftig boeke van hom verskyn. Hy besoek ook Potchefstroom en verwys na die stigting van die dorp en sy rol as hoofstad van die Republiek. In sy deeglike beskrywing van die dorp verwys hy na die ordentlike hotel, die huise en tuine, die kerkplein met die waens van reisigers, 'n amusante perdekopery wat hy bygewoon het, en 'n hofsitting. Van die toneel op die markplein sê hy: "The scene as I saw it would have made an exquisite subject for a Dutch landscape painter, and was especially Dutch in all its details" (p. 112). Hy woon ook 'n hofsitting by. Die werk is in 1973 herdruk (South African biographical and historical series, no. 14. Cape Town, Balkema, 1973). In die herdruk verskyn daar 'n bylaag, "Appendix C. A second account of

the journey from Natal to Kimberley", geskryf deur ene Farrar, 'n reisgenoot van Trollope (p. 481 - 483). Die beskrywing hierin stem hoofsaaklik ooreen met dié van Trollope.

- 121 TROMP, T.M. Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal. Leiden, Brill, 1879. p. 104 - 105, 308 - 309.

Tromp verskaf 'n algemene beskrywing van die dorp, wat hy meer Engelsgesind vind as Pretoria. In 1877 is hy met die viering van Koningins-verjaarsdag op die dorp en daar vind 'n boere-sportbyeenkoms op die Markplein plaas.

- 122 UNIE VAN SUID-AFRIKA. Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hul Majesteite die Koning en Koningin en hul Koninklike Hooghede die Prinses Elizabeth en die Prinses Margaret in die Unie van Suid-Afrika, Februarie - April 1947. (Pretoria, Staatsdrukker, s.j.) p. 113.

Een bladsy word aan 'n beskrywing van die dorp gewy.

- 123 VAN DER LOO, C.J. De geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) aan het volk verteld. Zwolle, Van der Vegt en Mehler, 1896. p. 27 - 28.

Kort beskrywing van Potchefstroom.

- 124 VAN DER LOO, C.J. Om leven en vrijheid;
Geschiedenis der Oud-Hollandsche Republie-
ken in Zuid-Afrika. Arnhem Nijmegen,
Cohen, 1901. p. 77 - 79.
Beskrywing van die dorp met 'n foto van die
Royal Hotel met 'n poskoets daarvoor (p. 79).
- 125 VAN PLETSEN, Dina. Potchefstroom aan die
Mooirivier. *Suid-Afrikaanse panorama* 18(4):
32 - 37, April 1973.
'n Beskrywing van die dorp met talle goeie
foto's van geboue en tonele in Potchefstroom.
- 126 VAN REES, W.A. Naar de Transvaal. Amsterdam,
P.N. van Kampen en Zoon, 1876. p. 10 - 11.
Beskryf die welvarende handel, kerke, drukkerij,
hotelle, bank, "een leesinrichting", meulens,
landbou, ens.
- 127 VAN ROOYEN, J. Know your district: Potchef-
stroom. *Farmer's weekly* 91(18): 43 - 45,
1956.
Kort beskrywing van die dorp en sy geskiedenis
en van landboustoestande in die distrik.

- 128 WALLIS, J.P.R. Thomas Baines of King's Lynn, explorer and artist, 1820 - 1875. London, Jonathan Cape, (1941) p. 43 - 49, 257 - 260.

Wallis herhaal hierin die inligting wat in Baines se eie werke voorkom (kyk 18 en 19).

- 129 WANGEMANN, T. Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika; ausführliches Tagebuch über eine in den Jahren 1866 und 1867 ausgeführte Inspectionsreise durch die Missions-Stationen der Berliner Missions-Gesellschaft. Berlin, Verlag der Missionshauses, 1868. p. 369 - 376.

Tydens sy verblyf in Potchefstroom besoek Wangemann vir dr. Poortman, eerw. Ludorff en mev. Pretorius (die President was uitstедig). Hy gaan nie na "Pastor van der Hoff" nie omdat hy verneem het dat dié so teen die sending is. Vertel van leeus wat naby die dorp geskiet is.

- 130 WANGEMANN, T. Ein zweites Reisejahr in Süd-Afrika. Berlin, Verlag des Missionshauses, 1886. p. 87 - 92.

Die werk bevat 'n hoofstuk getiteld "Potchefstroom" (hoofstuk 28, p. 88 - 92). Wangemann beskryf sy aankoms op Potchefstroom en die voorkoms van die dorp. Hy vertoef vier dae hier en besoek ds. Maury van die Gereformeerde Kerk en oud-president M.W. Pretorius.

- 131 WARREN, *Sir* Charles. On the veldt in the seventies. London, Isbister, 1902. p. 152.
Hy bring in Mei 1877 'n besoek aan die dorp, toe nog die grootste in die Republiek en die handelsentrum. Volgens Warren kom daar soms gevalle van koors voor.
- 132 WELLS, A.W. South Africa; a planned tour of the country. London, Dent, (1939). p. 172 - 173, 393.
Beskryf die dorp, die oprigting van die Gereformeerde Kerk, waarin Paul Kruger volgens hom getroud is, op die markplein, en die ander besienswaardighede.
- 133 WONDERFUL South Africa. Johannesburg, Associated Newspapers, s.j. p. 395 - 396.
Bevat foto's en 'n kort beskrywing van die eerste twee Gereformeerde kerkgeboue, Kerkstraat voor die Stadsaal, die kampeerterrein en die Hoër Volksskool.
- 134 YOUNG, *Sir* Frederick. A winter tour in South Africa. London, Petherick, 1890. p. 50 - 52.
Die skrywer reis in 1889 per ossewa deur die land. In Potchefstroom was hy getref deur die pragtige voorkoms van die dorp en besoek hy die Fort en die kerkhof.

BIBLIOTEKE

- 135 BECKER, C.J. Guide to the Transvaal (kyk 22).
p. 53, 200.

Volgens die gidsinligting was daar in 1878
'n openbare biblioteek in die dorp. 'n
Advertensie op p. 200 lui: "READ'S LIBRARY;
Books always for circulation. Subscription
30s. per annum. Read Bros., Proprietors".
Volgens ander advertensies het Read Bros. ook
'n mineralewaterfabriek en 'n Hollandse medi-
synefabriek besit.

- 136 DAVIES, R.E. Burning of the books. *Outspan*
45(1156): 6 - 8, Apr. 22, 1949.

Beskrywing van die gebeure toe die Universi-
teitsbiblioteek in 1949 afgebrand het. Die
artikel is geïllustreer met foto's.

- 137 KRITZINGER, S.J. Munisipale (Carnegie)
biblioteek, Potchefstroom. *Suid-Afrikaanse*
biblioteke 21: 82 - 83, Jan. 1954.

Kort geskiedenis en beskrywing van
die Openbare Biblioteek met 'n foto van
die gebou.

- 138 LOHANN, C.A. Die biblioteek van die Onderwys-
kollege, Potchefstroom. *Boekegids* 7(3):

11 - 17, Junie 1960.

Beskrywing van die Onderwyskollege se biblioteek, toegelig met foto's.

- 139 LUSCOMBE, M.M. Eighteen months as librarian at the Teacher's Training College, Potchefstroom. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 15: 109 - 111, Apr. 1948.

Beskrywing van die stigting en organisasie van die sentrale biblioteek van die Onderwyskollege in 1947, nadat daar voorheen slegs klein klas-kamerversamelings was.

- 140 MCGREGOR, J.S.I. Potchefstroom High School for Boys. *School library review* 2(2): 68 - 69, 1938.

Hierdie beskrywing van die skoolbiblioteek van die Potchefstroom High School for Boys is oorspronklik na 'n besoek van die skrywer aan Suid-Afrika aan die Transvaalse Onderwyskommissie as memorandum voorgelê. (Kyk ook 145)

- 141 POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. Opname van akademiese aangeleenthede; 1965 - 1966: Die Universiteitsbiblioteek. Potchefstroom, Ferdinand Postma-Biblioteek, 1968.

'n Omvattende opname van die biblioteek se

organisasie en dienste, met projeksies van die verwagte groei met die oog op toekomstige beplanning.

- 142 VAN DER WALT, A.J. Vastrappers of volkstiepe. Potchefstroom, Koomans, (1920). p. 260.

Die skrywer verwys na 'n koerantberig van 26 Julie 1873 waarin berig word dat 'n groot en gereelde versameling koerante vir die leeskamer deur die komitee verkry is en dat mnr. F.W. Reid, voor hy na Engeland vertrek het, 'n glaskas met 'n aantal interessante en waardevolle boeke aan die Biblioteek geskenk het, om as nucleus te dien vir 'n biblioteek. Die boeke is in die leeskamer geplaas en die reëls vir die gebruik daarvan opgeplak. 'n Mnr. Zinn sal volgens die berig, op Dinsdae en Vrydae van 3 tot 5 nm. in die leeskamer op diens wees en dit was blykbaar al ure wat die biblioteek oop was.

- 143 VAN ROOY, H.C. Modulêre biblioteekgebou vir die Potchefstroomse Universiteit. *Suid-Afrikaanse biblioteke* 21: 7 - 12, Jul. 1953.

'n Beskrywing van die gebou van die universiteitsbiblioteek met 'n foto van die voltooië gebou en 'n afbeelding van die plan.

- 144 VAN ROOY, H.C. Nuwe biblioteek vir die
P.U. vir C.H.O. *Koers* 20: 125 - 130,
Feb. 1953.

Bevat dieselfde inligting as 143 met 'n foto
van die gebou.

- 145 WOOLF, D. Potchefstroom High School for Girls.
School library review 2(2): 69, 1938.

Die skrywer het Potchefstroom saam met mnr.
J.S.I. McGregor (kyk 140) besoek en beskryf
die biblioteek van die meisieskool.

BIOGRAFIESE INLIGTING

Baines, Thomas

- 146 WALLIS, J.P.R. Thomas Baines of King's Lynn (kyk 128). p. 43 - 49, 257 - 260.
Bevat inligting oor Baines se besoeke aan Potchefstroom.

Borrius, J.P.

- 147 ENGELBRECHT, S.P. Johannes Philippus Borrius. *Die Brandwag* 14(26): 26, Jul. 28, 1950.
Beskrywing van die lewe en werk van J.P. Borrius, bekende drukker in Potchefstroom. Foto's van Borrius en sy vrou, Nicolasina Susanna Borrius.
- 148 VERMOOTEN, F. 'n Drukker-pionier, Johannes Philippus Borrius, 1840 - 1892. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika (P.U.K. vir C.H.O.), 1945.
'n Omvattende lewensbeskrywing van J.P. Borrius, wat vir jare lank in Potchefstroom gewoon het.

Bührman, H.T.

- 149 SWART, M.J. Hendrik Teodor Bührman: sy rol in die Transvaalse Republiek. Kaapstad, H.A.U.M., 1963. p. 29 - 30, 42.
Bührman het 'n omstrede rol in die vroeë staatkundige ontwikkeling van die Republiek gespeel

as raadgewer van die Boere. In November 1848 woon hy 'n vergadering in Potchefstroom by waar baie burgers, en o.a. Gert Kruger, Andries Pretorius en Potgieter aanwesig is, en daar word 'n funksie ter ere van hom gereel. Onenigheid tussen Pretorius en Bührman veroorsaak dat laasgenoemde later in 'n hofsak op Potchefstroom betrokke raak.

Chapman, James

- 150 CLEMENT, A.J. "Chapman Khama" - the story of James Chapman. *Africana aantekeninge en nuus* 17: 195 - 215, 1956/57. p. 195.

In 1849 gaan Chapman op 17-jarige ouderdom na Potchefstroom om daar 'n handelaar te word. Omdat hy 'n Engelsman was, was hy nie baie welkom nie, en landdros Hermanus Lombard het selfs beweer dat die Boere Natal verloor het omdat hulle Engelse handelaars daar toegelaat het. Chapman slaag egter daarin om Lombard se vriendskap te wen en word die eerste Engelse handelaar in Transvaal.

Cronjé, Pieter (genl.)

- 151 CRONJE, Pieter. Herinneringen, door Generaal Piet Cronjé; opgetekend door Kapitein Jack Hindon. *Die Brandwag* 4(6): 167 - 174, Aug., 15, 1913; 4(7): 201 - 217, Sept. 1, 1913. p. 168, 170, 173 - 174, 200 - 217.

Genl. Piet Cronjé was gedurende die Eerste Vryheidsoorlog bevelvoerder van die Boeremag in Potchefstroom en die artikel handel groten-deels oor die stryd. Dit bevat egter ook biografiese besonderhede oor Cronjé, wie se vader op die plaas Goedgevonden in die distrik Potchefstroom geboer het. Cronjé maak melding van 'n leeujaag in 1863 op die plaas Taaibosfontein in die distrik. Die artikel bevat foto's van die Kerkplein, die Hervormde Kerk, die landdroskantoor, die winkel van Schikkerling aan die Kerkplein, adv. G.H. en mev. Buskes, J.P. Borrius en dr. Poortman.

Du Toit, J.D. (Totius)

- 152 d'ASSONVILLE, V.E. Dr. J.D. du Toit (Totius) se opleiding en vorming as predikant. Th.M.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1971. p. 48 - 53, 75.

Beskrywing van Totius se wedervaringe as lid van die Potchefstroomse kommando tydens die Eerste Vryheidsoorlog en sy bevestiging as predikant in Potchefstroom in 1903.

- 153 DONKER, Anthonie. De bliksem speelt om de doringboom; verkenning van Zuid-Afrika. 's-Gravenhage, Daamens, 1949. p. 116 - 121.

Beskrywing van 'n besoek aan Totius op Krugerskraal. Die persoon van die digter self en sy

plaas word pragtig uitgebeeld.

- 154 DU PLESSIS, L.J. Die mens Totius. *Die Huisgenoot* 18(610): 21, 105, Des. 1, 1933.
Kort beskrywing van die lewe en werk van Totius.
- 155 HOLST, A. Roland. Na een besoek aan Totius. *Die Huisgenoot* 31(1300): 19, Feb. 21, 1947.
Die beroemde Nederlandse digter gee 'n beskrywing van Totius en sy plaas, Krugerskraal.
- 156 NIENABER, C.J.M. Die mens Totius. Kaapstad, Human en Rousseau, 1962. p. 41, 45, 66 - 69.
Die skrywer beskryf Totius se ampsaanvaarding as predikant van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom en sy aandeel aan die verskuiwing van die Teologiese Skool vanaf Burgersdorp en die totstandkoming van die P.U.K. vir C.H.O.
Op p. 66 - 69 is daar 'n beskrywing van Totius se plaas Krugerskraal, waar hy 'n groot deel van sy werk aan die Bybelvertaling verrig het.
- Forssman, Magnus Johan Frederik*
- 157 FORSSMAN, A. Magnus Johan Frederik Forssman 1820 - 1874, Surveyor-General of the Z.A.R. 1864 - 1874; an historical sketch.

Pretoria, 1956. 16 p.

'n Kort beskrywing van die lewe van Magnus Forssman. Sy broer, die bekende O.W.A. Forssman, het die Regering oorgehaal om hom die pos van landmeter-generaal aan te bied en in 1864 arriveer hy in Potchefstroom. Die inligting in hierdie werkie is ongelukkig onsamehangend aangebied.

Forssman, Oscar Wilhelm Alric

- 158 FORSSMAN, A. Chevalier Oscar Wilhelm Alric Forssman. 1822 - 1889; biographical studies. (Pretoria, 1961) p. 13, 34 - 35.

FORSSMAN, A. Chevalier Oscar Wilhelm Alric Forssman, biographical studies, the last phase. Pretoria, 1962. p. 7 - 10, 11 - 12.

Daar bestaan werklik 'n behoefte aan 'n volledige biografie van Chevalier Forssman, die Sweed wat hom in 1846 op Potchefstroom kom vestig het, 'n geweldige rykdom versamel het, Portugese konsul geword het en bekendheid dwarsdeur die land verwerf het. Ongelukkig voorsien hierdie twee werkies, geskryf deur 'n nasaat, nie in die behoefte nie omdat die gegewens fragmentaries en onsistematies aangebied word. Daar kom wel interessante inligting in voor, soos die verhaal van Forssman se dogter, Jenny, wat in 1880 in Swede getroud is met Ernst Kreuger, die uitvinder van die

veiligheidsvuurhoutjie, en wie se seun Ivor Kreuger, die multimiljoenêr-vrygesel, se dood in 'n Paryse hotel in 1930 internasionale finansiële implikasies gehad het. Forssman se lotgevalle gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, toe sy twee kinders Alric (15) en Emily (getroud met dr. Sketchly) in die Fort aan koors dood is, word verhaal. Na die oorlog het Forssman 'n eis van £200 000 teen die Britse regering ingestel vir skade wat hy gely het.

Goetz, Martinus Andries

- 159 ROSENTHAL, E. Pioneers of South African municipal government: Martinus Andries Goetz of Potchefstroom. *South African municipal magazine* 32(388): 29, Dec. 1949.
Lewensbeskrywing van M.A. Goetz, die eerste burgemeester van Potchefstroom.

Moll, Cornelis

- 160 ENGELBRECHT, S.P. Cornelis Moll. *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 25:147, 1931.
Kort biografiese skets met 'n portret van Moll.

Nel, mev. Aletta

- 161 MRS. ALETTA NEL. *The forum* 3(4): 2, Apr. 20, 1940.
Kort verwysing na mev. Nel se dienste in die

Stadsraad met 'n portret van haar.

Poortman, dr. Bernardus

- 162 ENGELBRECHT, S.P. Dr. Bernardus Poortman.

Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 17:190, 1923.

Lewensbeskrywing met 'n portret van dr. Poortman.

Pretorius, M.W.

- 163 DU PLESSIS, T.A. M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat tot 1864. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1947. p. 66 - 67, 167, 297 - 301.

Omdat Pretorius in Potchefstroom gewoon het, is daar talle verwysings na die dorp in hierdie proefskrif. Daar word o.a. ook melding gemaak van die aankoms van ds. Van der Hoff (p. 66 - 67), die ontwerp van die Vierkleur deur Van der Hoff en die inswering van Pretorius as president (p. 167) en die Burgeroorlog (p. 297 - 301).

- 164 ROOS, J. de V. M.W. Pretorius, president van Transvaal en die Vrystaat. *Die Huisgenoot* 17(559): 12 - 13, 67, 69, Des. 9, 1932.

Biografiese gegewens uit 'n onderhoud wat die skrywer in 1890 met M.W. Pretorius gevoer het.

Die artikel bevat 'n foto van die monument
op M.W. Pretorius se graf.

Retief, Magdalena

- 165 PRELLER, G.S. Piet Retief, lewensgeskiedenis
van die grote Voortrekker, 10e druk.
Kaapstad, Nasionale pers, 1920. p. 370.
Magdalena Retief woon in 1852 in Potchefstroom.
Preller verwys na STUART (kyk 114, 166) se
beskrywing van 'n besoek aan haar.
- 166 STUART, J. De Hollandsche Afrikanen (kyk 114).
p. 217, 265.
Stuart beskryf sy besoeke aan die weduwee Retief
in 1852. Sy was toe tussen 65 en 70 jaar oud
en het in groot armoede in Potchefstroom gewoon.

Scorgie, Rose

- 167 SCORGIE, Rose. My swan song (kyk 110).
Outobiografie van Rose Scorgie wat in 1881
te Potchefstroom gebore is en tot 1912 hier
gewoon het.

Van der Hoff, ds. Dirk

- 168 DREYER, J.G.M., PRINSLOO, J.J. en VENTER, P.W.
Ds. Dirk van der Hoff, die eerste predikant
van Transvaal. Pretoria, Wallach's in
opdrag van die Van der Hoff-vereniging (1928).

Die werk bevat talle verwysings na Potchefstroom en Van der Hoff se verblyf aldaar. Op p. 12 - 20 word sy aankoms en eerste jare in die dorp beskryf en op p. 39 word na hom verwys as die waarskynlike ontwerper van die Vierkleur. Teenoor p. 28 verskyn 'n foto van die trougeselskap van ds. Van der Hoff se dogter in 1873, en teenoor p. 55 foto's van die graf van ds. Van der Hoff en 'n kerkviering te Potchefstroom.

- 169 ERASMUS, F.W.L. Ds. Dirk van der Hoff; 'n kritiese beoordeling van sy werksaamhede in die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1877. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika (P.U.K. vir C.H.O.), 1950.

Beskrywing van ds. Van der Hoff se werk, met talle verwysings na die rol wat hy op kerklike, staatkundige en onderwysgebied op Potchefstroom gespeel het.

- 170 (VAN WARMELOO, ds.) Een herinnering aan ds. Dirk van der Hoff, in leven predikant der Ned. Hervormde Gemeente van Potchefstroom, Zuid-Afrikaansche Republiek. Potchefstroom, J.P. Borrius, 1881. 15 p.

Hierdie werkie, wat vandag baie skaars is, is van belang omdat dit by die drukkerij van J.P. Borrius te Kerkstraat 130, Potchefstroom gedruk is. Volgens die voorwoord is dit aan

die vriende van ds. Van der Hoff na sy dood aangebied "als een gedachtenis aan den man, die gedurende meer dan 28 jaren het Evangelie in Transvaal heeft verkondigd". 'n Eksemplaar van die publikasie is in die Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Pretoria geraadpleeg.

- 171 DU PLESSIS, T.A. M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat (kyk 163). p. 297 - 301.

Beskrywing van die Burgeroorlog en Pretorius se aandeel daaraan.

- 172 GRIMSEHL, H.W. Die rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861 - 1864). *Historia* 2: 227 - 238, 1957.

Talle verwysings na die gebeure op Potchefstroom tydens die oorlog.

- 173 HILLIER, A.P. Raid and reform by a Pretoria prisoner. London, Macmillan, 1898. p. 13 - 14.

Hillier was een van die lede van die Reform Committee wat gevangenisstraf opgelê is en hy skryf oor politieke toestande in Transvaal. In sy historiese oorsig beskryf hy die Burgeroorlog en die gebeurtenisse in Potchefstroom kortliks.

- 174 IWAN-MÜLLER, E.B. Lord Milner and South Africa. London, Heinemann, 1902. p. 478 - 481.

Beskrywing van die Burgeroorlog in Potchef-
stroom.

- 175 JUTA, Marjorie. The pace of the ox; the life
of Paul Kruger. London, Constable, 1936.
p. 106 - 108.

Paul Kruger se vete met Schoeman en hulle
gevegte op Potchefstroom.

- 176 MCGILL, D.C. A history of the Transvaal
1853 - 1864 (kyk 74). p. 206 - 220.

Beskrywing van die Burgeroorlog.

- 177 MALAN, J.H. Die opkoms van 'n republiek.
Bloemfontein, Nasionale pers, 1929. p.
324.

Die werk handel oor die geskiedenis van die
Oranje-Vrystaat, maar bevat ook talle terloopse
verwysings na Potchefstroom. Op p. 324 word
die Burgeroorlog beskryf en word daar verwys
na die episode in 1857 toe A. Forssman uit die
Kaapkolonie op reis was met 2000 lb. kruit,
4000 lb. lood, 10 000 doppies, 20 000 geweer-
stene, 12 gewerslotte en 500 lb. hael wat die
Transvaalse regering gekoop het, en die
Vrystaatse regering daarop beslag gelê het.

- 178 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom,
1838 - 1938. Johannesburg, Afrikaanse
Pers, 1938. p. 61 - 76.
Hoofstuk IX van die werk handel oor "Die
Grondwet en die Burgeroorlog".
- 179 VAN DYK, J.H. Die burgeroorlog in die Suid-
Afrikaanse Republiek, 1860 - 1864. M.A.-
verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika
(P.U.K. vir C.H.O.), 1932.
Beskrywing van die Burgeroorlog met talle ver-
wysings na die gebeure op Potchefstroom.

EERSTE VRYHEIDSOORLOG

- 180 ABRAHAM, F. Die sūdafrikanische Republik; eine historische Skizze. Berlin, Verlag der Goldminen-Revue, 1896. p. 25 - 26.
Kort verwysing na die uitbreek van die oorlog in Potchefstroom. Bevat min gegewens.
- 181 AFRICANUS, *pseud.* The Transvaal Boers, a historical sketch. London, Marshall, 1899. p. 30, 66.
Verwys kortliks na die Bezuidenhout-episode en die uitbreek van die Oorlog in Potchefstroom.
- 182 AITTON, D. Korte geskiedenis van de Republieken in Zuid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., (voorw. 1898). p. 132.
Die werk is vir skoolgebruik bedoel en bevat slegs 'n kort beskrywing van die oorlog in Potchefstroom.
- 183 AMERY, L.S. *red.* The Times history of the War in South Africa. London, Sampson Low, 1900 - 1909. 7 vols. vol. 1, p. 48, 65.
Die werk is 'n omvattende geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, maar in die historiese inleiding is daar 'n kort beskrywing van die gevegte in Potchefstroom en die beleg van die Fort.

- 184 B., H.P. Eerste skote van die Eerste Vryheids-
oorlog gevuur op 16 Des. 1880 - soos mnr.
J.J. Terblanche dit belewe en meegedeel het
aan H.P.B. *Die Huisgenoot* 26(1040): 29,
Feb. 27, 1942.

Die uitbreek van die oorlog soos verhaal deur
'n ooggetuie. Dit is een van die weinige
eerstehandse beskrywings van Boerekant.

- 185 BELLAIRS, *Lady*. The Transvaal War, 1880 - 1881.
Edinburgh, Blackwood, 1885. p. 242 - 275.

Lady Bellairs het die oorlog self meegemaak en
haar boek is een van die belangrike bronne van
inligting oor die verloop daarvan. Sy beskryf
dan ook die gevegte in Potchefstroom en die
beleg van die Fort baie volledig. Die werk is
in 1972 herdruk (Africana colectanea, vol. 41.
Cape Town, Struik, 1972).

- 186 BEZUIDENHOUT, C.P. De geschiedenis van het
Afrikaansch geslacht van 1688 tot 1882
vergeleke met Psalm 80, vers 9 tot 16.
Gedrukt ten kantore van den Oranjevrijstaat
nieuwsblad maatschappij - C. Borckenhagen,
1883. p. 15, 21 - 30.

'n Interessante werkie wat gedeeltelik in
prosa en gedeeltelik in rym geskryf is. Dit
is in tipiese Nederlandse Bybeltaal en die
rymgedeeltes kan op die wysies van bekende
psalms gesing word. Die skrywer was self

gedurende die oorlog in Potchefstroom en
hoewel hy eerstehandse inligting verskaf, is
hy miskien te oorentoesiasties om die Boere
se saak op godsdienstige gronde te verdedig.
'n Voorbeeld van sy rympies klink so:

"Sir Winsloo heeft gebombardeer
Met schroten en granaat,
Gedane zaken neemt geen keer,
Dit heeft hem niets gebaat.

Zoo lang als Potchefstroom sal staan,
Getuigt hij van Gods macht;
Van 'tgeen de Heer heeft hier gedaan,
Voor't Afrikaansch geslacht."

- 187 The BOERS at home; jottings from the Transvaal.
Blackwood's magazine 130: 753 - 770, 1881.
p. 764, 769.

'n Tydskrifartikel wat pas na die afloop van
die oorlog verskyn het en waarin vertel word
hoedat die Britse garnisoen na die vrede-
sluiting weer teruggekeer het na Potchefstroom
"to pick up their lost honour". Die tereg-
stelling van Britse spioene op Potchefstroom
word ook beskryf.

- 188 BUCHAN, John, *1st Baron Tweedsmuir*. The history
of the Royal Scots Fusiliers, 1678 - 1918.
London, Nelson, 1925. p. 244 - 249, 274.
'n Afdeling van die Royal Scots Fusiliers was

betrokke by die beleg van die Fort en die skrywer verhaal die gebeure in Potchefstroom van die Bezuidenhout-episode tot aan die einde van die beleg. Sy gegewens in verband met die einde van die beleg is egter nie in ooreenstemming met ander beskrywings nie. Op p. 274 beskryf Buchan hoedat die Britse vlag, wat in 1881 deur die Engelse ondersteuners begrawe is, op 15 Junie 1899 op die ou fort in Potchefstroom gehys is, nadat dit deur 'n erewag van Lichtenburg gebring is.

- 189 BULPIN, T.V. Lost trails of the Transvaal (kyk 33). p. 194, 202, 206 - 207.
Beskrywing van die verloop van die Eerste Vryheidsoorlog in Potchefstroom.
- 190 CARTER, T.F. A narrative of the Boer War: its causes and results. London, Remington, 1883. p. 104 - 111, 116 - 128, 389 - 431.
Mendelssohn sê hiervan: "The best work which has been published on the Boer War of 1880 - 1881 up to date". Die werk is wel baie volledig en bevat baie inligting, maar ongelukkig is die skrywer baie bevooroordeeld teenoor die Boere en skep hy dikwels 'n eenzijdige beeld. Hy beskryf die Bezuidenhout-episode, die uitbreek van die oorlog en wy 'n hele hoofstuk aan die beleg van Potchefstroom. Hy besoek Potchefstroom na die oorlog en gee

ook 'n algemene beskrywing van die dorp.

- 191 CHILVERS, H.A. The yellow man looks on.
London, Cassell, 1933. p. 57 - 65.
'n Baie goeie feitlike beskrywing van die beleg
van die Fort.
- 192 CLARKE, J. Monuments of South Africa: old
fort, Potchefstroom. *Personality* 86: 21,
Mei 25, 1967.
Beskrywing met 'n foto van die Fort.
- 193 COLVIN, I.D. South Africa. London, Jack,
(s.j.) p. 304 - 305, 311.
Kort verwysing na die gevegte in Potchefstroom
en die beleg van die Fort.
- 194 CRONJÉ, P. Herinneringen, door Generaal Piet
Cronjé (kyk 151). p. 173 - 174, 200 - 217.
Belangrik, omdat dit die verhaal van die stryd
op Potchefstroom is soos deur die bevelvoerder
van die Boeremag aldaar self vertel.
- 195 DAVISON, C.F. The case of the Boers in the
Transvaal, 2nd. ed. London, William Ridgway,
1881. p. 19.
'n Kort pamflet wat die Boere se saak in
Engeland probeer stel. Die skrywer verwys
kortliks na die uitbreek van die oorlog in
Potchefstroom.

- 196 DE JAGER, N.J. Die werksaamhede van die Koninklike Kommissie van 1881 in Transvaal. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1959. p. 51, 59 - 62.

Die Koninklike Kommissie het onder andere sekere beweerde oorlogsmisdade deur die Boere ondersoek, soos die teregstellings van Woite, Van der Linden en Carolus en die dood van Findlay op Potchefstroom. Die skrywer beskryf hierdie gebeurtenisse en die Kommissie se bevindings daaromtrent.

- 197 DE VRIES, M. Die geskiedenis van die Transvaal, of die Suit-Affrikaanse Republiek van die laaste tien jaare gevertel door Klaas Waarsegger aan zijn neeft Martinust in Hollant in die eige Boere zijn taal. Leiden, Sijthoff, 1881. p. 65, 67 - 68.

Die skrywer was voorsitter van die Transvaalse Volksraad en die werkie is in vroeë Afrikaans geskryf. Hy vertel van die Bezuidenhout-episode en kom tot die slotsom: "As in die saak ingekijk is, dan sal men mos kan sien hoe onwettig die goffernement gehandel het".

- 198 DIARY of events that occurred at the town of Potchefstroom, Transvaal during the rising of the Boers against the British Government, commencing on the 15th December, 1880. London, The Crown Print co., (s.j.).

Hierdie dagboek is opgeneem in T.F. Carter se *A narrative of the Boer War* (kyk 190) en volgens hom is dit geskryf deur 'n inwoner van die dorp. Dit verskaf baie waardevolle inligting in verband met die belewenisse van die dorpenaars buite die Fort.

- 199 DIXIE, *Lady* Florence. In the land of misfortune (kyk 39). p. 155 - 169.

Die skryfster besoek die dorp na afloop van die oorlog as korrespondente van die *Morning post* saam met die afdeling Britse soldate wat na Potchefstroom teruggekeer het as teken van die Engelse se gesag. Sy beskryf hoe die Fort na die beleg daar uitgesien het.

- 200 DU PLESSIS, C.N.J. Uit de geschiedenis van de Zuid Afrikaansche Republiek en van de Afrikaners. Amsterdam, J.H. de Bussy, 1898. p. 17 - 39.

'n Beskrywing van die gevegte in Potchefstroom en die beleg van die Fort. Van dieselfde skrywer het daar 'n vollediger beskrywing in die werk deur J.D. WEILBACH en C.N.J. DU PLESSIS, *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (kyk 256) verskyn.

- 201 FISHER, W.E.G. The Transvaal and the Boers. London, Chapman and Hall, 1896. p.202 -205.

Beskryf die Bezuidenhout-episode en die uit-
breek van die oorlog.

- 202 FITZPATRICK, J. Percy. The Transvaal from
within. London, Heinemann, 1900. p. 25,
31, 35 - 36, 155.

'n Beskrywing van toestande in Transvaal deur
die bekende skrywer van *Jock of the Bushveld*,
waarin Fitzpatrick verwys na die Bezuiden-
hout-episode en die verdediging van die Fort.
Hy was die Boere glad nie goedgesind nie en
beskuldig genl. Cronjé van onsportiewe optrede
tydens die beleg.

- 203 FORBES, A., *e.a.* Battles of the nineteenth
century. London, Cassell, 1896 - 1897.
2 vols. Vol. 1, p. 429.

'n Kort onvolledige beskrywing van die
Bezuidenhout-episode.

- 204 GRANT, J. Recent British battles on land and
sea. (Kyk 55) p. 378 - 381.

'n Redelik volledige beskrywing van die beleg
van die Fort.

- 205 GROOT BRITTANJE. Papers by command. (c2838)
Presented March 1881. Copy of a despatch,
etc. from Sir W. Owen Lanyon dated January

23rd, 1881, reporting on the affairs of the Transvaal. London, Eyre and Spottiswoode for H.M.S.O., 1881.

Die publikasie bevat 'n verslag van kol. R.W.C. Winsloe oor die toestande in die beleërde fort in Potchefstroom.

- 206 GROOT BRITTANJE. Transvaal Royal Commission. Report of the commissioners appointed to inquire into and report upon all matters relating to the settlement of the Transvaal Territory. London, Eyre and Spottiswoode for H.M.S.O., 1882.

Part 1 (c3114) p. 24 - 25;

Part 2 (c3219) p. 71 - 78.

Bevat die bevindings van die Koninklike Kommissie in verband met die vonnisse en teregstellings van Woite, Van der Linden, Carolus en Findlay in Potchefstroom, en ook 'n verslag van die getuienis van dr. Jorissen, Paul Kruger en pres.Brand oor die oorgawe van die garnisoen.

- 207 GROVES, P. History of the 21st Royal Scots Fusiliers (1678 - 1895). Edinburgh, A.K. Johnston, 1895. p. 50, 52 - 53, 67.

'n Afdeling van die Royal Scots Fusiliers was van 16 Desember 1880 tot 22 Maart 1881 onder bevel van kol. Winsloe in die Fort vasgekeer. Groves gee 'n beskrywing van die beleg, en ook

van Winsloe, wat o.a. in die Krim-oorlog en
Burma geveg het, se loopbaan.

- 208 HAGGARD, H. Rider. Cetywayo and his white
neighbours; or, Remarks on recent events
in Zululand, Natal, and the Transvaal, new
edition. London, Kegan Paul, 1902.
p. 305 - 309.

Die oorspronklike uitgawe van hierdie werk
het in 1882 verskyn en dit bevat dieselfde
inligting oor die gevegte in Potchefstroom as
Haggard se *The last Boer War* (kyk 209).

- 209 HAGGARD, H. Rider. The last Boer War.
London, Kegan Paul, 1899. p. 2, 123 - 124,
126 - 128, 231 - 238.

Haggard was bitter bevooroordeeld teenoor die
Boere en beskryf die uitbreek en verloop van
die oorlog in Potchefstroom. Op p. 231 - 238
is daar 'n bylae getiteld "The Potchefstroom
atrocities" oor die sogenaamde moorde en wan-
praktyke deur die Boere tydens die beleg van
Potchefstroom.

- 210 HAY, James R.M. Dalrymple. Defence of
Potchefstroom. s.pl., s.j. (For private
circulation only) 18 p.

Die enigste eksemplaar van hierdie skaars
werkie wat in Suid-Afrika en oorsee opgespoor

kon word, is 'n fotokopie in die Strange-versameling van die Johannesburgse Openbare Biblioteek. Hay was as Britse offisier in Potchefstroom by die oorlog betrokke, eers in bevel van die 20 man wat hulle in die tronk verskans het, en daarna vir die res van die beleg in die Fort. Hy gee 'n baie goeie beskrywing van die verloop van die gevegte in dagboekvorm.

- 211 HEYNEKE, C.S. Boere-reaksie teen die annekasie van die Transvaal, 1877 - 1880. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1961. p. 106 - 119.
'n Wetenskaplike verhandeling waarin onder andere die uitbreek van die oorlog in Potchefstroom volledig beskryf word.
- 212 HEYNS, M. Die Eerste Vryheidsoorlog, 1877 - 1881. D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1941. 2 bde. p. 241 - 245, 276 - 308.
'n Baie deeglike en volledige beskrywing van die Bezuidenhout-episode en die verdere verloop van die gevegte en beleg in Potchefstroom.
- 213 HEYNS, M. Om die vryheid van Transvaal (1877 - 1881). M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1937. p. 75 - 85.

Beskrywing van die ontstaan en verloop van
die gevegte in Potchefstroom.

- 214 HINTRAGER, O. Geschichte von Südafrika.
München, Oldenbourg, 1952. p. 184, 275 -
277.
Verwys na die stigting van Potchefstroom en
beskryf die verloop van die oorlog in die
dorp.
- 215 IWAN-MÜLLER, E.B. Lord Milner and South
Africa. (kyk 174) p. 249.
Beskryf die Bezuidenhout-episode kortliks.
- 216 JONKHEID, K. De geschiedenis der Transvalers,
verkort voor kinderen. Vrijheid, Z.A.R.,
A. von Levetzow, 1897. p. 30, 43 - 46,
58 - 59.
Jonkheid was 'n onderwyser in Vryheid en die
werk is as handboek vir gebruik in Transvaalse
skole bedoel. Hy verwys na die stigting van
Potchefstroom, die Bezuidenhout-voorval, die
uitbreek van die oorlog en die beleg van die
Fort.
- 217 JORDAN, R. Surrender of Potchefstroom, 1881.
Krygshistoriese tydskrif 1(4): 12 - 13,
Jun. 1969.

'n Bespreking van die omstandighede rondom die oorgawe van die garnisoen in die Fort in 1881.

- 218 JORISSEN, E.J.P. Onbekende herinneringe van dr. E.J.P. Jorissen oor die Eerste Vryheidsoorlog, meegedeel deur S.P. Engelbrecht, oorgedruk uit "Die Volkstem", (1937) p. 21, 23.

Beskrywing van die Bezuidenhout-episode en die eerste skote wat op Potchefstroom gevuur is.

- 219 JUTA, Marjorie. The pace of the ox (kyk 175). p. 174 - 176.

Beskrywing van die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog op Potchefstroom.

- 220 KAPTEIN, A. De Unie van Zuid-Afrika. Amsterdam, C. den Boer, 1952. p. 149 - 150.

'n Baie kort verwysing na die uitbreek van die oorlog in Potchefstroom.

- 221 KLOK, J. De Boerenrepublieken in Zuid-Afrika. Utrecht, Joh. de Liefde (1901). p. 302 - 306.

'n Beskrywing van die gevegte in Potchefstroom en die beleg van die Fort. Die werk bevat ook ander verwysings na die geskiedenis van die dorp.

- 222 KOTZÉ, Sir John. Biographical memoirs and reminiscences (kyk 65). p. 737 - 741.
As hoofregter van Transvaal het Sir John Kotzé oor 'n fyn waarnemingsvermoë beskik en hy verskaf 'n goeie beskrywing van die begin van die oorlog in Potchefstroom.
- 223 KOTZÉ, S.W.J. Beleg van Potchefstroom, 16 Desember - 21 Maart 1881. *Krygshistoriese tydskrif* 1(1): 10 - 13, Des. 1967.
Beskrywing van die Fort self en van die beleg. Die artikel bevat foto's van die Kruithuis en van die gedenkteken by die Fort.
- 224 KRAKENSTEIN, E. Kurze Geschichte der Berliner Mission in Südafrika. Dritte Auflag, fortgeführt bis zu Ende 1886. Berlin, Selbstverlag des Missionshauses, 1887. p. 208 - 213.
Die werk handel eintlik oor die geskiedenis van die Berlynse Sending in Suid-Afrika, maar dit verskaf ook 'n goeie beeld van die toestand in Potchefstroom gedurende die oorlog.
- 225 KRÜGER, D.W. Paul Kruger. Johannesburg. Dagbreek-Boekhandel, 1961 - 1963. 2 dele. dl. 1, p. 198 - 199, 208 - 211.
Beskrywing van die Bezuidenhout-episode en die begin van die Eerste Vryheidsoorlog.

- 226 LEASK, T. The Southern African diaries (kyk 68) p. xlii - xlviii.
Thomas Leask, 'n bekende handelaar van Klerksdorp, het tydens die oorlog op Potchefstroom met die Boere in 'n konfrontasie gekom oor handelsware en ammunisie.
- 227 LEHMAN, J.H. The first Boer War. London, Jonathan Cape, (1972). p. 96, 99 - 101, 122, 125, 132, 140, 144, 189 - 192, 201 - 206, 209, 270, 285 - 287.
'n Moderne weergawe van die verloop van die oorlog met baie inligting oor die Bezuidenhout-episode, die begin van die oorlog, die gevegte en die beleg van die Fort in Potchefstroom.
- 228 LENK, H. von. Die Geschichte der Buren 1652 - 1899. Leipzig, Philipp Reclam, (voorw. 1901 - 1903). 3 bde. Bd. 2, dl. 1, p. 89 - 91; bd. 2, dl. 2, p. 8 - 16.
Beskrywing van die Bezuidenhout-episode en die verloop van die oorlog in Potchefstroom.
- 229 LEYDS, W.J. De eerste annexatie van de Transvaal. Amsterdam, Albert de Lange, 1906. p. 331 - 333, 339 - 344.
'n Beskrywing van die uitbreek van die oorlog, die beleg van die Fort en 'n lang beredenering in verband met die feite oor die oorgawe van die garnisoen.

- 230 LION CACHET, F. De worstelstrijd der Transvalers (kyk 72). p. 531 - 535, 564, 568 - 570.
Goeie beskrywing van die uitbreek en verloop van die oorlog, die beleg en die uitsprake van die Koninklike Kommissie.
- 231 MARSHALL, J.R. Heidelberg to Rachan. London, Blackwood, (1937?) p. 17 - 20.
Die beskrywing van die uitbreek van die oorlog en die beleg van die Fort is ietwat oordrewe en die skrywer se gegewens berus skynbaar op hoorsê.
- 232 MEINTJES, J. The Commandant-General: the life and times of Petrus Jacobus Joubert of the South African Republic, 1831 - 1900. Cape Town, Tafelberg, 1971. p. 12, 73 - 76.
Genl. Piet Joubert is op 2 April 1851 te Potchefstroom getroud met Hendrina Botha (p. 12). Meintjes beskryf ook die gevegte op Potchefstroom.
- 233 NATAL Mercury. Durban. The Transvaal war, 1881; reprinted from the "Natal Mercury". Durban, Natal Mercury, (1881?). p. 27, 121.
Bevat 'n beskrywing gedateer 20 Januarie 1881 van die beleg van Potchefstroom en 'n baie volledige plan van die dorp.

- 234 NIXON, J. The complete story of the Transvaal (kyk 89). p. 217 - 228.
Lang beskrywing van die beleg van die Fort.
- 235 NORRIS-NEWMAN, C.L. With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880 - 1, second edition. London, Abbott, Jones and co., (s.j.). p. 34, 109, 238 - 243, 360 - 363.
Beskryf die Bezuidenhout-insident, die beleg en oorgawe van die garnisoen.
- 236 ORFORD, J.G. 95 days; the siege of the Fort at Potchefstroom, 16th December, 1880 - 21st March, 1881. Potchefstroom, Town Council, (1973).
'n Beskrywing van 68 bladsye van die beleg van die Fort en 'n deeglike oorsig van die gebeure in Potchefstroom gedurende die oorlog.
- 237 POIRIER, J. Le Transvaal (kyk 95). p. 157 - 159.
Beskrywing van Potchefstroom gedurende die oorlog.
- 238 POTCHEFSTROOM, Stadsraad. Potchefstroom, 1838 - 1938 (kyk 178). p. 77 - 97.

'n Lang en volledige beskrywing van die
verloop van die oorlog.

- 239 PRELLER, G.S. Daglemier in Suid-Afrika;
oorsig van die geskiedenis van Suid-Afrika,
van die vroegste tye tot 1881. (Pretoria),
Wallachs, 1937. p. 328 - 329.
Algemene geskiedeniswerk met 'n kort beskrywing
van die gevegte in Potchefstroom.
- 240 REED, J.H. The Transvaal from without.
Manchester, Thos. Sowler and Sons, 1900.
p. 93 - 94.
Die werk bevat min gegewens oor die uitbreek
van die oorlog en die beleg van Potchefstroom.
- 241 ROBERTS, Brian. Ladies in the veld. London,
John Murray, 1965. p. 101, 108 - 111.
Beskryf Lady Florence Dixie (kyk 199) se tog na
en verblyf in Potchefstroom saam met die 94e
regiment wat na die Eerste Vryheidsoorlog na die
dorp gestuur is as teken van die Britse gesag.
- 242 ROSENTHAL, E. General de Wet; a biography.
Second edition. Cape Town, Simondium,
1968. p. 28.
Kort verwysing na die Eerste Vryheidsoorlog en
die gebeurtenisse in Potchefstroom.

- 243 RUNDLE, H.M.L. *Siege of Potchefstroom.*
Proceedings of the Royal Artillery Institution.
 12(1): 7 - 16, 1882.
- 'n Belangrike weergawe van die beleg omdat die skrywer self 'n lid van die bleerde garnisoen en dus 'n ooggetuie was. Die beskrywing is egter baie saaklik en gee slegs die essensiële feite. Die artikel is geïllustreer met planne van die Fort en die dorp.
- 244 SCHREUDER, D.M. Gladstone and Kruger; liberal government and colonial "Home Rule" 1880 - 85. London, Routledge, 1969. p. 88, 116, 183 - 186, 190, 202, 205.
- Die skrywer verwys na die Bezuidenhout-episode, die uitbreek van die oorlog en die gevolge van die oorgawe van die garnisoen, asook na die bevindinge van die Koninklike Kommissie.
- 245 SHAW, J.F. de F. The services of the Royal Artillery in the First Boer War, 1880 - 1881. *Journal of the Royal Artillery* 56:327 - 357, 1929 - 1930. p. 331, 349 - 356.
- Die skrywer maak hoofsaaklik van WINSLOE (kyk 259) se beskrywing gebruik vir sy relaas van die uitbreek van die oorlog en die beleg van die Fort.

- 246 SMITH, R. The great gold lands of South
(kyk 111). p. 96 - 98.
Naas sy beskrywing van die dorp self, vertel
Smith van die gebeure tydens die oorlog.
- 247 SMITHERS, Mev. Elsa (Dietrich). March hare
(kyk 14).
Mev. Smithers was self in die beleg van Pretoria
en sy vertel van die gebeure in Potchefstroom
soos sy dit van Nonnie Forssman gehoor het.
Volgens haar beskrywing van die beleg lyk dit
egter of sy ook baie van WINSLOE (kyk 259) se
werk gebruik gemaak het.
- 248 STATHAM, F.R. Paul Kruger and his times.
London, T. Fisher Unwin, 1896. p. 122 -
123, 128 - 129.
'n Kort beskrywing van die Bezuidenhout-
episode en die eerste skote van die oorlog.
- 249 STRECKER, C.C. Auf den Diamanten- und Gold-
felderden Südafrikas (kyk 113). p. 123 -
131.
Beskryf die uitbreek van die oorlog en vertel
die verhaal van Biskop Jolivet, wat toevallig
op 16 Desember 1880 toe die oorlog uitgebreek
het in Potchefstroom was en vir 'n rukkie deur
die Boere aangehou is.

- 250 UIT ons geskiedenis. Potchefstroom 1881:
 die Engelse fort. *Rooi Rose* 23(23): 49,
 Jun. 21, 1967.
 'n Populêre beskrywing van die Fort en die
 beleg.
- 251 VALLENTIN, W. Die Geschichte der Süd-
 Afrikanischen Republik, Transvaal. Band II:
 Die Buren und ihre Geschichte. Berlin,
 Hermann Paetel, 1902. p. 179 - 182.
 Die werk het in Duitsland verskyn gedurende die
 Tweede Vryheidsoorlog, toe daar groot openbare
 belangstelling in die Boere was, en gee onder
 andere 'n relaas van die gebeure in Potchef-
 stroom tydens die Eerste Vryheidsoorlog.
- 252 VAN COLLER, H.P. Generaal P.A. Cronjé:
 'n lewenskets. D.Phil.-proefskrif,
 Universiteit van Pretoria, 1945. p. 44 -
 102.
 Een van die volledigste beskrywings van die
 verloop van die oorlog in Potchefstroom en die
 aandeel van genl. Cronjé, bevelvoerder van die
 Boere, daarin. Die Bezuidenhout-episode en
 Raaff se pogings om Cronjé in hegtenis te neem
 word uitvoerig beskryf.
- 253 VAN DER LOO, C.J. De Geschiedenis der Zuid-
 Afrikaansche Republiek (kyk 123). p. 148 -
 150.

Bezuidenhout-episode en uitbreek van die oorlog.

- 254 VAN OORDT, J.F. Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam, H.A.U.M., 1898. p. 300 - 303, 321.
Beskrywing van die begin en verloop van die stryd in Potchefstroom.
- 255 VULLIAMY, C.E. Outlanders, a study of imperial expansion in South Africa, 1877 - 1902. London, Jonathan Cape, (1938). p. 58 - 61.
Uitbreek van die oorlog in Potchefstroom.
- 256 WEILBACH, J.D. en DU PLESSIS, C.N.J. Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog. Kaapstad, Saul Solomon, 1882. p. 126 - 147, 148 - 209, 324 - 343.
Een van die volledige beskrywings van die begin en verloop van die stryd van Boerekant. Kmdt. du Plessis was self in Potchefstroom met die uitbreek van die oorlog, en hy verskaf dus 'n ooggetuie-verslag.
- 257 WENZELBURGER, K.T. Die Geschichte der Buren. Nürnberg, Banckwitz, 1902. p. 294 - 295.
Kort verwysing na die begin van die oorlog in Potchefstroom.

- 258 WHITESIDE, J. History of the Wesleyan
Methodist Church of South Africa. London,
Elliot Stock, 1906. p. 423 - 424.

Beskryf die toestande in Potchefstroom gedurende
die oorlog. Eerw. S.B. Cawood van die
Wesleyaanse Kerk is o.a. deur die Boere aangehou
weens 'n oortreding van die aandklokke.

- 259 WINSLOE, R.W.C. The siege of Potchefstroom
(Transvaal War, 1880 - 1881). *Macmillan's*
magazine no. 282: 443 - 463, April 1883.

WINSLOE, R.W.C. The siege of Potchefstroom.
London, Simpkin Marshall (1896). 42 p.

WINSLOE, R.W.C. The siege of Potchefstroom:
a military episode of the 1880 - 81 war.
(Potchefstroom, Potchefstroom Herald) s.j.

Lt.- Kol. Richard William Charles Winsloe was
die bevelvoerder van die Britse garnisoen in
die Fort en uit die aard van die saak is sy
eerstehandse beskrywing een van die belangrikste
bronne van inligting oor die beleg. Nadat sy
artikel oorspronklik in 1883 in *Macmillan's*
magazine verskyn het, is dit in bygewerkte vorm
in 1896 herdruk. Later het dit ook in ver-
volgvorm in die *Potchefstroom Herald* verskyn,
en is dit weer in boekvorm herdruk. Winsloe
was in Pretoria gestasioneer toe hy opdrag gekry
het om die bevel op Potchefstroom te gaan oor-
neem. Hy het dit verwelkom want "... there

seemed at least a chance of a break in the monotony at Pretoria" (p. 3). Daarna volg 'n volledige beskrywing van die ontberings wat die beleerdes vir die volgende drie maande moes verduur.

- 260 ZEEDERBERG, Harry. Golden days. Johannesburg, Van Riebeeck, 1972. p. 64 - 65.
'n Jeugboek met 'n kort beskrywing van die beleg van Potchefstroom.

FIKTIEWE VERTELLINGS

- 261 BLACKBURN, D. Prinsloo of Prinsloosdorp; a tale of Transvaal officialdom. London, Alston Rivers, 1908.

'n Politiese satire wat glo nie baie gewild was onder die boere nie. Dit is die fiktiewe verhaal van Piet Prinsloo wat vorder van veldkornet tot mynkommissaris, sonder dat hy enige opleiding gehad het. Volgens die verhaal het Piet in Potchefstroom gewoon en in die werk is daar talle verwysings na die dorp.

- 262 COBBAN, J.M. Cease fire! A story of the Transvaal War of '81. London, Methuen, 1900.

'n Roman oor die Eerste Vryheidsoorlog wat op Potchefstroom afspeel. Op die eerste twee bladsye is daar 'n mooi beskrywing van die dorp en die Bezuidenhout-episode is in die verhaal ingewef.

- 263 GRAYDON, W.M. With Boer and Britisher in the Transvaal. New York, Street and Smith, (1899?).

'n Fiktiewe verhaal oor die Eerste Vryheidsoorlog. Op p. 51 - 52 word die Bezuidenhout-voorval beskryf.

- 264 GRIFFITH, G. Briton or Boer? A tale of the
 fight for Africa. London, White, 1897.
 Volgens die voorwoord is dit 'n "essay in
 prophetic fiction", wat die verloop van die
 komende Anglo-Boereoorlog beskryf. Op p. 161
 word verwys na genl. Cronjé se optrede teenoor
 krygsgevangenes op Potchefstroom in 1881.
- 265 JUNIUS, J.H. Het leven in Zuid-Afrika.
 Amsterdam, H.C.A. Campagne en Zoon (1897?).
 p. 281 - 304.
 Junius het self meer as 30 jaar in Suid-Afrika
 gewoon, en in hierdie fiktiewe verhaal beskryf
 hy die dorp, die Mooirivier, Wonderfontein, 'n
 Transvaalse donderstorm en oud-President M.W.
 Pretorius in sy smidswinkel.
- 266 KLITSGRAS, J.W. 'n Ware geskiedenis: Uit de
 put in de Klitsgras, of, Een avontuur van
 'n Potchefstroomer. *Zuid-Afrikaansche tijd-
 schrift* 30: 72 - 77, Sept. 1892.
 'n Humoristiese gedig deur J.W. Klitsgras van
 Potchefstroom, in Afrikaans geskryf, oor 'n
 episode wat hom op die dorp afgespeel het.
- 267 PENNING, L. De scherpschutters van Zuid-Afrika;
 Een verhaal uit den Vrijheidsoorlog der
 Transvaalsche Boeren tegen het Engelsch
 gezag 1880 - 81. Gorischem, F. Duyn, 1897.

p. 26, 96 - 102.

'n Fiktiewe verhaal met die Eerste Vryheids-
oorlog as agtergrond. Die hoofkarakter is 'n
dertienjarige boereseun wat die oorlog na 'n
piekniek laat lyk met sy heldedade. Daar is
'n beskrywing van die dorp in 1880 en van die
uitbreek van die oorlog.

PIROW, O. Piet Potlood *kyk* 615.

FOTOGRAFIE

- 268 BENSUSAN, A.D. Silver images; history of photography in Africa. Cape Town, Howard Timmins, 1966. p. 27.

R.J. Jewell vergesel Thomas Baines in 1869 na Matabeleland as sekretaris, geoloog en fotograaf. Met hulle terugreis ontmoet die geselskap die Duitse ontdekkingsreisiger Eduard Mohr in Potchefstroom. Baines maak hier vir Mohr illustrasies vir sy boek *Nach der Victoria Fallen des Zambesi* (kyk 82, 270). Een hiervan is van Baines se kamp in Potchefstroom en dit beeld Jewell langs sy kamera uit, met die kamp in die agtergrond. Jewell gebruik in 1869 magnesiumlint om die binnekant van die Wonderfonteingrot te verlig om foto's te neem.

- 269 PRAAGH, L.V. red. The Transvaal and its mines (kyk 102). p. 463 - 464.

Beskrywing met 'n foto van die fotografiese ateljee van Fred Coop, wat hom in 1904 vanuit Londen in Potchefstroom kom vestig het. In Engeland het hy 'n uitstekende reputasie as fotograaf geniet en selfs die Koning en Koningin en ander lede van die koninklike familie afgeneem.

270 MOHR, E. To the Victoria falls of the Zambesi
(kyk 82).

Teenoor p. 96 is die illustrasie deur Baines
van Mohr se kamp in Potchefstroom waarna
BENSUSAN (kyk 268) verwys. Op p. 101
verwys hy na "Jule" (d.i. Jewell) wat hom
met die neem van foto's besig gehou het
terwyl hulle in 1869 in Potchefstroom vertoef
het.

GEBOUE

- 271 COETZEE, A. Die Afrikaanse volkskultuur. Kaapstad, Balkema, 1960. p. 114.
Die skrywer verwys na die pastorie van die Hervormde Kerk op Kerkplein (afgebreek in 1974) en beskryf dit as een van die bekendste kleihuise in die noorde "wat al meer as 'n eeu lank wind en weer trotseer".
- 272 COETZEE, J.V. Histories belangrike geboue en plekke in en naby Potchefstroom. *Stigting Simon van der Stel, bulletin* 8: 7 - 9, Apr. 1964.
Die artikel verskaf inligting i.v.m. Oakdene (die woning van pres. M.W. Pretorius, die Kruithuisie, die woning op Krugerskraal en die Bantoe-grothutte naby die dorp.
- 273 HERBST, A.B. van N. Oude pastorie in het gedrang. *Nieuws uit Zuid-Afrika* 13(2): 10 - 11, 1974.
'n Beskrywing van die ou pastorie van die Hervormde Kerk op Potchefstroom en 'n pleidooi dat dit van sloping gered moet word vanweë sy historiese belang as oudste pastorie in Transvaal. Daar is 'n foto van die gebou by die artikel. Dieselfde stuk het in *Die Hervormer* van Februarie 1974 verskyn. Die pastorie is in 1974 gesloop om plek te maak vir 'n nuwe pad.

- 274 PIM, Joane. Beauty is necessary; preservation or creation of the landscape. Cape Town, Purnell, 1971. p. 47 - 49.

Die skryfster beweer dat Potchefstroom altyd aantrekliker as die meeste ander Transvaalse dorpe was, maar beskryf dan aan die hand van die voorbeeld van wat op die terrein van die Hervormde Kerkgebou gebeur het hoedat hierdie skoonheid deur swak beplanning vernietig word. "The trees have been cut down and a row shops now takes up about half the entire inner perimeter of the square; later a garage and filling station with the accompanying assortment of second-hand cars added to the ugliness. There is now no feeling of space and the church is partly obscured." Daar is foto's van die kerk in 1890 en hoe hy tans daar uitsien.

- 275 PRETORIUS, J.C. Kerkbou op die platteland gedurende die pioniersjare in Suid-Afrika. *Stigting Simon van der Stel*, bulletin 25: 29 - 31, Mei 1972.

'n Beskrywing van die ou geboutjie van die Gereformeerde Kerk, toegelig met sketse van die grondplan.

- 276 UIT ons geskiedenis. Potchefstroom 1842: Voortrekker- of Potgieterskans. *Rooi Rose* 24(3): 69, Sept. 13, 1967.

Beskrywing met foto's van die Voortrekkerfort

wat in 1842 op Elandsfontein, naby Potchefstroom, opgerig is.

- 277 UIT ons geskiedenis. Potchefstroom 1857: die woning van President M.W. Pretorius. *Rooi Rose* 23(21): 29, Mei 24, 1967.

Beskrywing van die presidentswoning in Van der Hoffweg.

- 278 UIT ons geskiedenis. Potchefstroom 1881: die Engelse fort. *Rooi Rose* 23(23): 49, Jun. 21, 1967.

Beskrywing van die Fort en die beleg.

- 279 VAN DER WALT, A.J.H. Potchefstroom se ou geboue. *Die Huisgenoot* 8(94): 10 - 12, Des. 14, 1923.

Beskryf die huis waarin die weduwee van Piet Retief op die hoek van Berg- en Rivierstrate gewoon het, die presidentswoning en die ou landdroskantoor. Die artikel is toegelig met foto's van die ou tronk, die eerste Gereformeerde kerkgebou, die ou landdroskantoor, die Retief-huis en die presidentswoning.

GEOLOGIE

- 280 ALFORD, C.J. Geological features of the Transvaal, South Africa. London, Edward Stanford, 1891. p. 24 - 25, 68.

Beskryf die geologiese formasie van die Potchefstroom-omgewing. Beweer dat tekens van aardpik saam met moerasturf en koolstofhoudende neerslae naby Potchefstroom gevind is, maar nog nie tekens van 'n waardevolle olieneerslag nie.

- 281 BISSCHOFF, A.A. The petrology of the igneous and metamorphic rocks in the Vredefort dome and the adjoining parts of the Potchefstroom syncline. D.Sc.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1969.

Proefskrif oor die geologie van die Potchefstroom-omgewing.

- 282 BISSCHOFF, A.A. Die stollingsgesteente-kompleks op Roodekraal 37, Potchefstroom-distrik. M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1950.

Roodekraal lê sewe myl suidoos van Potchefstroom.

- 283 PASSARGE, S. Südafrika, eines Landes-, Volks- und Wirtschaftskunde (kyk 90). p. 42 - 43.
Kort beskrywing van die "Potchefstroom-Schichten" (geologiese reeks) en die dolomitiese formasie daarvan.
- 284 UNIE VAN SUID-AFRIKA. Geologiese opname.
The geology of the country around Potchefstroom and Klerksdorp. Pretoria, Government Printer, 1939. 156 p.
'n Beskrywing van die geologiese kenmerke van die Potchefstroom-gebied.

GESKIEDENIS VAN DIE DORP

- 285 AFRICANUS, *pseud.* The Transvaal Boers (kyk 181).
p. 30.
Die distrikte van Winburg en Potchefstroom
onder die adjunkraad.
- 286 AGAR-HAMILTON, J.A.I. The road to the North
(kyk 6). p. 13, 16, 29, 37, 43, 69, 77,
87, 121, 162, 179.
' Bevat talle verwysings na die geskiedenis van
die dorp.
- 287 AITTON, D. Korte geskiedenis van de
Republieken in Zuid-Afrika (kyk 182). p. 110.
Volgens Aitton is die dorp in 1839 gestig.
Verwys na die koms van ds. Van der Hoff, die
eerste predikant, en die inswering van M.W.
Pretorius as president.
- 288 BIRD, John. The annals of Natal, 1495 to 1845.
Cape Town, Maskew Miller, (s.j.). Vol. 2,
p. 203, 258, 261, 358, 404, 418.
Bevat verwysings na Potchefstroom tussen 1843
en 1844 in verband met die Potchefstroomse en
Winburgse Adjunkraad en die nuwe gebiede se
verhouding tot die regering van Natal.

- 289 BLINK, H. Iets uit de geschiedenis en over
de bewoners der Zuid-Afrikaansche Republiek.
Elzeviers geïllustreerd maandschrift 1: 405 -
421, 1891. p. 411, 416.
Verwys kortliks na die stigting van die dorp
en sy rol as hoofstad van die Republiek.
- 290 BULPIN, T.V. Lost trails of the Transvaal
(kyk 33). p. 60 - 61, 93.
Vertel hoedat Potgieter in 1837 op sy terugpad
na die veldtog teen Silkaats deur die Mooi-
rivier getrek het en besluit het om terug te
keer en daar 'n dorp te stig. Die naam van die
latere dorp was aanvanklik Mooiriviersdorp of
Vryburg.
- 291 CAMBRIDGE history of the British Empire,
volume 8: South Africa. Rhodesia and
the High Commission territories.
Cambridge, Cambridge University press, 1963.
Die werk bevat talle verwysings na die plek
van Potchefstroom in die geskiedenis van
Transvaal.
- 292 DELITSCH, O. Der Transvaal'sche Freistaat und
seine Annektierung durch die Engländer.
Aus allen Weltteilen 9: 153 - 155, 1878.
Verskillende verwysings na die stigting van die
dorp en gebeurtenisse wat daar plaasgevind het.

- 293 DENNY, G.A. The Klerksdorp Gold Fields.
London, Macmillan, 1897. p. 1 - 2.

Denny beweer dat Klerksdorp die eerste blanke nedersetting in Transvaal was en verwys na Potchefstroom as "the younger neighbouring town of Potchefstroom - the newly made capital of the State".

- 294 DREYER, N. Die rol van die Wolmarans-familie in kerk en staat teen die agtergrond van die die Transvaalse geskiedenis tot 1884. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968.

Die eerste Wolmaranse het hulle saam met Potgieter in Potchefstroom hom vestig en hulle nasate het vir jare lank 'n toonaangewende rol op die dorp gespeel.

- 295 DU PLESSIS, J.S. Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek. (*In* Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jrg. 18, dl. 1, 1955. Kaapstad, Staatsdrukker, 1955) p. 42 - 46, 49, 149.

Die aanleg van Potchefstroom met Potgieter as hoof van die gemeenskap, die aanvanklike bestuur van die Potchefstromers vanuit Pietermaritzburg en die inswering van M.W. Pretorius as staatspresident op 5 Januarie 1857 word beskryf.

- 296 ENGELBRECHT, S.P. Iets oor die oudste geskiedenis van Transvaal. *Die nuwe Brandwag* 5(1): 16 - 19, Feb. 1933.

Beskryf die stigting van Potchefstroom en die vroeë geskiedenis van die nuwe Boerestaat.

- 297 ENGELBRECHT, S.P. Thomas Francois Burgers. Pretoria, De Bussy, 1933. p. 116, 146, 149 - 152.

Die voorstel van president Pretorius dat Potchefstroom weer die hoofstad van Transvaal word, word verwerp. Die werk beskryf verder die hysing van die Vierkleur in 1857 en die teenkanting in Potchefstroom teen pres. Burgers se vlag. Op p. 116 is 'n foto van 'n "goed-voor" (wisselgeld) vir 2/6, uitgegee deur die Hervormde gemeente van Potchefstroom.

- 298 FAIRBRIDGE, Dorothea. A history of South Africa. London, Oxford university press, (1918). p. 225, 230.

Kort verwysings na die stigting van Potchefstroom.

- 299 FICK, M.L. Iets uit die oude geskiedenis van Potchefstroom (kyk 44).

Die werkie bevat baie inligting oor die geskiedenis van die dorp, vandat dit by die oorspronklike aanleg by Oudedorp begin het en in

1842 na die plaas van R. du Toit, wes van die Mooirivier, verskuif is.

- 300 FILMER, H.J. *en* PARRY, Constance. Reefs of fortune. Johannesburg, C.N.A., 1958.
p. 43 - 44.

Die werk bevat 'n beskrywing van die poging wat aangewend is om water uit die Mooirivier van Potchefstroom na Johannesburg te pomp om in dié stad sê water nood te verlig.

- 301 FISHER, J. The Afrikaners. London, Cassell, 1969. p. 88 - 90, 100, 116.

Die werk bevat verwysings na Potchefstroom se rol in die vroeë geskiedenis van die Republiek. In 1852 eis Andries Pretorius dat reisigers na die Noorde deur die doeanepos by Potchefstroom moet gaan om te verhoed dat gewere en drank na die Bantoestamme gesmokkel word. Ook die episode met Bezuidenhout se wa en die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog word kortliks beskryf.

- 302 GEYSER, O. Historiese dorpe. Potchefstroom: die eerste Voortrekkerdorp. *Die Taalgenoot* 37(3): 10 - 11, Feb. 1968.

Kort beskrywing van die geskiedenis van Potchefstroom.

- 303 GRÖNBERG, Gösta. Johan August Wahlberg and his travels in South Africa. *Africana aantekeninge en nuus* 8: 40 - 51, 1950/51. p. 42.
- Die artikel het oorspronklik in 1910 in *Ymer* (p. 285 - 300) in Stockholm verskyn. Wahlberg is in 1810 gebore, was 'n Sweedse naturalis en arriveer in 1839 in die Kaap. Hy het in Natal noue kontak met Delegorgue gehad, voordat hy in 1841 na die binneland trek. By die Mooirivier vind hy die Boere besig om 'n dorp, Potchefstroom of Mooiriviersdorp, te bou. Grönberg was een van die heel eerste buitelandse reisigers wat Potchefstroom besoek het.
- 304 GROOT BRITTANJE. Colonial Office. Further correspondence respecting the affairs of South Africa. London, Eyre and Spottiswoode for H.M.S.O., 1877 (c1883). p. 38 - 44.
- Bevat briewe wat Sir Theopolis Shepstone in 1877 vanuit Potchefstroom aan die Graaf van Carnarvon geskryf het. Shepstone beskryf hoe- dat hy tydens sy besoek aan die dorp verwelkom is en gee afskrifte van die adresse wat hy van landdros Goetz, amptenare, inwoners, die lede van die vrymesselaarslosie die "Hope of Potchefstroom", en die munisipaliteit ontvang het, en ook van 'n berig uit die *Cape Times* van 30 Junie 1877, waarin sy besoek en die feesvierings beskryf word.

- 305 HAASBROEK, D.J.P. Die geskiedenis van Potchefstroom, 1838 - 1881. M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1955. 153 p.
- Hierdie verhandeling is een van die belangrikste bronne van inligting oor die geskiedenis van Potchefstroom tot 1881, en beskryf die voorgeskiedenis en stigting van die dorp, die pioniersjare, sosiale omstandighede, plaaslike bestuur, die Eerste Vryheidsoorlog, ens. Die waarde daarvan lê daarin dat dit die geskiedenis saamvat uit 'n aantal primêre en sekondêre bronne.
- 306 HAASBROEK, D.J.P. Potchefstroom se status en verhouding tot die res van die Voortrekker-gemeenskap. *Historia* 1: 239 - 255, 1957.
- Die artikel beskryf hoedat Potchefstroom, hoewel dit in die binneland geleë is, die belangrikste dorp en hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword het, en hoedat daar later pogings aangewend is om die hoofstad weer terug te verskuif van Pretoria na Potchefstroom.
- 307 HISTORIKUS, *pseud.* Spore van die kakebeenwa. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1949. p. 120.
- Kort beskrywing hoedat Potgieter Mooiriviersdorp of Vryburg, of later Potchefstroom gestig het.

- 308 IWAN-MÜLLER, E.B. Lord Milner and South
Afrika (kyk 308). p. 71, 129, 134, 136.
Verwysings na die geskiedenis van Potchefstroom.

- 309 JENKINS, G. A century of history; the story
of Potchefstroom. Potchefstroom, Potchef-
stroom Herald, 1939.

— Second edition. Cape Town, Balkema, 1971.
(limited to 500 copies)

Jenkins was 'n 17-jarige skoolseun aan die
Potchefstroom High School for Boys toe hy
hierdie werk geskryf het. Dit bevat 'n uit-
stekende oorsig oor die eerste eeu van die
dorp se geskiedenis en die feite is oor die
algemeen betroubaar. Net soos E.H. Jenkins,
die skrywer se vader, in *Potchefstroom 1838 -
1938* (kyk 539), verskaf hierdie werk foutiewe
inligting in verband met die eerste koerant in
Transvaal waar hy op p. 45 beweer dat Borrius
die eerste koerant *The Emigrant* in 1848 uitge-
gee het. Die werk is met talle foto's en
tekeninge geïllustreer, en hoewel die teks
dieselfde is, verskil die illustrasies in die
twee uitgawes.

- 310 JEPPE, C. The kaleidoscopic Transvaal. Cape
Town, Juta, 1906. p. 2, 102.

Terloopse verwysings na die geskiedenis van
die dorp tydens die Burgeroorlog en die Eerste
Vryheidsoorlog.

- 311 JUTA, Marjorie. The pace of the ox (kyk 175)
p. 40, 99, 101.

Bevat inligting oor Paul Kruger se huwelik in 1842 met Maria du Plessis voor die landdros van Potchefstroom, die inwyding van die kerkgebou in 1851 deur dr. Andrew Murray, ds. Van der Hoff se koms in 1853 en die stigting van die Gereformeerde Kerk.

- 312 KOTZE, *Sir* John. Biographical memoirs and reminiscences (kyk 65). p. 223, 252.

Volgens Sir John is Klerksdorp eerste in 1839 gestig en Potchefstroom net daarna. Hy bespreek ook die besluit dat Pretoria die goewermentsetel en Potchefstroom die hoofdorp van die Republiek sal wees.

- 313 KRÜGER, D.W. Paul Kruger (kyk 225). p. 19 - 20, 30, 46.

In sy beskrywing van die lewe en werk van Paul Kruger is daar baie verwysings na Potchefstroom. Kruger se pa, Casper Kruger, en sy oom, Gert Kruger, het hulle in 1838 saam met Potgieter hier kom vestig en het albei as leiers in die gemeenskap opgetree. In 1842 is Kruger op Potchefstroom voor die landdros getroud met Maria du Plessis. Die werk beskryf ook die inswering van pres. M.W. Pretorius op 6 Januarie 1857.

- 314 KRÜGER, D.W. Potchefstroom en die republikeinse ideaal, 1838 - 1938. *Koers* 6(5): 1 - 4, 1939.
- Die artikel beskryf die rol wat Potchefstroom van 1838 af gespeel het in die strewe na 'n onafhanklike republiek.
- 315 LUCAS, C.P. A historical geography of the British Colonies. Vol. IV, South and East Africa: Part 1, Historical. Oxford, Clarendon press, 1900. p. 195, 199, 206, 292, 294.
- Baie kort verwysings na die stigting en geskiedenis van Potchefstroom.
- 316 MCGILL, D.C. A history of the Transvaal 1853 - 1864 (kyk 74). p. 4, 34, 113.
- Bevat inligting oor die stigting van die dorp, die groei en ontwikkeling daarvan, die inswering van Pretorius en die ingebruikneming van die vlag.
- 317 MEINTJES, J. De la Rey - Lion of the West. Johannesburg, Keartland, 1966. p. 49, 367.
- Naas inligting oor die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebelle bevat die werk talle verwysings na Potchefstroom, veral gedurende die tydperk direk voor die Rebelle. Genl. De la Rey het vir genl. Kemp op 5 September 1914 in die

Militêre Kamp te Potchefstroom besoek en van sy planne in verband met die voorgenome rebellie verneem.

- 318 MEINTJES, J. The Voortrekkers; the story of the Great Trek and the making of South Africa. London, Cassell, 1973. p. 165 - 166, 167, 181 - 182, 207 - 208, 210 - 211, 226, 240 - 242, 245, 247, 259.

Die werk beskryf die stigting van die dorp en verwys dan telkens na die rol wat Potchefstroom gespeel het in die geskiedenis van die Voortrekkers.

- 319 MEN of the times; pioneers of the Transvaal and glimpses of South Africa. Johannesburg, Transvaal publishing company, 1905. p. 40 - 44.

Bevat 'n oorsig oor die geskiedenis van Potchefstroom, met drie foto's van tonele in die dorp.

- 320 MOSTERT, D., *samest.* Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika. Eeufees: 1838 - 1938 (kyk 84). p. 720 - 725.

Die gedeelte wat oor die besoek van die waens aan Potchefstroom handel, bevat 'n goeie oorsig oor die geskiedenis van die dorp.

- 321 NATHAN, M. The Voortrekkers of South Africa. Johannesburg, Central News Agency, 1937. p. 280, 321 - 324.
Beskryf die funksionering van die Adjunkraad te Potchefstroom en die stigting van die Republiek van Potchefstroom.
- 322 NEDERLANDSCH ZUID-AFRIKAANSCH VEREENIGING. Leesboek over geschiedenis voor de scholen in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam, De Bussy, 1892. p. 222 - 223, 278.
Die werkie bevat min inligting oor die stigting en die beleg van Potchefstroom.
- 323 PELZER, A.N. Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel 1: Wordingsjare. Kaapstad, Balkema, 1950. p. 9, 16, 20, 24, 30 - 31, 34 - 35, 51, 57, 87, 100, 114, 145, 163, 165 - 166, 177 - 187, 190 - 192, 230.
Hierdie werk verskaf waardevolle inligting oor die groei en ontwikkeling van Potchefstroom. Die skrywer verwys o.a. na die weduwee van Piet Retief, die vooruitstrewendheid van die dorp teen 1860, die pryse van grond, die onletterdheid van die inwoners, die skole, dr. Poortman en mediese dienste, wetsongehoorsaamheid en verset teen die owerheid, die polisie-diens, posdiens, paaie, die verskuiwing van die hoofstad na Pretoria, die drukpers van C.P.

Moll, die Markplein wat deur die owerheid verpand is om geld te leen, en die ontwerp en ingebruikneming van die Vierkleur.

- 324 POTCHEFSTROOM HERALD. Spesiale feesuitgawe (kyk 97).

Bevat 'n artikel oor die geskiedenis van die dorp.

- 325 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom, 1838 - 1938 (kyk 178). p. 1 - 122.

'n Standaardwerk oor die geskiedenis van Potchefstroom. Die gedeelte oor die geskiedenis van die dorp is geskryf deur W.J. Badenhorst en handel oor die aanleg, die naam, die vroeë ontwikkeling, die kerkgeskiedenis, die Burger- en Vryheidsoorloë en munisipale ontwikkeling van die dorp.

- 326 POTGIETER, F.J. Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837 - 1886), met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. (In Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jg. 21, dl. 2, p. 1 - 208, 1958. Kaapstad, Staatsdrukker, 1959) p. 15, 24, 33 - 39, 55 - 57, 60, 80, 86 - 89, 92 - 94, 96 - 98, 101 - 108, 118 - 128, 143 - 144, 154 - 157, 159 - 160, 164 - 165, 176 - 179, 190.

'n Omvattende werk met waardevolle inligting oor die geskiedenis van Potchefstroom. Die skrywer het gebruik gemaak van die belangrikste bronne en gee 'n goeie samevatting van die beskikbare inligting. Toe die Voortrekkers in 1838 hier aangekom het, was die Potchefstroom-gebied onbevolk, maar in 1873 was hier reeds weer 1357 weerbare Bantoës in die omgewing. Die skrywer gee verder 'n uitvoerige beskrywing van die ontstaan en groei van die dorp, die paaie van Potchefstroom na ander sentra, die dorp as handelsentrum, die opbrengs van jagtogte (veral ivoor), tentoonstellings, die poswese, landbou, bedryfslewe, bome en bosse, watervoorsiening en benutting, watermeulens, grondvrugbaarheid en perdesiekte.

- 327 PRELLER, G.S. Voortrekkermense III. Kaapstad, Nasionale Pers, 1922. p. 7, 50.

Die aanleg van Potchefstroom in November 1838.

- 328 PRETORIUS, H.S. en KRÜGER, D.W. *reds.* Voortrekker-argiefstukke, 1829 - 1849. Pretoria, Staatsdrukker, 1937. p. 30 - 31.

Brief van Potgieter waarin hy meld dat hy Noord van die Vaalrivier gaan om Silkaats se land te neem.

- 329 RANSFORD, O. The Great Trek. London,
John Murray, 1972. p. 164, 176, 184, 186,
188, 195, 206, 207, 219, 230, 231.

Die werk verwys na die stigting van Potchefstroom en sy rol in die geskiedenis en vestiging van die Trekkers. Daar word ook op p. 219 verwys na die kakebeenwa wat tans in die Potchefstroomse Museum staan.

- 330 RETIEF, H.P. Datums van gebeurtenisse uit die geskiedenis van Zuid-Afrika van 1486 tot 1895 en name van plaaslike geskiedkundige aanmerkings. Paarl, D.F. du Toit, 1897. p. 15, 36.

'n Onbelangrike werkie. Gee die stigtingsdatum van Potchefstroom as 25 Januarie 1839.

- 331 SCHANZ, M. Ost- und Süd-Afrika. Berlin, Wilhelm Süsserott, 1902. p. 388 - 389.
Beskrywing van die stigting van die dorp en verwysings na sy rol in die geskiedenis.

- 332 SEIDEL, A. Transvaal die südafrikanische Republik. Dritte Auflage. Berlin, Allgemeiner Verein für deutsche Litteratur, 1900. p. 237, 533.

Kort beskrywing van die stigting en geskiedenis van die dorp. Die werk is belangrik vanweë sy omvattende bibliografie van werke oor Transvaal.

- 333 SHORTEN, J.R. The Johannesburg saga. s.pl.,
 John R. Shorten (Prop.), Ltd., 1970.
 p. 34 - 49, 53 - 58, 68, 73 - 74, 111, 168,
 278, 377.

Beskryf die vroeë geskiedenis van Potchefstroom en die rol wat die dorp ten opsigte van die ontwikkeling van die Witwatersrandse goudveld gespeel het. Die werk beklemtoon veral die feit dat daar in die beginjare baie noue skakeling tussen Potchefstroom en die Witwatersrand was.

- 334 STATHAM, F.R. Paul Kruger and his times (kyk
 248). p. 33, 45 - 47.

Beskryf die vestiging van die Boere op die wal van die Mooirivier en die latere behoefte aan 'n sentrale hoofstad en die gevolglike verskuiwing na Pretoria.

- 335 SUID-AFRIKAANSE argiefstukke, gepubliseer deur
 die Publikasie-afdeling van die Argiewe van
 die Unie van Suid-Afrika, in opdrag van die
 Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap,
 en onder toesig van die Argiefkommissie,
 Transvaal. Kaapstad, Staatsdrukker
 (voorw. 1949 - 1956). 6 bande.

Bevat die notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844 - 1867, waarin talle verwysings na Potchefstroom voorkom en wat as een van die primêre bronne oor die

geskiedenis van die dorp beskou kan word.

- 336 THEAL, G.M. History of the Boers in South Africa. London, Swan Sonnenschein, 1887. p. 114.

Slegs 'n kort beskrywing van die stigting van die dorp in 1838.

- 337 TRANSVAAL ARCHIEF. Beredeneerde inventarissen van de oudste archief-groepen der Zuid-Afrikaanse Republiek, door P.L.A. Goldman. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1927. p. 2, 15, 138 - 143.

Geskiedenis van die stigting en konstitusionele ontwikkeling van Potchefstroom.

- 338 VAN DER WALT, A.J. Vastrappers of volkstiepe (kyk 142). p. 211 - 280.

Hoofstuk 6 heet "Uit vanmelewe ou Potchefstroomse dae ('n Onvoltooide historiese skets)" en is 'n baie nuttige algemene beskrywing van die geskiedenis van die dorp, hoewel dit on-sistematies is en grotendeels op hoorsê berus. Die hoofstuk begin met 'n sterk betoog teen die sedelike verval in die dorp.

- 339 VOIGT, J.C. Fifty years of the history of the Republic in South Africa, 1795 - 1845.

London, Fisher Unwin, 1899. 2 vols.
vol. 1, p. 183; vol. 2, p. 28, 76, 160 -
162.

(Die werk is herdruk in die reeks "Africana Collectanea, no. 32, 33. Cape Town, Struik, 1969") Beskryf hoedat die omgewing feitlik onbevolk was as gevolg van die veldtogte van die Mantatees en die Matabele toe die Voortrekkers hier aangekom het. In 1837 is die distrik van Potchefstroom gevorm na die veldtog teen die Matabeles en het die hele Transvaal ingesluit met die Vaalrivier, Soutpansberg, Kalahari en Rhenosterpoort as grense. In November 1838 is die dorp gestig.

- 340 WALKER, E.A. The Great Trek. 5th ed.
London, Black, 1965.

WALKER, E.A. A history of South Africa.
London, Longmans, 1928.

Albei hierdie werke verwys herhaaldelik na Potchefstroom in die verloop van die geskiedenis, maar verskaf nie spesifieke inligting oor die dorp self nie.

- 341 WENZELBURGER, K.T. Die Geschichte der Buren
(kyk 257). p. 154.

Beskryf die stigting van Potchefstroom en verwys dan telkens terloops na die dorp se rol in die geskiedenis.

- 342 WILSON, Monica *en* THOMPSON, L *reds.* The Oxford history of South Africa. Volume 1: South Africa to 1870. Oxford, Clarendon, 1969. p. 365, 412, 427 - 428, 433 - 434.
Verskillende verwysings na die geskiedenis van Potchefstroom.
- 343 WOLSELEY, *Sir* Garnet. The South African journal of Sir Garnet Wolseley, 1879 - 1880. Edited with an introduction by Adrian Preston. Cape Town, Balkema, 1973.
Sir Garnet Wolseley was 'n Britse soldaat en diplomaat wat vanaf Mei 1879 tot Mei 1880 belas was met die taak om vrede in Zoeloeland en Transvaal te bewerkstellig. Hy gee 'n algemene beskrywing van toestande in Transvaal voor die Eerste Vryheidsoorlog en verwys herhaaldelik na Potchefstroom. Op p. 215 beskryf hy M.W. Pretorius se woning en smidswinkel.

GOUD EN GOUDSOEKERS

- 344 BABBS, R. The gold fields of South Africa,
 and the way to reach them. London, 1868.
 p. 5 - 6, 10 - 11, 29.

Op 5 Desember 1867 verskyn daar 'n brief van Carl Mauch vanuit Potchefstroom in die *Transvaal Argus* waarin hy meld dat hy en H. Hartley goud ontdek het, en op 23 Januarie 1868 verskyn 'n berig in *De Zuid-Afrikaan* in verband met die ontdekking van goud en voorbeelde van die kwarts wat in Forssman se winkel te sien is. Ook die korrespondent van die *Queen's Town Free Press* berig hieroor vanuit Potchefstroom (p. 10 - 11). Die skrywer beskryf Potchefstroom as die dorp in Transvaal vanwaar die goudvelde in 'n noordwestelike rigting bereik kan word. Die dorp lê in 'n waterryke, vrugbare landstreek met volop graan en weiding vir vee.

- 345 BULPIN, T.V. Lost trails of the Transvaal
 (kyk 33). p. 112 - 114, 119.

Beskryf die oplewing in Potchefstroom in 1867 as gevolg van die ontdekking van goud deur Mauch. Elke winkel adverteer klerasie en gereedskap vir prospekteerders en die eerste landbouskou vind plaas. Op 18 Februarie 1869 doen Sir John Swinburne, bestuurder van die London and Limpopo Mining Company Potchefstroom aan op pad na die noordelike goudvelde met drie

wavragte voorraad en 'n 12 pk.-enjin op wiele deur osse getrek. Dit was die eerste meganiese enjin in Transvaal en die Boere was baie beïndruk. Swinburne koop 'n gebou van Forssman vir f1250 as hoofkantoor vir sy maatskappy.

- 346 CARTWRIGHT, A.P. The gold miners. Cape Town, Purnell, 1962. p. 5, 12, 14, 25 - 26, 70.

Beskryf die geskiedenis van Potchefstroom en die prospekteerders wat daar aangedoen het, asook die toevallige ontmoeting van Hans Sauer en J.B. Robinson op Potchefstroom. Hulle was van die eerste persone uit die Kimberleyse diamantvelde op pad na die Witwatersrand.

- 347 CHILVERS, H.A. Out of the crucible. London, Cassell, 1929. p. 17, 23 - 24.

Verwys na Potchefstroom se rol in die ontwikkeling van die goudvelde en J.B. Robinson se reis na die Witwatersrand. Die skrywer se relaas hiervan verskil van dié van CARTWRIGHT (kyk 346) en SAUER (kyk 367).

- 348 GOLDMAN, C.S. South African mines. London, Wilson, 1895 - 6. 2 vols. vol. 2, p. 39 - 41.

'n Beskrywing van die Potchefstroom Exploration, Gold Mining and Estate Company, Limited, wat in 1889 gestig is. Die werk verskaf die name van

die direkteure in 1895, toe die maatskappy
se kapitaal £450 000 bedra het.

- 349 GRAY, Ethel L. *en* GRAY, J. A history of the
discovery of the Witwatersrand Goldfields.
Johannesburg, Sholto Douglas and Co., 1940.
p. 3, 5, 17, 88, 118, 154 - 157.

Verwys na die ontdekkings van John Henry Davis
in 1852 en P.J. Marais in 1854, wat albei
goudmonsters na Potchefstroom bring. In 1883
gaan Hendrik George Rex, Cromar van der Hoven
en Sigmund Hammerschlag 'n ooreenkoms aan om
naby Potchefstroom te prospekter, en die
kontrak tussen hulle word opgestel deur
Frederick Willem Hendrik Kleijn, 'n notaris
van Potchefstroom. Op 1 Junie 1886 verskyn 'n
kennisgewing in *De Potchefstromer*, waarin die
inwoners van die dorp uitgenooi word na 'n
vergadering met die doel om 'n goudmynmaat-
skappy te stig. Dr. Bird en ene Webb toon
aktiewe belangstelling in prospekterwerk.

- 350 GRAY, J. Payable gold; an intimate record
of the history of the discovery of the
payable Witwatersrand Goldfields and of
Johannesburg in 1886 and 1887. Johannes-
burg, Central News Agency, 1937. p. 15 -
18, 20 - 22, 25 - 27, 54, 187.

Die werk bevat baie inligting oor die rol wat
Potchefstroom in die ontwikkeling van die

goudvelde gespeel het en skets die algemene toestand in die dorp in die tyd van P.J. Marais se ontdekking in 1854. Teen die einde van 1859 is die Burra Burra Co. gestig, 'n goudmynmaatskappy wat 500 aandele in Potchefstroom verkoop het. Angove en Mauch besoek Potchefstroom. In 1877 rapporteer C. Reston dat hy 'n kwartsrif op Weltevrede, distrik Potchefstroom, ontdek het en die Potchefstroom Gold Mining Company word op 1 Maart 1877 gestig. In 1887 word goud vir 'n kort rukkie op Roode-rand by Venterskroon ontgin.

- 351 HENRY, J.A. Die eerste honderd jaar van die Standard Bank (kyk 5). p. 251.
Volgens die skrywer is 'n goudrif in Oktober 1932 in die buitewyke van Potchefstroom ontdek.
- 352 JEPPE, C.B. Gold mining on the Witwatersrand. Johannesburg, Transvaal Chamber of Mines, 1946. vol. 1, p. 8 - 11, 15.
Die werk beskryf die stigting van die dorp en sy aandeel in die ontwikkeling van die goudvelde. In Maart 1877 is die Potchefstroom Gold Mining Company gestig om op die plaas Weltevreden te prospekteer.
- 353 LETCHER, O. The gold mines of Southern Africa. Johannesburg, the Author, 1936.

p. 35 - 37, 51 - 52, 69.

In 1852 ontdek John Henry Davis goud op Paardekraal naby Krugersdorp en neem monsters daarvan na Potchefstroom. M.W. Pretorius gee opdrag dat die Staatstesourier dit moet koop en sit Davis die land uit. In 1854 vertoon P.J. Marais goudmonsters aan die Volksraad te Potchefstroom. Volgens *The Friend* van 18 Maart 1854 is goud en koper op 'n plaas naby Potchefstroom ontdek. Die koerant verwys na die mineralerykdom van die Transvaal, maar beweer dat die "Mooi River Government" dit geheim wil hou. Die werk gee ook inligting in verband met Forssman, volgens wie se brieweboek daar in 1875 goud in Potchefstroom gevind is. In 1882 is die Potchefstroom Exploration Syndicate, bestaande uit R.R. Hollins, C.M. Douthwaite, Alic Smith, Fanie Minnaar en J.G. Bantjes gestig om goud op die plaas Kromdraai te ontgin.

- 354 LETT, S.J. Mineral resources of Southern Africa. Johannesburg, Central News Agency, 1926. p. 37 - 38.

Die werk verwys na 'n paragraaf in die *Graaff Reinet Herald* van 4 Maart 1854 wat meld dat goud by Potchefstroom ontdek is deur 'n mnr. Marais, wat voorheen 'n goudgraver in Kalifornië was.

- 355 LEZARD, Adèle. Gold blast; being the
romantic history of the Rand Goldfields.
London, Rich and Cohen, 1936. p. 9 - 18,
35 - 36.
- Beskryf P.J. Marais se besoek aan Potchefstroom
en sy onderhandelinge met die Volksraad. Die
skryfster verskaf foutiewe inligting in verband
met J.B. Robinson se reis na die Witwatersrand
wanneer sy beweer dat hy op pad was na Barberton
en op Potchefstroom van 'n kroegman hoor van
Walker se goudontdekking (kyk 367).
- 356 LINDLEY, A. After Ophir (kyk 70). p. 2, 299,
311.
- Die skrywer vertel dat hy 'n brief van Carl
Mauch in die *Natal Mercury* van 3 Desember 1867
gelees het in verband met die ontdekking van
goud in Transvaal. Hulle reis na die Tati-
goudvelde en besoek Potchefstroom om voorrade
te kry.
- 357 MACDONALD, W. The romance of the Golden Rand.
London, Cassell, 1933. p. 201 - 202, 221.
- MacDonald vertel dat W.H. Auret Pritchard, die
pionier, goudgraver en landmeter wat die
sentrale deel van Johannesburg uitgelê het,
Potchefstroom in 1886 besoek het op pad na die
Rand. Hy vind die dorp vooruitstrewend en 'n
besige transportsentrum vir ontdekkers,
reisigers en trekkers wat hulle voorrade hier

kom aanvul. Hy verwys ook na George Walker wat die hoofrif in 1886 ontdek het en sonder vrug op Potchefstroom na kapitaal gaan soek het om dit te ontgin, sodat ander persone gevolglik die vrugte van sy ontdekking gepluk het.

- 358 MARAIS, P.J. Ons goud roman, die Marais-dagboek (1849 - 65), met inleiding en aantekeninge van Gustav S. Preller. Pretoria, Wallachs, 1935. p. 25, 29, 38.

Hierdie werk is ook in Engels gepubliseer met die titel "Argonauts of the Rand". Marais kom op 9 Maart 1853 op Potchefstroom aan nadat hy in die V.S.A. en Australië geprospekteer het. Hy werk vanuit Potchefstroom en vind klein hoeveelhede goud by die Krokodilrivier en die Jukskeirivier. *De Zuid-Afrikaan* van 19 Februarie 1854 berig oor Marais se goudontdekking en op 30 Augustus 1855 verlaat hy Potchefstroom vir die laaste keer.

- 359 MATHERS, E.P. The Gold Fields revisited, being further glimpses of the gold fields of South Africa. Durban, P. Davis and sons, 1887. p. 307 - 309.

'n Beskrywing van die Potchefstroomse goudveld en die plase waarop gedelf word, soos Rooderand, Nooitgedacht, Welverdiend, Varkenslaagte, Weltevreden, Venterskroon (waar die Regering 'n dorp uitgelê het), Roodepoort, Rietkuil, ens.

- 360 PIETERSE, D.J. Die geskiedenis van die myn-industrie in Transvaal, 1836 - 1886. (*In* Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jg. 6, p. 73 - 216, 1943. Kaapstad, Staatsdrukker, 1945). p. 79 - 81, 102 - 104, 107 - 114.

Beskryf die besoek van Pieter Jacob Marais aan Potchefstroom en meld dat hy toestemming van die Volksraad gekry het om in Transvaal te prospekteer. Verwys ook na Josiah Angove se prospekterdery in die distrik (kyk 476) en Mauch se besoek. Daar is ook talle terloopse verwysings na prospekteurs wat op Potchefstroom aangedoen het.

- 361 RAND PIONEERS. First annual report. Johannesburg, 31st August, 1904. p. 85 - 87.

Die Rand Pioneers was 'n vereniging wat in 1903 gestig is en bestaan het uit persone wat voor 1889 reeds op die Rand gewoon het. Hulle doel was om die gees van samehorigheid en buurman-skap wat onder die pioniers geheers het te laat voortleef, om dokumente en interessante inligting te versamel en te bewaar en om sosiaal te verkeer. Daar het altesaam elf jaarverslae verskyn, waarvan slegs die eerste drie inligting oor Potchefstroom bevat. In hierdie eerste jaarverslag verskyn 'n uittreksel uit 'n brief van J.G. Bantjes, gedateer 20 September 1903, waarin hy verwys na die aandeel van die

Potchefstroomse Sindikaat in die prospekter-
dery in 1882 en van Jacobsohn, Kauffman, C.M.
Douthwaite en hyself in 1885 by Wilgespruit.
Na die ontdekking van die Hoofrif is die
Potchefstroom Exploration Syndicate gestig.

- 362 — Second annual report. Johannesburg, 31st
August, 1905. p. 124.

Dr. David Draper beskryf die geskiedenis van
J.H. Davis se ontdekking van goud in 1852 en
hoedat die Boere hom die land uitgesit het
nadat hy sy monsters aan Pretorius gewys het,
omdat hulle bang was vir die gevolge vir
Transvaal indien die ontdekking bekend sou
word.

- 363 — Third annual report. Johannesburg, 31st
August, 1906. p. 51.

Bevat 'n lewenskets van Alfred Ernest Dowling
(1865 - 1906). Hy was in Johannesburg 'n
prospekteerder en later stadstesourier. In
1903 kom hy as rekenmeester na Potchefstroom
en word stadsraadslid.

- 364 REUNERT, T. Diamonds and gold in South Africa.
London, Edward Stanford, 1893. p. 18,
96 - 97, 118.

Die werk bevat 'n kort verwysing na die bodem-
gesteldheid van die Vaalrivier bokant Potchef-

stroom en beskryf dan die goudrif wat van Klerksdorp deur Potchefstroom na Krugersdorp loop. Volgens die skrywer is goudneerslae nie beperk tot die Witwatersrand nie, maar ook bekend in die Waterberg-, Marico- en Potchefstroomdistrikte.

- 365 ROCHLIN, S.A. A search for gold on the Witwatersrand in 1877. *Africana aantekeninge en nuus* 11:43 - 45, 1953/55.

Die artikel is geskryf na aanleiding van J. GRAY. *Payable gold* (kyk 350) se verwysing op p. 54 oor Reston se ontdekking van goud op Weltevrede, Potchefstroom in 1877. 'n Korrespondent skryf op 20 Februarie 1877 uit Potchefstroom in die *Cape Times* van 3 Maart 1877 oor die opgewondenheid oor die ontdekking van goud, 'n dagreis van Potchefstroom op die plaas van Bosman in die Witwatersrand. Die *Transvaal Argus and Potchefstroom Commercial Gazette* van 9 Februarie 1877 sê dat G. Reston twee ervare prospekteurs gestuur het om 100 myl van Potchefstroom te prospekter. 'n Week later berig die koerant dat hulle groot sukses gehad het. Die *Transvaal Argus* van 23 Februarie 1877 sê van die poging van George Reston, 'n bekende afslaer en geswore waardeerder van Potchefstroom, dat die monsters belowend lyk en dat hy vasbeslote is om sukses te behaal. Op 30 Maart 1877 en 6 April 1877 is daar verdere berigte oor suksesvolle prospekterwerk en op

25 Mei 1877 word die plaas Cyferbult geadverteer en in die advertensie 'n goudveld genoem.

- 366 ROSENTHAL, E. Gold! Gold! Gold! The Johannesburg gold rush. London, Macmillan, 1970. p. 9, 11, 12, 23, 116.

Beskryf Potchefstroom op die stadium toe daar 100 huise en 600 inwoners was. In 1852 ontdek John Henry Davis goud op Paardekraal en word op Potchefstroom die land uitgesit. In dieselfde jaar besoek John Sanderson (kyk 105) Potchefstroom. P.J. Marais en C. Mauch se besoeke aan die dorp word beskryf. In 1882 span Sigmund Hammerschlag, George Jacobson, Adolph Kaufmann en Moritz Nussbaum saam en stuur Van der Hoven om naby Potchefstroom te prospekter.

- 367 SAUER, Hans. Ex Africa... London, Geoffry Bles, 1937. p. 104 - 106.

Die werk is herdruk in die reeks "Rhodesiana Reprint Library", vol. 27 (Bulawayo, Books of Rhodesia, 1973). Sauer vertel hoedat dr. Bird hom in 1886 laat weet het om Potchefstroom toe te kom in verband met die goudontdekking en hoedat hy vir J.B. Robinson, ook van Kimberley, toevallig hier ontmoet het. Hulle is toe verder saam na die Witwatersrand.

- 368 TABLER, E.C. Further notes on the Tati gold rush. *Africana aantekeninge en nuus* 13: 65 - 69, 1958/59. p. 66 - 67.

Die Potchefstroom Pioneer Party, bestaande uit nege man, verlaat Potchefstroom op 11 Maart 1868 na die Tati-goudvelde. Die artikel beskryf hulle wedervaringe en die uiteindelijke mislukking van die ekspedisie.

- 369 TABLER, E.C. Pioneers of Rhodesia. Cape Town, Struik, 1966. p. 2, 6, 22, 91, 133.

Die werk beskryf die verskillende persone en groepe, in alfabetiese volgorde, wat pionierswerk in Rhodesië gedoen het. Omdat Potchefstroom die laaste plek op hulle reis was waar hulle voorrade kon aankoop, het baie van hulle in die vroeëre jare hier aangedoen. So het die Alice Party, 'n groep van vier prospekteerders en hulle families uit Alice in die Oos-Kaap, byvoorbeeld 'n ruk hier vertoef op hulle reis na Tati in 1868. Onder hulle was die fotograaf Donoghue. Van die pioniers oor wie geskryf word en wat ook 'n rol op Potchefstroom gespeel het, was Thomas Baines, James Chapman, Thomas Smith Leask, en die Potchefstroom Pioneer Party. Die werk is 'n baie nuttige naslaanbron.

- 370 TABLER, E.C. The Tati gold rush and the diary of Alexander Hamp. *Africana aantekeninge en*

nuus 13: 53 - 63, 1958/59. p. 55.

Die eerste groep prospekteerders wat Tati bereik het, was die Potchefstroom Pioneer Party van nege man onder "Captain" George Black in 1868. Die groep is gefinansier deur inwoners van Potchefstroom en hulle instruksies was om langs die Krokodilrivier te prospekteer. Henry Hartley was die gids teen betaling van 'n gelyke deel van die wins. Die ekspedisie het misluk. Volgens Tabler het Potchefstroom ook vir talle ander prospekteerders as afspringplek na Tati gedien.

- 371 TRANSVAAL: A condensed history of the South African Republic. Chicago, Rand, McNally and co., 1899. p. 50.

Die werk verwys kortliks na die goudrif wat van Heidelberg tot Potchefstroom loop. Minder belangrik.

- 372 WELLS, A.W. South Africa (kyk 132). p. 161 - 162.

Beskrywing van P.J. Marais se ontdekking van goud in 1853 en J.G. Bantjes se prospekteer-sindikaat in 1882.

HANDEL

- 373 BEIJER, J. Journaal gehouden van Reddersburg (Oranje Vrijstaat) naar Rustenburg (Zuid-Afrikaansch Republiek) (kyk 26). p. 14-15.

Beskrywing van die waens wat daaglik op die mark aankom met produkte soos koring, leer, tabak, ivoor en volstruisvere.

- 374 CHAPART, G. The queer adventures of a "stupid" emigrant; a romance of motor pioneering in South Africa. Pretoria, the Author, 1958. p. 147 - 149.

Die skrywer het in 1908 'n motorhawe in Potchefstroom geopen en beweer dat hy in 1910 die eerste huurmotordiens in Suid-Afrika op Potchefstroom begin het met drie gebruikte motors, en dat dit 'n groot sukses was. Op p. 148 verskyn 'n foto van die "Potchefstroom Motor Garage" in 1908.

- 375 CLEMENT, A.J. "Chapman Khama" - the story of James Chapman (kyk 150). p. 195.

Chapman het hom op 17-jarige leeftyd in 1849 in Potchefstroom kom vestig as die eerste Engelse handelaar in Transvaal.

- 376 HEITMANN, H. Handel und Ackerbau in Potchefstroom (kyk 60).

Heitmann beskryf die mark in 1886 en die handelware wat daar aangebied is: brandhout, twak, koring, hawergerwe, boontjies, aartappels, leer, jukke, ens. Die handel in die winkels was lewendig en hy verwys ook na die landbou en landbouprodukte.

- 377 JENKINS, E. Progress of Potchefstroom.

Commercial opinion 41(491): 21 - 26, Dec. 1963.

Beskryf die rol en ontwikkeling van die Potchefstroom Chamber of Commerce ten tyde van die Chamber se diamantjubileum. In 1925 word David Dakers (kyk 559) voorsitter.

- 378 JEPPE, F. Die Transvaal'sche oder Süd-Afrikanische Republik (kyk 63). p. 13.

Verskaf handelstatistiek vir 1864: Daar is 292 vragte van 3000 lb. elk handelware deur plaaslike handelaars ingevoer met 'n totale waarde van £87600. Smouse het 25 vragte van 3000 lb elk ter waarde van £7500 ingevoer. Potchefstroomse handelaars het in dieselfde jaar £12000 se volstruisvere, 1200 bale wol en 12000 lb. ivoor na die Kaap en Natal uitgevoer. Hy verwys ook na die landboutentoonstelling wat in Maart 1868 gehou is.

- 379 MCGILL, D.C. A history of the Transvaal
1853 - 1864 (kyk 74). p. 418.
Verwys na die handel in volstruisvere, wat in
1864 vir f30 - f40 per lb. verkoop het. Die
Potchefstroomse mark was baie bedrywig, veral
met Nagmaalnaweke.
- 380 PELZER, A.N. Geskiedenis van die Suid-Afri-
kaanse Republiek (kyk 323). p. 177 - 187.
Beskryf die ekonomiese oplewing in die laat
vyftigerjare en gee 'n lys van besighede in
Potchefstroom tussen 1857 en 1860.
- 381 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom
1838 - 1938 (kyk 178). p. 271 - 305.
Die derde gedeelte van die werk handel oor
"The commercial history of Potchefstroom" en is
geskryf deur E.H. Jenkins. Dit gee 'n baie
volledige beeld van die handelsgeskiedenis van
die dorp in drie periodes, nl. van die stigting
van die dorp tot die eerste Vryheidsoorlog,
tussen die twee vryheidsoorloë, en 1902 tot
1938.
- 382 POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.
Instituut vir Ekonomiese Navorsing. Nywer-
heidsvestiging in Wes-Transvaal. Potchef-
stroom, P.U. vir C.H.O., 1958. p. 72.
Die werk beskryf onder andere behuisings-

voorsiening op Potchefstroom en bevat talle
ander terloopse verwysings na die dorp.

- 383 PRAAGH, L.V. *red.* The Transvaal and its mines
(kyk 102). p. 455 - 467.

Bevat inligting oor 'n aantal besighede in
Potchefstroom in 1906.

- 384 REX, H.M. George Wellington Rex (1840 -
1923). Pretoria, die Skrywer, s.j.
p. 3 - 4, 6 - 7.

G.W. Rex was die kleinseun van die bekende
George Rex van Knysna en vestig hom in 1855 as
15-jarige seun op Potchefstroom, waar hy 'n
winkelklerk by O.W.A. Forssman word. Na drie
jaar is hy na Rustenburg in in 1873 keer hy
saam met John Crause Baillie na die dorp terug,
waar hulle 'n winkel "Baillie en Rex" begin.
Hulle koop die plase Vyfhoek en Rietfontein.
In 1876 huur Rex drie watermeulens en 'n wol-
wassery van William Stamp. In 1878 verhuis
Rex finaal uit Potchefstroom.

- 385 ROSENTHAL, E. Manne en maatskappye; die
geskiedenis van die eerste Afrikaanse sake-
manne. Kaapstad, Human en Rousseau, 1963.
p. 32, 36, 44, 50, 69, 70, 75, 80 - 81.

Die werk bevat baie nuttige gegewens oor
Potchefstroomse Afrikaanse handelaars en besig-

heidsinstellings. In die 1850's was die volgende handelaars in die dorp: C.G. Bosman (slagter), H.S. Lombard (algemene agent), J.P. Louw (algemene agent), Visagie en Greyling (slagters), Swanepoel (kantieneienaar), E. Moberg (leerlooier) en die drie Lotters (saal- en tuemakers). Vanaf 22 Januarie 1859 was die mark bedags van 8vm.- 10vm. en 3nm. - 4nm. oop. Ander besighede waarna verwys word, is J.P. Borrius (drukker), Bosch (afslaer), Zinn (boekhouer), Kruger, Rocher, Schikkerling, Taljaard, Viljoen (almal winkeliers), J.J. Smith (Central Bar), D.J. Celliers (Masonic Hotel) en P.J. Botha (huis- en grondmakelaar). J.R. Schikkerling was ook eienaar van stoommasjienerie, onder meer stoomdorsmasjiene vir die maal van alle soorte graan, en algemene ingenieursgereedskap. J.B. Retief was die bestuurder van die Algemene Boeren Winkel. In die 1870's is die Potchefstroomse Eksekuteurskamer en Trustmaatskappy met 'n kapitaal van £20 000 gestig. D.J. Aspelting was een van die direkteure en die sekretaris was A.G. Watermeyer, J.C. Faure 'n assistent en M.S. Malherbe die ouditeur. Die Potchefstroomse Ko-operatiewe Melk Maatschappij is in 1906 gestig en die Mooi Rivier Dorsmaschienen Maatschappij in 1913 met 'n kapitaal van £4 000.

- 336 ROSENTHAL, E. On 'change through the years; a history of share dealing in South Africa. Johannesburg, Flesch Financial Publications,

1968. p. 44, 49, 88, 97 - 101, 140, 141, 242.

Beskrywing van die stigting van die Potchefstroom Stock Exchange and Club Company Limited op 23 Mei 1889 met 'n kapitaal van £12 000. 'n Gebou is opgerig, maar as gevolg van finansiële probleme is dit in 1890 aan mnre. Giddy en Craw verhuur vir 'n skaatsbaan. Op 30 Desember 1890 brand die gebou af en teen die einde van 1891 is die maatskappy gelikwideer. Op p. 141 verwys die skrywer na die medikus, dr. John Drought Bird, wat hom in 1870 op die dorp vestig en baie belangstel in goudontginning (Die Bird-rif by Krugersdorp is na hom vernoem).

386a ROSENTHAL, E. Other men's millions. Cape Town, Timmins, n.d. p. 57 - 67, 186.

Die skrywer verskaf gegewens in verband met O.W.A. Forssman en sy besighede, en oor die stigting van die aandeelbeurs.

387 WALTON, J. Water-mills, windmills and horse-mills of South Africa. Cape Town, Struik, 1974. p. 57, 59.

Beskryf die watermeul wat nog naby Potchefstroom in werking is, met 'n foto daarvan op p. 57. 'n Mens sou in 'n werk van hierdie aard meer besonderhede oor die

talle ander watermeuelens wat vroeër in
die dorp bestaan het, verwag het.

HOTELLE

- 388 BELL, W.H.S. Bygone days (kyk 23). p. 127 - 129.

Bell het Potchefstroom in 1886 besoek en gaan by die Royal Hotel tuis. In teenstelling met ander meer waarderende reisigers, beskryf hy dit as "one of the worst managed and probably the dirtiest in the country"!

- 389 HOSTEN, M.J. "To go or not to go, that is the question", or, Musing on the twenty-eight SALA Conference at Potchefstroom. *Libra* 9: 130 - 133, 1974.

'n Humoristiese skets oor die bywoning van 'n konferensie te Potchefstroom, met 'n luimige weergawe van die afgevaardigdes se wedervaringe in een hotel.

- 390 MEN of the times (kyk 319). p. 42.

Verwys na die eerste hotel op Potchefstroom, die "Royal Oak", wat op die standplaas van die huidige Royal Hotel gestaan het en aan George Colston (sic!) behoort het. (Hy bedoel waarskynlik George Coulson.)

- 391 ROSENTHAL, E. Tankards and tradition.
Cape Town, Howard Timmins, 1961. p. 88,
189, 203.

Volgens die skrywer is die eerste hotel in Potchefstroom in 1859 deur A.F.C. Rocher geopen, en hy verwys na John Nixon se beskrywing van die hotelle in Potchefstroom in 1876 in *Among the Boers* (kyk 88). Rosenthal verwys ook na die bierbrouery van mnr. Ayres wat in 1872 op Potchefstroom afgebrand het en later weer opgebou is. Na die Tweede Vryheidsoorlog het die Potchefstroom Brewery gefloreer.

- 392 BECKER, C.J. Guide to the Transvaal (kyk 22)
p. 53, 174 vv.

Op p. 53 verskyn daar 'n algemene beskrywing van die dorp en distrik, met algemene gidsinligting vanaf p. 174, wat die name van staatsamptenare, predikante, skoolkommissielede, privaatskole, dokters, pospersoneel, museumkuratore, bankbestuurders, munisipaliteit, ens. insluit. Die werk bevat ook advertensies van besighede in Potchefstroom.

- 393 CAPE of Good Hope commercial directory and general business guide, 1868. Cape Town, Saul Solomon, 1868. p. 355.

Beskryf "Mooiriversdorp or Potchefstroom, on the Klakua or Mooi River, the seat of the local government". Gee die name van die landdros, W.J. Otto, die Hervormde predikant, D. van der Hoff, die predikant van die English Episcopal Church, J. Thorne, en die predikant van die Wesleyaanse Kerk, W. Richardson.

- 394 GENERAL directory of South Africa for 1888.
Cape Town, Dennis Edwards (1888?) p. 708
- 709.

Bevat gidsinligting oor Potchefstroom, soos die name van predikante, landdros, posmeester,

dokters en die verskillende beroepe.

- 395 — 1890 - 91. p. 25, 245 - 247.

Kort beskrywing van die dorp en algemene gidsinligting.

- 396 JEWELL, G.W. The national guide to Transvaal and O.R.C. London, R. Clay and sons (1903?) p. 19.

Kort gidsinskrywing met inligting oor Potchefstroom.

- 397 JUNIUS, J.H. De koloniën en staten van Zuid-Afrika; gids voor hen, die zich naar die streken wenschen te begeven (kyk 64). p. 64, 102.

Beskrywing van die dorp en distrik met kort gidsinligting op p. 102.

- 398 LONGLAND'S Transvaal directory. Johannesburg, Longland, 1903: p. 1361 - 1369.
1906: p. 1363 - 1384.

Bevat algemene gidsinligting oor die dorp, soos onder andere 'n handelsgids en 'n alfabetiese adreslys van inwoners. In 1906 was daar twee teaters, nl. die Lyric en Gaiety.

- 399 MARRIOTT, H.F. Alphabetical index to farms of the Transvaal. Johannesburg, Argus printing and publishing co., 1904.

Die werk is saamgestel om saam met "Jeppe's map of the Transvaal" gebruik te word. Verwys na elke plaas, met sy posisie op die kaart, naam, distrik en vel van Jeppe waarop dit te vinde is en die posisie in grade lengte- en breedtegraad. Al die plase in die Potchefstroom-distrik is hierin opgeneem.

- 400 SILVER, S.W. and co. Handbook to South Africa, including the Cape Colony, the Diamond Fields, Natal, British Bechuanaland Protectorate, Zambesia and its Gold Fields, Transvaal and its Gold Fields, Orange Free State, etc. Fourth edition. London, S.W. Silver and co., 1891.

Bevat kort gidsinligting.

- 401 SILVER, S.W. and co. Handbook to the Transvaal, British South Africa: Its natural features, industries, population and gold fields. London, S.W. Silver and co., 1878. p. 31 - 32.

Beskryf die dorp kortliks en verwys daarna dat dit dwarsdeur Suid-Afrika beroemd is vir sy skoonheid.

- 402 SOUTH AFRICA, an illustrated booklet of information for travellers. Cape Town, Thos. Cook and son, 1913. p. 77 - 78.

Bevat kort gidsinligting met 'n foto van King Edwardstraat (hoek van Potgieterstraat met die King's Hotel en winkel van Stokes in voorgrond).

- 403 TRANSVAAL official guide. Cape Town, Beerman, 1955. p. 42, 260 - 261.

Beskryf die dorp vanuit 'n toeriste-oogpunt.

- 404 Het WESTEN. Geïllustreerd jaarboek van "Het Westen" voor 1911. Potchefstroom, Het Westen, (voorw. 1911).

Volgens die voorwoord is dit die derde jaargang. Dit bevat gidsinligting, soos kerklike gegewens, name van stadsraadslede, veldkornette, skoolraad, ens. en talle advertensies van besighede op Potchefstroom met foto's.

- 405 ZUID-AFRIKAANSCH E REPUBLIEK. Staats-almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1897. p. 330 - 331.

Algemene beskrywing van die dorp en distrik met gidsinligting oor geboue, winkels, hotelle, geneeshere, prokureurs, koerante, staatsamp-tenare, ens.

406 ZUID-AFRIKAANSCH E REPUBLIEK. Staats-almanak
voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899.
Pretoria, Staatsdrukkerij, 1898. p. 312 -
314.

Bevat dieselfde inligting as 405.

JOODSE GEMEENSAP

- 407 GITLIN, Marcia. The vision amazing; the story of South African Zionism. Johannesburg, Menorah Book Club, 1950. p. 27, 166.

In ongeveer 1898 het die Potchefstroomse Jode 'n vereniging met die naam Chovevi Zion gestig, wat egter niks met die werklike Chovevi Zion te make gehad het nie. In ongeveer 1903 is 'n kinder-Zionistegroep op die dorp gestig.

- 408 AGAR-HAMILTON, J.A.I. A Transvaal jubilee (kyk 15). p. 8 - 9, 120.

Die werk handel oor die geskiedenis van die Church of the Province en beskryf ook die vroeë geskiedenis van die kerk in Potchefstroom. In 1863 vra 'n groepie Engelse op die dorp vir Biskop Twells van die O.V.S. vir bediening en die volgende jaar stuur hy vir William Richardson as kategeet. Beskryf ook die sendingwerk van die kerk te Potchefstroom.

- 409 BADENHORST, W.J. Geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Transvaal 1842 - 1885. D.Litt.-proefskrif, P.U.K. vir C.H.O., 1951. p. 17 - 20.

Beskryf die stigting van die Nederduits Gereformeerde gemeente van Potchefstroom. Die werk bevat talle ander verwysings na die rol van die dorp in die geskiedenis van die kerk in Transvaal.

- 410 BAMANG-WATO, *pseud.* To Ophir direct (kyk 21). p. 39.

In 1868 het Potchefstroom die enigste Engelse predikant in Transvaal, aangestel deur die Biskop van die Vrystaat, en sy kerk (St. Mary's) is halfpad gebou.

- 411 BOUSFIELD, H.B. Six years in the Transvaal; notes on the founding of the Church there. London, Society for promoting Christian Knowledge, 1886. p. 38 - 39, 65, 73.
Die werk dek die periode 1879 tot 1885 en bevat sketse van die meeste Transvaalse dorpe. Beskryf die dorp en maak melding van die ou priester, eerw. Richardson, wat op Potchefstroom werk. Die kerk besit op hierdie stadium 4 of 5 erwe op die dorp en hy beskryf die kerkgebou.
- 412 BURNET, A. A mission to the Transvaal. London, Robert Culley, 1908. p. 30 - 40, 71 - 72.
Beskryf die vroeë geskiedenis van die Metodistekerk op Potchefstroom en die verhaal van die swart prediker, Dawid Magatta ("our first missionary in the Transvaal").
- 413 CHRISTELIKE JONGELIEDE VERENIGING. Statuten der Christelike Jongelieden Vereniging te Potchefstroom. Potchefstroom, Het Westen, s.j. 14 p.
Bevat die konstitusie en die huishoudelike reëls van die C.J.V.
- 414 COETZEE, J.V. en COETZEE, J.Chr. Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, 1863 - 1938; die geskiedenis van die kerklike lewe en

onderwys. Potchefstroom, Westelike Stem,
s.j. 68 p.

Geskiedenis van die Kerk in Potchefstroom.

Bevat foto's van ds. D. Postma, die eerste
kerkgebou, verskillende predikante en lidmate.

- 415 DREYER, A. Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.
Kaapstad, Van der Sandt de Villiers, 1929.
p. 62 - 63, 70.

Beskryf die besoeke van predikante gedurende
die eerste jare van Potchefstroom. Eerw.
Lindley het op "Potchefspruit" in 1842 202
kinders gedoop, 109 lidmate aangeneem en 7 pare
getrou. In 1844 sê ds. A. Faure dat die ge-
meente sterk toeneem in getalle en hy gee die
name van die ouderlinge en diakens.

- 416 DREYER, J.G.M. *e.a.* Ds. Dirk van der Hoff,
die eerste predikant van Transvaal (kyk 168).
Beskryf die werk van ds. Van der Hoff, predi-
kant van die Nederduitsch Hervormde gemeente
van Potchefstroom.

- 417 DREYER, J.G.M. Eeufees-toesprake, 1842 - 1942,
gehou op Potchefstroom in verband met die
herdenking van die honderdjarige bestaan van
van die Nederduitsche Hervormde gemeente
aldaar. (s.pl., 1942) 97 p.

Bevat die preke en toesprake gelewer tydens die

eeufesvierings van die Kerk, met talle verwysings na die geskiedenis van die gemeente.

- 418 ENGELBRECHT, S.P. Album vir die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria, H.A.U.M., 1965. p. 51 - 60.

Bevat dieselfde foto's as die Eeufeesalbum van dieselfde skrywer (kyk 419) met enkeles wat later bygekom het. Die inhoud is hoofsaaklik dieselfde.

- 419 ENGELBRECHT, S.P. Eeufees-album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1842 - 1942. Pretoria, 1942.

Bevat die volgende foto's met beskrywings daarby: Kollektelys vir die oprigting van 'n kerkgebou, 1 November 1841 (p. 13); P.J. van Staden en P.F. Strydom, kerkraadslede (p. 13); eerste doopregister en beroepsbrief (p. 14); ds. en mev. D. van der Hoff (p. 17); die ou pastorie (p. 24); die Kerkplein (p. 29).

- 420 ENGELBRECHT, S.P. Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika, 2e druk. Pretoria, J.H. de Bussy, 1936. p. 50, 73 - 80.

Beskryf die oprigting van die eerste kerkgebou op Potchefstroom en die koms van ds. Van der

Hoff. Daar is ook talle ander verwysings na Potchefstroom in die geskiedenis van die Hervormde Kerk. Die eerste uitgawe van hierdie werk was in Nederlands, *Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* (Amsterdam, J.H. de Bussy, 1920) en bevat 'n aantal bylaes wat nie in die tweede uitgawe opgeneem is nie, bv. briewe van ds. Van der Hoff, prof. Lauts en Smellekamp. Bylae xxix in deel 1 handel o.a. oor die naam van Potchefstroom (kyk 500) en in bylae xxxi beskryf Van der Hoff die toestande in Transvaal op 1 Augustus 1853.

- 421 ENGELBRECHT, S.P. Die Nederduitsch Hervormde gemeente Potchefstroom, 1842 - 1942.

Pretoria, De Bussy, s.j. 160 p.

'n Baie volledige beskrywing van die geskiedenis van die gemeente met talle aanhalings uit argivale bronne. Beskryf o.a. die stigting van die gemeente in 1842, die stigting van die dorp en die ontwerp van die Vierkleur deur ds. Van der Hoff.

- 422 ENGELBRECHT, S.P. Die oudste gemeente in Transvaal. Pretoria, 1942. 21 p.

'n Beredenering van die feit dat die Hervormde gemeente van Potchefstroom die oudste in Transvaal is en nie die N.G. gemeente nie. Gee verder heelwat historiese gegewens in verband met die gemeente.

- 423 ERASMUS, F.W.L. Ds. Dirk van der Hoff (kyk 169).

Bevat baie inligting oor die geskiedenis van die Hervormde Kerk in Potchefstroom en ds. Van der Hoff se werk aldaar.

- 424 GERDENER, G.B.A. Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Kaapstad, Nasionale Pers, 1930. p. 185 - 186, 211 - 214, 217 - 220, 481, 536.

Beskryf die registers en notuleboeke van die Potchefstroom-gemeente en dui aan waar dit te vinde is. Die tweede Algemene Kerkvergadering is op 22 November 1853 op Potchefstroom gehou. Tydens die sewende Algemene Vergadering op 22 Desember 1857 word die naam Potchefstroom gebruik, en nie meer Mooirivier nie. In Mei 1889 word ds. M.L. Fick (kyk 44) as hulpprediker te Potchefstroom bevestig. Verwys ook na 'n brief van 1 November 1841 vanaf "Potscheffstroom" waarin hulp gevra word vir die oprigting van 'n kerkgebou.

- 425 GERDENER, G.B.A. Ons Kerk in die Transgariep, geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal. Kaapstad, Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, 1934. p. 56, 59 - 60, 236 - 237, 244.

Die werk beskryf die vestiging van die Boere

in Potchefstroom en die begin van die kerklike lewe aldaar. Eerw. Daniel Lindley besoek die gemeente in 1842 en doop 189 kinders, en op 20 Januarie 1850 hou ds. Andrew Murray op Potchefstroom 'n diens vir meer as 1000 mense bymekaar, waar hy 90 kinders doop. In 1852 besoek ds. Murray weer die gemeente saam met ds. Jan Neethling en hulle doop 97 kinders.

- 426 GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA; Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859 - 1959. Potchefstroom, Kerkblad, 1959. p. 98 - 109, 225 - 244.

'n Gedenkboek uitgegee tydens die eeufees van die Gereformeerde Kerk. Die werk bevat lang beskrywings van die geskiedenis van die Teologiese Skool en die Universiteit, en ook talle verwysings na die rol van Potchefstroom in die geskiedenis van die Kerk.

- 427 GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. Soewer-nierprogram uitgegee met die ingebruikneming van die Teologiese Skool, administratiewe kantore en kerkgebou van die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom-Noord. Pretoria, V & R drukkerij (1952?) 16 p.

Verskaf 'n historiese oorsig oor die geboue van die Teologiese Skool, met foto's, 'n beskrywing van die Administratiewe Buro en van die kerkgeboue van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom.

- 428 HUET, P. Het lot der Zwarten in Transvaal
(kyk 9). p. 81.

Beskryf die sendingwerk van F. Weyers en die
Bantoe, Dawid, in Potchefstroom.

- 429 JOOSTE, J.P. Die geskiedenis van die Gerefor-
meerde Kerk in Suid-Afrika, 1859 - 1959.
(Potchefstroom, Potchefstroom Herald, voorw.
1959) p. 50, 74, 267.

Beskryf die besoek van ds. Dirk Postma op
5 November 1858 aan Buffeldoorns, distrik
Potchefstroom, die stigting van die Gereformeer-
de Gemeente in 1859, en die verskuiwing van die
Teologiese Skool in 1905 na Potchefstroom.
Bevat talle ander verwysings na die Kerk op
Potchefstroom, die Teologiese Skool en die
Universiteit.

- 430 KRAKENSTEIN, E. Kurze Geschichte der Berliner
Mission in Südafrika (kyk 224). p. 208 -
213.

In Augustus 1871 kom eerw. Moschütz as sendeling
van die Berlynse Sending van die Lutherse Kerk
na Potchefstroom en in 1874 word hy opgevolg
deur eerw. Köhler. Die hoeksteen van die kerk-
gebou is in 1875 gelê en dit is in 1877 voltooi.
Op p. 210 verskyn 'n mooi illustrasie van die
kerkgebou, wat vandag nog in Gouwsstraat staan.

- 431 LEWIS, C. en EDWARDS, G.E. Historical records of the Church of the Province of South Africa. London, Society for promoting Christian Knowledge, 1934. p. 573, 576, 586.

Biskop Twells van die O.V.S. besoek Potchefstroom in 1864 op versoek van die Engelse inwoners. In 1866 stuur hy eerw. W. Richardson hierheen en op 25 Maart 1867 word die hoeksteen van St. Mary's Kerk gelê. In 1874 beskryf Biskop Wilkinson van Zoeloeland die dorp, die mooi kerkie en die baie Engelse inwoners. Eerw. Clulee begin in 1887 met sendingwerk by Potchefstroom.

- 432 LION CACHET, F. Vijftien jaar in Zuid-Afrika (kyk 71). p. 165 - 170.

Ds. Lion Cachet besoek Potchefstroom in 1868 om ds. Jooste as predikant van die N.G. gemeente te bevestig en ontmoet sy broer, ds. Jan Lion Cachet, predikant van die Geref. Kerk, wat op Potchefstroom as konsulent optree, daar.

- 433 MEARS, W.J.G. An outline of Methodism in the Transvaal. s.pl. (1972). p. 2 - 5, 21 - 24, 65 - 66.

In 1867 begin eerw. Joh Thorne 'n sendingstasie van die Metodiste Kerk op Potchefstroom. Hy bly vir een jaar hier, waarna die stasie deur sendelinge van Thaba Nchu bedien word. Die

geskiedenis van die swart evangelis, Dawid Magatta, word verhaal en hoedat daar 'n sendinggemeente ontwikkel het. In 1875 is die eerste kerkgebou opgerig, wat diens gedoen het tot 1904.

- 434 MOORREES, A. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873. Kaapstad, S.A. Bybelvereniging, 1937. p. 758, 773 - 775.

Beskryf di. A. Murray en J.H. Neethling se besoek aan Potchefstroom in 1852, en ds. Van der Hoff se aankoms in Potchefstroom.

- 435 NEETHLING, ds. J.H. Het Overvaalsche. *De Kerkbode* 4(19): 302 - 304, Sept. 18, 1852.

Ds. Neethling het Potchefstroom in 1852 saam met ds. A. Murray besoek om die gemeente te bearbei. Tydens die besoek is hulle hartlik ontvang en het hulle dienste gehou en aannemeklasse behartig. Hy gee ook 'n beskrywing van die dorp.

- 436 OLIVIER, P.L., *samest.* Ons gemeentelike feesalbum, 'n oorsig van die ontstaan en groei van gemeentes van die Gefed. Ned. Geref. Kerke met geleentheid van die Van Riebeeckfees 1952. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1952. p. 404, 452, 534, 593, 595.

Beskryf die gemeentes Potchefstroom (gestig 1842), Mooirivier (gestig 1917) en Potchefstroom-Noord (gestig 1948) en bevat foto's van die kerkgeboue van Potchefstroom en Mooirivier.

- 437 OP reis. *Die Ebenezer*, November 1921, p. 10 - 11.

Die redakteur van *Die Ebenezer*, eerw. F.N. van Niekerk, het Transvaal in 1921 besoek om in-tekenare te werf en geld in te samel. Op Potchefstroom preek hy in die twee N.G. gemeentes, wat op partypolitieke grondslag, en nie volgens geografiese gebiede nie, verdeel is. Hy gee ook 'n kort beskrywing van die dorp.

- 438 PONT, A.D. Die oudste kerkgebou in Transvaal; iets oor die geskiedenis van die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde gemeente Potchefstroom, 1866 - 1966. Potchefstroom, Kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente, 1966. 50 p.

Beskryf die historiese agtergrond van die gemeente, kerklike toestande in die Z.A.R. en die oprigting van die eerste en die huidige kerkgeboue.

- 439 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom 1838 - 1938 (kyk 178). p. 37 - 60.

Hoofstuk 8 van die eerste gedeelte van die werk handel oor die kerkgeskiedenis van die

verskillende kerke in Potchefstroom.

- 440 PRETORIA. Universiteit. Voortrekker-gedenkboek van die Universiteit van Pretoria. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1938. p. 165 - 169.

Prof. S.P. Engelbrecht skryf in die gedenkboek oor die kerklike toestande onder die Voortrekkers wes van die Drakensberge tot 1842 en beskryf die vroeë kerkgeskiedenis op Potchefstroom, tot met Lindley se besoek in 1842, toe daar 190 waens op die dorp saamgetrek was.

- 441 SPOELSTRA, B.

Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760 - 1899. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1963. 314 p.

Die werk bevat talle verwysings na Potchefstroom in verband met die geskiedenis van die kerk in Transvaal.

- 442 SPOELSTRA, C. Het kerkelyk en godsdienstig leven der Boeren na den Groote Trek. Kampen, J.H. Kok, 1915. 624 p.

Beskryf die kerklike ontwikkeling in o.a. Transvaal en bevat talle verwysings na die kerke in Potchefstroom.

- 443 VAN DER VYVER, G.C.P. Professor Dirk Postma
1818 - 1890. Potchefstroom, Pro Rege-
pers, 1958. p. 225 - 226.
Beskryf prof. Dirk Postma se lewe en sy werk
in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk.
Beskryf sy besoek aan Potchefstroom in 1858 en
bevat talle ander verwysings na die dorp.
- 444 WANGEMANN, T. Geschichte der Berliner
Missionsgesellschaft und ihrer Arbeiten in
Südafrika. Berlin, Verlag des Missions-
hauses, 1877. Bd. IV, p. 686 - 698.
'n Waardevolle beskrywing van die beginjare van
die sendingwerk van die Berlynse Sending in
Potchefstroom. Op 28 Augustus 1870 versoek
Klingenberg, 'n Duitser van Potchefstroom, die
Berlynse Sending om 'n voltydse sendeling na
Potchefstroom te stuur. Eerw. Moschütz kom
op 28 Maart 1872 hier aan en bou self sy woon-
huis omdat boukoste so hoog was. Aanvanklik
is 'n kamer in die landdrosgebou vir kerkdienste
gebruik, maar van 1 Januarie 1875 was dit nie
meer beskikbaar nie omdat die regering dit vir
'n skool ingerig het. 'n Kerkgebou van 60vt.
x 30vt is beplan en op Hemelvaart 1875 is die
hoeksteen gelê. (Kyk ook 430)
- 445 WHITESIDE, J. History of the Wesleyan
Methodist Church of South Africa (kyk 258).
p. 419 - 422, 425, 428.

In 1871 gaan Rev. G. Blencowe na Potchefstroom na hy 'n gerug gehoor het in verband met 'n Bantoe, Dawid Magatta, wat homself 'n Wesleyaan noem en op Potchefstroom preek. Dawid het oorspronklik van die Magaliesberg gekom, word deur Moselekatse gevang, ontsnap later en vlug na Thaba Nchu, waar hy 'n Christen en lid van die Wesleyaanse Kerk word. Hy keer terug na die Magaliesberg, maar kan nie sy mense meer vind nie en gaan dus na Potchefstroom, waar hy op die Markplein vir die Swartes preek. Die Boere neem aanstoot omdat 'n Swartman die Evangelie durf verkondig en na 'n klag laat die landdros hom 'n pak slae met die sambok gee en verban hom die land uit. Hy ontmoet vir Paul Kruger op pad na Sekoekoeniland en dié gee aan hom skriftelike toestemming om terug te keer na Potchefstroom en om daar vir sy mense te preek. Die werk beskryf ook die werk van die verskillende predikante wat mekaar opgevolg het op Potchefstroom, nl. eerw. Ludorf, Rev. W. Wynne, Rev. Blencowe, Rev. J. Calvert en Rev. S.B. Cawood. Rev. T. Creswell begin 'n sendingstasie en opleidingsentrum vir swartes op die plaas Uitkyk, buite Potchefstroom en in 1886 skuif die opleidingsentrum na Kilnerton, vier myl buite Pretoria.

KLEURLINGGEMEENSKAP

- 446 HELLBERG, Elizabeth Sandra. An investigation into the social problems of the Coloured families in Potchefstroom. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1970. 139 p.
Beskryf die herkoms, samelewingstruktuur en sosiale probleme van die Kleurlinggemeenskap van Potchefstroom.
- 447 NESER, L. Die Kleurlinge van Potchefstroom; 'n algemene kultuurbeeld met besondere verwysing na gesinsgebruike. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967. 235 p.
'n Omvattende beskrywing van die agtergrond, herkoms, geskiedenis, onderwys, arbeidsomstandighede, ekonomiese lewe, gesinslewe, ens. van die Potchefstroomse Kleurlinge.

LANDBOU

- 448 BAMANG-WATO, *pseud.* To Ophir direct (kyk 21).
p. 33.

Die werk, wat in 1868 gepubliseer is, verwys na die "Agricultural Society of Potchefstroom" en dié vereniging se beskrywing van landboutoestande in Transvaal.

- 449 BLINK, H. Transvaal en omliggende lande (kyk 28). p. 69 - 71.

Volgens Blink (1889) is Potchefstroom uitstekend geskik vir landbou en is tabak die hoofproduk. Appels en lemoene word na Kimberley uitgevoer.

- 450 DE LANGE, A.M. en VISSER, F.C. Besproeiingsbehoefte in die Mooiriviervallei; 'n verslag van 'n grond-hidrologiese analise van die besproeiingsgronde tussen Boskopdam en die Vaalrivier. Potchefstroom, Navorsingsinstituut van die Hoëveldstreek. 1970.
56 p.

'n Opname van die Mooiriviervallei, die reenal, bodemgesteldheid en behoeftes aan besproeiing.

- 451 DU TOIT, A.F. Genetiese beheer van opbrengs in die mielievariëteit Pretoria Potchefstroom Pêrel. D.Sc. Agric.-proefskrif,

Universiteit van Pretoria, 1968. p. 5.

Die mielievariëteit Potchefstroom Pêrel het in 1910 op die Potchefstroomse Proefplaas ontstaan en is later in Pretoria ontwikkel tot die Pretoria Potchefstroom Pêrel. Die proefskrif handel verder oor genetiese navorsing.

- 452 FORSSMAN, *Chevalier* O.W.A. A guide for agriculturists and capitalists, speculators, miners, etc. wishing to invest money profitably in the Transvaal Republic, South Africa, containing description of a number of first-class farms, situated in different districts of the Republic... and general useful information... compiled by O.W.A. Forssman, twenty years resident in the Transvaal. Cape Town, William Foster and Co., 1872. p. 6, 16 - 18.

Bevat die name van die lede van die komitee van die Transvaal Agricultural Society en inligting deur hulle verskaf oor landboutoestande in Transvaal, asook 'n lys van 118 plase wat aan Forssman behoort het, baie waarvan in die Potchefstroomdistrik, met 'n beskrywing van elk.

- 453 HEITMAN, H. Handel und Ackerbau in Potchefstroom (kyk 60).

Die artikel bevat 'n goeie beskrywing van landboutoestande en landbouprodukte in die Potchefstroom-distrik.

- 454 MARKHAM, Violet R. The new era in South Africa, with an examination of the Chinese labour question. London, Smith, Elder and co., 1904. p. 33, 65, 79.

Die werk handel oor die rekonstruksie van Suid-Afrika na die Tweede Vryheidsoorlog. Daar was byvoorbeeld die probleem van persone wat voor die Oorlog bywoners was en wat die Britse magte gehelp het. Omdat die Boere hulle na die Oorlog nie wou aanvaar nie, was die oplossing om sg. "settlements" te stig. Een hiervan was die "Potchefstroom Farmers' Association" met 100 000 akkers grond en ver-blyf vir 2000 families, wat op koöperatiewe grondslag met hulp van die regering geboer het. Na die oorlog is modelplase by Potchefstroom, Lichtenburg en Standerton gestig om navorsing te doen en boerderystandaarde te verbeter deur middel van demonstrasies aan die boere.

- 455 THOMAS, O. Agricultural and pastoral prospects of South Africa. London, Constable, 1904. p. 210 - 211, 213.

Beskryf die vestiging van die eerste Voor-trekkers in Potchefstroom en hulle kennis van landbou. Hulle het vir hulle, volgens Thomas, in die distrik mooi huise in die Kaapse bou-styl gebou, met groot stoepe en hoë gewels. Hy beskryf ook hoedat hulle plase onderverdeel is. Potchefstroom is een van die gewildste graandistrikte in Transvaal, maar sonder

besproeiing is die grond nie veel werd nie, en besproeiingsgrond is duur. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was etlike Engelse boere, maar Thomas sê dat volgens Aartsdeken Roberts, 'n ou inwoner van Potchefstroom, hulle nie 'n bestaan uit boerdery alleen kon maak nie. Hulle het dus hulle inkomste aangevul uit ander bronne, soos transportry.

- 456 TOMLINSON, F.R.*e.a.* Honderd jaar landbou in die Transvaal. *Tydskrif vir wetenskap en kuns* (Nuwe reeks) 16(2): 144 - 156, Oktober 1956.

Bevat slegs kort verwysings na landbou in Potchefstroom.

- 457 TREKKERS gids. Paarl, D.F. du Toit, 1894.
p. 28.

Hierdie publikasie is eintlik 'n verslag van die Mashonaland Commissie wat in 1891 in die Paarl gestig is om die moontlikhede vir die kolonisering van die land tussen die Limpopo en die Zambesi te ondersoek. Beskryf o.a. ook die moontlikhede van wynbou in Transvaal en Mashonaland en beweer dat hulle baie beter druiwe in Transvaal gesien het as in die Boland. "Zoo kan men bijv. prachtige wijngaarden zien op de plaatsen van de familie Schoeman, langs de Vaal, in't district Potchefstroom, waarvan men een aanzienlijke opbrengst heeft door de druiven te verstooken tot brandewijn."

LANDBOUKOLLEGE EN PROEFPLAAS

- 458 AMERY, L.S. The Times history of the War in South Africa, vol. VI (kyk 183). p. 139.
Verwys na die stigting van die proefplaas.
- 459 BEVORDERING van landbou in Transvaal; jaarverslag 1940. *Boerdery in Suid-Afrika* 15: 535 - 536, 1940.
Oorsig oor die Landboukollege se werksaamhede van die jaar.
- 460 CHATER, M. Under the South African Union. *National geographic magazine* 59(4): 391 - 512, April 1931. p. 480.
Kort beskrywing van die Landboukollege en foto van die geboue.
- 461 LANDBOUKOLLEGE Potchefstroom het groot planne. *Landbouweekblad* 37(1877): 36 - 37, Julie 5, 1955.
Handel oor wetenskaplikes wat by die Landboukollege benoem is en hulle navorsingswerk.
Foto's.

- 462 LE ROUX, D.P. Historiese oorsig van die Landboukollege, Potchefstroom. *Boerdery in Suid-Afrika* 29: 384 - 397+, September 1954.
Beskryf eers die geskiedenis van die dorp kortliks en daarna die Landboukollege se ontstaan, doel en geskiedenis, met 'n oorsig van sy aktiwiteite. Toegelig met talle foto's.
- 463 PARISH, E. School of agriculture and experiment station, Potchefstroom. *Farming in South Africa* 4: 251 - 253, 1929.
'n Beskrywing van die geskiedenis en ontwikkeling van die Landboukollege, toegelig met foto's.
- 464 POTCHEFSTROOM College of Agriculture has made progress to be proud of. *Farmer's weekly* 108: 67 - 68, May 19, 1965.
Geskiedenis van die Landboukollege, toegelig met foto's.
- 465 PRAAGH, L.V. red. The Transvaal and its mines (kyk 102). p. 168 - 171.
Lang beskrywing van die Proefplaas en die aktiwiteite daar (1906).
- 466 THIS College started as an experimental farm. *Farmer's weekly* 100: 20 - 21, Feb. 8, 1961.
Kort beskrywing en foto's van die Landboukollege.

MEDIESE DIENSTE

- 467 B., I.D. Witrand vier sy vyftigjarige bestaan. *Suid-Afrikaanse verplegingtydskrif* 40(8): 13 - 15, Aug. 1973.
'n Beskrywing van die geskiedenis van die Witrand-hospitaal, toegelig met foto's.
- 468 BURROWS, E.H. A history of medicine in South Africa up to the end of the nineteenth century. Cape Town, Balkema, 1958.
p. 195, 239, 241, 242, 244, 286.
Bevat inligting oor die mediese dokters in Potchefstroom in die vorige eeu, o.a. 'n lewensbeskrywing van dr. Bernardus Poortman. In 1852 was hier twee sogenaamde "dokters", C. Weidner en E.W. van Zwiell, hoewel nie een van hulle waarskynlik gekwalifiseerd was nie. Verwys ook na dr. William James Otto, Herman Carl Friedrich Jeppe en dr. F.D. Kan, asook na die mediese dienste ten tyde van die beleg van die Fort.
- 469 GILLMORE, Parker. The Great Thirst Land (kyk 52). p. 168.
Tydens Gillmore se besoek aan Potchefstroom in 1878 was hier drie dokters, maar hy sê van hulle: "Certainly I must say that the doctors of Potchefstroom were a rough-looking lot, and by

choice I should much sooner have trusted a
cow in their hands than myself."

- 470 LAIDLER, P.W. en GELFAND, M. South Africa, its
medical history 1652 - 1898; a medical and
social study. Cape Town, Struik, 1971.
p. 317, 420, 425, 474, 483.

Hierdie werk dek dieselfde tydperk as dié
van BURROWS (kyk 468) en die inligting van
die twee bronne vul mekaar aan. Volgens
Laidler vestig dr. B. Poortman hom op 6 Maart
1864 op Potchefstroom, en dr. Jacobus Otto op
14 Augustus 1866. Volgens 'n voetnota op
p. 425 was dr. William James Otto in 1856 eers
n landdros op Potchefstroom en in 1866 skryf hy
drie perde in 'n reises in. In 1883
arriveer hier 'n dr. W. Esselen, M.D., 'n oog-
spesialis en spesialis in vrouesiektes. Die
hospitaal is in 1890 gestig, met 'n jaarlikse
toelaag van f500.

- 471 PELZER, A.N. Geskiedenis van die Suid-Afri-
kaanse Republiek (kyk 323). p. 34 - 35.
Beskrywing van mediese dienste en dr.
Poortman.

- 471a POTCHEFSTROOM hospitaal dag. *Werda* 1(23): 332,
Apr. 14, 1914.

'n Kort artikel met foto's oor die hospitaaldag

wat op 4 April 1914 op die dorp gehou is om
geld in te samel vir toerusting vir die
pasvoltooide hospitaal.

- 472 SEARLE, Charlotte. The history of the develop-
ment of nursing in South Africa 1652 - 1960.
Cape Town, Struik, 1965. p. 154, 221.

Verwys na die Dominikaanse nonne wat 'n klooster
op Potchefstroom gestig en siekes versorg het,
en na die verplegingsdienste in die Potchef-
stroomse konsentrasiekamp.

MINERALE (kyk ook GOUD)

- 473 BLELOCH, W.E. The new South Africa (kyk 27)
p. 124.

Beweer dat koper in die omgewing van Potchefstroom gevind is, maar dat dit as gevolg van die uitbreek van vyandelikhede tydens die Tweede Vryheidsoorlog nog nie ontgin is nie.

- 474 BULPIN, T.V. Lost trails of the Transvaal
(kyk 33). p. 133.

Verwys na die ontdekking van die eerste diamante in Transvaal in 1872 op Theodore Dom se plaas naby Potchefstroom.

- 475 CUNYNGHAME, *Sir* A.T. My command in South Africa
(kyk 37). p. 274 - 280.

Verwys na die ontginning van lood in die Potchefstroomse distrik.

- 476 PIETERSE, D.J. Die geskiedenis van die myn-
industrie in Transvaal (kyk 360). p. 102 -
104.

Beskryf hoedat Josiah Angove op 20 Augustus 1867 met sakelui en vooraanstaandes in Potchefstroom geskakel het in verband met die stigting van 'n mynmaatskappy. Hy prospekteeer in die distrik en rapporteer op 31 Oktober 1867 dat hy

in die omgewing van Potchefstroom plekke gevind het waar groot hoeveelhede kopererts vroeër deur inboorlinge uitgehaal is. Op 6 November 1867 skryf die *Transvaal Argus* dat Angove eerste moet probeer om lood en steenkool naby Potchefstroom te vind, waarop hy op 13 Desember verklaar dat hy nie lood kon kry nie, maar wel goeie steenkool en ou Bantoe-kopermyne.

MONUMENTE

- 477 DREYER, A. Zuid-Afrikaanse monumenten album.
Kaapstad, G.D. van Tonder, (voorw. 1916).
p. 32, 92.
Beskryf die monument op die graf van pres.
M.W. Pretorius en dié ter gedagtenis aan die
studente van die Teologiese Skool wat in die
Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het, met foto's
van albei.
- 478 OBERHOLSTER, J.J. Die historiese monumente
van Suid-Afrika. Stellenbosch, die Kul-
tuurstigting Rembrandt van Rijn op versoek
van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardig-
hede, 1972. p. 309 - 312.
Beskrywing van pres. M.W. Pretorius se huis,
die Hervormde kerkgebou en die Engelse fort,
toegelig met foto's.
- 479 VAN RIET LOWE, C. en MALAN, B.D. Die gedenk-
waardighede van Suid-Afrika. Tweede uit-
gawe. Pretoria, Staatsdrukker, s.j.
p. 131 - 132.
Beskrywing van die Engelse fort, met foto's.

MUNISIPALITEIT

- 480 CLOETE, J.J.N. Munisipale stemreg in die Zuid-Afrikaansche Republiek. *Historia* 3: 89 - 96, Junie 1958. p. 89, 90, 91.

In 1853 was daar reeds 'n verkose dorpsraad in Potchefstroom en in 1863 aanvaar die Volksraad "Regulation voor de Municipaliteit van de stad Potchefstroom". Die stadsraad sou uit sewe verkose lede, wat vir een jaar verkies is, bestaan. In 1878 word daar onder Shepstone se bewind wysigings aan die regulasies aangebring en munisipale verkiesings sou voortaan meer formeel wees.

- 481 COAT-OF-ARMS: Potchefstroom Town Council. *South African municipal magazine* 40(487): 25, 1958.

Illustrasie en beskrywing van die dorpswapen.

- 482 DE KOCK, N.M. Indiërs in die Suid-Afrikaanse Republiek. *Historia* 9(1): 8 - 28, Maart 1964. Verwys na die stappe wat die Potchefstroomse munisipaliteit in 1889 in verband met die Indiërs in die dorp geneem het.

- 483 GEMEENTEWAPENS: Potchefstroom. *Nieuws uit Zuid-Afrika* 7(8 - 9): 22, Feb. 1968.

'n Beskrywing met 'n illustrasie van die dorps-
wapen. Daar is ook 'n foto van die stadsaal
by die artikel.

- 484 LEYDS, G.A. A history of Johannesburg.
Cape Town, Nasionale Boekhandel, 1964.
p. 1, 27.

Beskryf die stigting van Potchefstroom kortliks
en maak die stelling dat die munisipale ont-
wikkeling van die dorp later as voorbeeld vir
Johannesburg gedien het.

- 485 PLOEGER, J. Van Kaapstad na Potchefstroom:
'n Beskrywing uit 1888. (Kyk 94)

Korrespondent van *De Wereldburger* beskryf die
swak toestand van die strate, maar sê dat die
stadsraad dit nie kan herstel sonder 'n
spesiale belasting nie, "en daar heet het
Potchefstroomssche publiek vies van te zijn"
en dit kan in elk geval nie gehef word sonder
goedkeuring van twee-derdes van die inwoners
nie. Hy verwys dan na die probleme van die
stadsraad, veral te wyte aan sy geringe in-
komste en gebrek aan arbeiders.

- 486 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom
1838 - 1938 (kyk 178). p. 98 - 117.

'n Baie volledige beskrywing van die munisipale
ontwikkeling van die dorp.

- 487 ROSENTHAL, E. Pioneers of South African municipal government: Martinus Andries Goetz of Potchefstroom. *South African municipal magazine* 32(388): 29, 1949.
Lewensbeskrywing van Goetz, die eerste burge-meester van Potchefstroom.
- 488 WELMAN, A. Die administratiewe koste van verkeersboetes van die Munisipaliteit van Potchefstroom. M.Comm.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1971. 82 p.
Behandel die organisasiestruktuur van die verkeersdepartement, tipes verkeersoortredings en strawwe daarvoor in Potchefstroom.

MUSEUM

- 489 BECKER, C.J. Guide to the Transvaal (kyk 22).
p. 188.

Verskaf die name van die raadslede van die "Natural History Association and Museum" van Potchefstroom in 1878. Die kurator was A.F. Schubart en die raadslede dr. B. Poortman, R. Rutherford, A.I. Munnich, Chevalier O.W.A. Forssman, Thos. Ayres en M. van der Hoff.

- 490 COETZEE, J.V. Museum Potchefstroom na 10
jaar. SAMAB 9: 560, Junie 1971.

'n Kort algemene beskrywing van die Potchefstroomse Museum en sy inhoud.

- 491 DE VILLIERS, S.A. Otto Landsberg, 1803 -
1905, 19th Century South African artist.
Cape Town, Struik, 1974. p. 7, 15, 109.

Die Potchefstroomse Museum het in 1956 deur middel van 'n bemaking 'n groot aantal van Otto Landsberg se skilderye verkry. Die skilderye het in die besit gekom van 'n kleinsun van Landsberg, Auguste Frédéric Edouard d'Ange d'Astre, wat op 23 Augustus 1956 op Potchefstroom, waar hy gewoon het, oorlede is. Die werk beskryf d'Astre se eksentrieke gewoontes en hoedat hy die 70 skilderye aan die Munisipaliteit bemaak het. Landsberg het 'n

verdere verbintenis met Potchefstroom in dié sin dat sy broer, Carl Wilhelm Cornelius Landsberg se dogter, Emelia H.A., in 1853 met O.W. Forssman van Potchefstroom getroud is.

- 492 FLEISCHACK, G. Geskiedenis van die ontstaan van die Potchefstroomse Museum. (Potchefstroom, Munisipaliteit) 1963. 12 p.

Die museum is op 1 Desember 1961 amptelik geopen nadat daar reeds van die begin van die eeu af in dié rigting gewerk is. 'n Skenking van R3 000 uit die boedel van mnr. d'Astre de Landsberg, wat in 1955 (sic!) oorlede is (kyk ook 491) het die stigting van die museum bespoedig en die gebou van die "Potchefstroom Club" kon vir dié doel aangekoop word.

- 493 FRANSEN, H. Guide to the museums of Southern Africa. Cape Town, S.A. Museums Association, 1969. p. 108 - 109.

'n Kort beskrywing van die geskiedenis en omvang van die Museum.

- 493a POSTMA, F. 'n Voortrekkermuseum in Potchefstroom. *Die NUSAS* 1(2): 12, 1925.

Die artikel beskryf die stigting van 'n Historiese Kommissie in Potchefstroom met die doel om 'n museum op te rig, en verskaf 'n lys van museumstukke wat reeds versamel is.

MUSIEK

494 POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

Gedenkprogram van die musiekfees by die ingebruikname van die nuwe konservatoriumgebou van die P.U. vir C.H.O., 3 - 7 en 20 Mei 1960. Potchefstroom, s.j. 24 p.

Verskaf inligting oor die konservatoriumgebou, die kunstenaars wat opgetree het, ens.

495 POTGIETER, E. Simfonie in Wes-Transvaal.

Die Huisgenoot 42(2565): 14 - 19, Junie, 4, 1971.

'n Beskrywing van die Potchefstroomse Simfonieorkester wat in 1967 gestig is, toegelig met foto's.

496 VAN DER POST, M.E. Theo Wendt 1874 - 1974, a biography. Cape Town, Tafelberg, 1974. p. 133 - 134.

Biografie van die stigter van die Kaapstadse Stadsorkester, Theo Wendt. In 1924 het hy met die orkester 'n uitvoering op Potchefstroom gelewer en 'n politieke insident veroorsaak, wat skerp reaksie in die koerante uitgelok het, toe hy versuim het om "God save the King" aan die einde van die konsert te laat speel.

- 497 VOORENDYK, L.H.D. Die musiekgeskiedenis van Wes-Transvaal, 1838 - 1960. M.Mus.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1971. p. 2 - 4, 9 - 17, 240 - 242, 244 - 246, 248 - 252, 254 - 255.

Hoewel die skrywer van min oorspronklike bronne gebruik gemaak het en sy gegewens hoofsaaklik uit WEGELIN (kyk 498) se werk kry, is dit tog 'n nuttige bron van inligting oor die musiekgeskiedenis van die dorp. Beskryf die geskiedenis van die dorp self en die musieklewe gedurende die vorige eeu, besoekende kunstenaars, musiekonderwys, ens. Verskaf ook biografiese besonderhede van Potchefstroomse musici, soos J.P. Malan, Sydney Richfield, M.C. Roode en M.M. van der Bent.

- 498 WEGELIN, A.W. Die geskiedenis van die musieklewe in Potchefstroom, 1838 - 1925. Potchefstroom, 1965. 224 p.

'n Baie volledige werk oor die onderwerp. Dit bevat 'n algemene inleidende hoofstuk oor die geskiedenis van die dorp en daarna 'n uitvoerige beskrywing van die musieklewe aldaar. Bevat ook 'n register van professionele musici wat hier gevestig was of wat die dorp besoek het om hier op te tree, en 'n lys van musiek-liefhebbers wat in die openbaar opgetree het, orreliste was, koordirigente, lede van kore en orkeste, of wat gehelp het met die organisasie van konserte of wat musiek bevorder het.

- 499 DELEGORGUE, M.A. Voyage dans L'Afrique australe. Paris, Dépôt de Librairie, 1847. 2 bde. Bd. 2, p. 327.

Delegorgue het tydens sy verblyf in Natal baie kontak met die Voortrekkers daar gehad, en in 1840 besoek hy ook Potchefstroom. Hy praat van "Potschepstroom" en sê dat die naam saamgestel is uit die name van twee Voortrekkers, nl. Potgieter en Scheppers, plus die stroom (Mooirivier). Dit klink egter vergesog omdat daar nie 'n Scheppers in die trek was nie.

- 500 ENGELBRECHT, S.P. Geschiedenis van de Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika. Amsterdam, J.H. de Bussy, 1920. (Kyk ook 420) dl. 1, bylae xxix.

Die bylae bevat 'n brief deur ds. Van der Hoff op 1 Maart 1853 vanuit die Kaap aan prof. Lauts geskryf waarin hy die naam van die dorp verklaar as saamgestel uit Potgieter, die chef (of leier) van die Voortrekkers en stroom. Hoewel die brief geskryf is voordat Van der Hoff nog self op Potchefstroom aangekom het of 'n enkele Potchefstromer ontmoet het, is dit later dikwels aangehaal om die oorsprong van die naam te verduidelik.

- 501 FICK, M.L. Iets uit die oude geskiedenis van Potchefstroom (kyk 44). p. 3, 20.

Ds. Fick gee drie moontlike verklarings vir die herkoms van die dorp se naam:

a. *Potscherf* omdat die turf langs die Mooirivier na potskerwe lyk wanneer dit droog word, plus *stroom*.

b. *Potgieter* plus *chef* (leier) plus *stroom*.

c. *Potgieterstroom* wat in die volksmond *Potgerstroom* en later Potchefstroom word.

Die laasgenoemde verklaring is vir hom die aanneemlikste omdat die Voortrekkers nie van 'n chef gepraat het nie. Op p. 20 wys hy daarop dat die naam Mooirivier tot 1855 in plaas van Potchefstroom in kerklike stukke gebruik is.

- 502 Di GESKIDENIS van ons land in di taal van ons volk. Tweede uitgaaf, aangevul tot 1895, en vermeerder met blyae. Paarl, D.F. du Toit, 1895.

Die eerste uitgawe het in 1877 verskyn. Die werk verklaar soos volg oor die oorsprong van die naam: "Uit dri woorde is di naam dus saamgestel: *Pot* is die eerste sillabe van *Potgieter*, *chef* beteken dat hy hulle kommandant was, en *stroom* is di stroom van die Mooirivier".

- 503 HAASBROEK, D.J.P. Die geskiedenis van Potchefstroom (kyk 305). p. 8 - 15.

'n Lang beredenering van die oorsprong van die naam, wat volgens die skrywer self 'n stukkie geskiedenis inhou wat op heelwat gissing berus. Hy wys op die verskillende vorme wat gebruik is, nl. *Potscherfstroom*, *Potscherf Stroom*, *Potsherffstroom*, *Potchefspruit* en *Potchefstroom*, afgesien van Mooirivier of Mooiriviersdorp of Vryburg. In 'n interessante tabel op p. 9 ont-leed hy die aantal kere wat die verskillende vorme in die Volksraadsnotules gebruik is en hy beskryf dan die verskillende skryfwyses uit-voerig, om tot die slotsom te kom dat die naam oorspronklik *Potscherfstroom* was en dat dit toe na *Potchefstroom* verander het, om eindelik onder invloed van die Hollanders (en hier wys hy op ds. Van der Hoff se brief, kyk 500) na *Potchefstroom* te verander, waardeur 'n heeltemal nuwe inhoud aan die naam van die dorp gegee is.

- 504 De HOLLANDSCHE gemeendebesturen in Zuid-Afrika (kyk 61) p. 324.

Gebruik die naam *Potscherfstroom* of *Vrijburg*.

- 505 JOHNSTON, Sir Harry. Britain across the seas: Africa, a history and description of the British Empire in Africa. London, National Society's depository, s.j. p. 113.

Verklaar dat die naam afgelei is van Potgieter, Scheppers en stroom, blykbaar op grond van Delegorgue se getuienis (kyk 499).

- 506 LAUTS, U.G. De Kaapsche landverhuizers of Nederlands afstammelingen in Zuid-Afrika. Leyden, H.W. Hazenberg, 1847. n. 134.
Verwys na 'n brief van W.C. Swart gedateer 17 Oktober 1844 aan J.A. Smellekamp in verband met die verkryging van 'n predikant, waarin hy die naam *Potscherfstroom* gebruik.
- 507 LENK, H. von. Die Geschichte der Buren, 1652 - 1899 (kyk 228). Bd. 1, p. 73.
Verklaar die herkoms van die naam as komende van Potgieter, chef en stroom.
- 508 LEYLAND, R.W. A holiday in South Africa (kyk 69). p. 131.
Waarskynlik na aanleiding van Silver se *Hand-book of the Transvaal* (kyk 518) verklaar Leyland dat die naam afgelei is van Potgieter, Scherf en Stockenstroom.
- 509 LION CACHET, F. De worstelstrijd der Transvalers (kyk 72). p. 271.
Lion Cachet trek te velde teen Silver se verklaring van die naam Potscherfstroom (kyk 518) as komende van Potgieter, Scherf en Stockenstroom, wat al drie populêre persone onder die Boere sou wees, en sê: "Wat zijn de Engelschen toch goed op de hoogte van alles!! De 'populaire' SCHERF, vooral is onbetaalbaar."

Hy verduidelik dan die oorsprong as Potgieter,
Che (sic!) en stroom.

- 510 MOODIE, D.C.F. The history of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus in Southern Africa. Cape Town, Murray and St. Leger, 1888. 2 vols. vol. 2, p. 250:

Naam van die dorp volgens hom afgelei van Potgieter, Van der Chef en stroom.

- 511 MULLER, H.P.N. Oude tyden in den Oranje-Vrystaat. Leiden, E.J. Brill, 1907.

In die indeks tot die werk verwys Muller na Potscherfstroom, op p. 89 praat hy van Potchefstroom wanneer hy na 'n berig in *De Oude Emigrant* van 17 Januarie 1860 verwys, maar op p. 91 weer van Potscherfstroom. Op p. 106 verwys hy na die feit dat die dorp ook Mooirivierdorp of Mooirivier genoem word, dat M.W. Pretorius daar woon en dat dit volgens die 1858-grondwet die "hoofdplaats" van die Republiek is, terwyl Pretoria die regeringsetel is.

- 512 NIENABER, P.J. Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek. Kaapstad, Suid-Afrikaanse Boeksentrum, 1963. p. 327 - 328.

Bespreking van die verskillende teorieë in

verband met die naam van die dorp met verwysing na die bronne.

- 513 PETTMAN, Charles. South African place names, past and present. Queenstown, Daily Representative, 1931. p. 77 - 78.

Kort beskrywing van die geskiedenis van die dorp en van die verskillende teorieë in verband met die herkoms van die naam.

- 514 POTCHEFSTROOM HERALD. Spesiale feesuitgawe (kyk 97). p. 9.

Bevat 'n artikel oor die herkoms van die naam van die dorp.

- 515 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom 1838 - 1938 (kyk 178). p. 16 - 18.

Aanvaar dat die naam afgelei is van Potgieter, chef en stroom en noem ook ander vorme van die naam wat gebruik is. Die afleiding is egter nie goed gemotiveerd nie en verwys nie na soveel bronne as HAASBROEK (kyk 503) nie.

- 516 ROBERTS, N. How century-old Potchefstroom got its name. *The Outspan* 24(605): 61, Sept. 30, 1938.

Die skrywer beweer dat die oorspronklike naam *Potgieterstroom* was, wat in die spreektaal

verander het na *Potgiesstroom*, en later na *Potchefstroom* onder invloed van Engelse skrywers wat *ch* geskryf het i.p.v. *g*. Volgens hom het die *ss* in *Potchefstroom* *fs* geword na aanleiding van die gebruik om *f* te skryf vir die dubbele *s*.

- 517 SEIDEL, A. Transvaal die sūdafrikanische Republik (kyk 332). p. 533.
Beweer dat die naam afgelei is van Potgieter, Scherf en Stockenstroom.
- 518 SILVER, S.W. and co. Handbook to the Transvaal (kyk 401). p. 31.
Silver het blykbaar aanleiding gegee tot die teorie dat die naam afgelei is van Potgieter, Scherf en Stockenstroom, want hy is die eerste wat hiermee vorendag kom.
- 519 SMIT, J.A.R. Het goed recht der Transvaalsche Boeren. Utrecht, Gebr. Van der Post, 1881. p. 21, 38.
Volgens Smit is die dorp in 1839 gestig en is die naam afgelei van Potgieter, chef en stroom, en diegene wat nie met Potgieter ingenome was nie, het die naam Mooirivier gebruik.

- 520 STUART, J. De Hollandsche Afrikanen en hunne
Republiek in Zuid-Afrika (kyk 114). p. 181.

Volgens Stuart is die dorp vernoem "naar de
naam en de betrekking van haren hoofdman en
naar de watterrijke plaats waar zij gevestigd
werd".

- 521 VAN ROOYEN, G.H. Kultuurskatte uit die
Voortrekkertydperk. Bloemfontein, Nasio-
nale pers, 1940. dl. 2, p. 69.

Die skrywer verwys na Stuart (520) en F. Lion
Cachet (509) se verklarings vir die oorsprong
van die naam.

NOORDBRUG

- 522 SORGDRAGER, A. Jammer dat dié brug nie kon praat nie. *Die Huisgenoot* 42(2176): 75, Des. 6, 1963.

Beskryf die geskiedenis van die brug wat in 1857 van houtstompe gebou is en in die 1880's met 'n ysterbrug vervang is. Vroeër is tolgeld van reisigers geëis wanneer hulle oor die brug wou gaan. Bevat ook 'n foto van die brug.

ONDERWYSKOLLEGE

- 523 PISTORIUS, P. P.O.K. 50 jaar; gedenkboek vir die halfeeufeesviering van die Potchefstroomse Onderwyskollege, 1969. (Potchefstroom, 1969) 233 p.

Beskrywing van die geskiedenis van die P.O.K.

- 524 SCHUTTE, P.J. Die opleiding van skoolbibliotekaris aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. *Boekegids* 7(3): 18 - 20, Junie 1960.

Beskrywing van die kursusse in skoolbiblioteekkunde aan die P.O.K.

- 525 HAUGHTON, E.J. en WELLS, L.H.

Underground structures in caves of the Southern Transvaal. *South African journal of science* 38:319 - 333 1942.

Die artikel beskryf die klipsteenhutte rondom die ingange na die grotte by Gatsrand, 33 km. noord-oos van Potchefstroom, op die plaas Kleinfontein. Verwys ook na die murasies binne die grotte en die voorwerpe wat daar gevind is.

- 526 HAUGHTON, S.H. Preliminary note on the ancient human skull remains from the Transvaal. *Transactions of the Royal Society of South Africa* 6: 1 - 14, 1917/18.

In 1913 het F.W. FitzSimmons van die Port Elizabethse Museum die stuk skedel wat op Koloniesplaas, Boskop, distrik Potchefstroom opgegrawe is, ondersoek. Die artikel beskryf verdere opgrawings wat daar gedoen is.

- 527 MASON, R. Prehistory of the Transvaal: a record of human activity. Johannesburg, Witwatersrand University press, 1962. p. 10, 21, 27, 235.

Beskryf die ontdekking van die Boskop-skedel deur J.B. Botha in 'n sloot op die wal van die

Mooirivier naby Potchefstroom in 1913, en die werk van E.J. Haughton en L.H. Wells in verband met die strukture uit die Ystertydperk in die dolomietgrotte in 1942 naby Potchefstroom. Op p. 235 beskryf hy die betekenis van die Boskopskedel. Op p. 10 verskyn 'n foto van die Hoëveld naby Potchefstroom.

- 528 BATE, C.V. An editor's reminiscences; thirty-six years of newspaper work in the Transvaal, 1902 - 1938. Potchefstroom, 1938. 36 p.

Mnr. Bate het in 1902 as redakteur van die *Potchefstroom Budget* na die dorp gekom en hy gee 'n waardevolle beskrywing van die dorp en die primitiewe drukkerij in daardie tyd. In 1908 begin hy om die *Potchefstroom Herald* te druk op dieselfde drukpers waarop *The Star* vroeër in Johannesburg gedruk is.

- 529 BEHRENS, H.P.H. The Pretoria press story. Pretoria, City Council, (1955?) p. 5 - 6, 9.

Die stuk het ook verskyn as hoofstuk 16 in *Pretoria 1855 - 1955*, (Pretoria, Stadsraad, 1955). Die skrywer wys daarop dat die vroeë geskiedenis van Pretoria en Potchefstroom in mekaar ingeweef is, en so ook hulle persgeskiedenis. Beskryf die werk van C.P. Moll, uitgewer van die eerste Staatskoerant en *De Oude Emigrant*, en die oorpasing van die *Transvaal Argus and Commercial Gazette* na Pretoria.

- 530 BOSMAN, F.C.L. *en* DREYER, A. Hollandse joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu, deur F.C.L. Bosman; en Lewenssketse van Hollandse joernaliste in Kaapland deur A. Dreyer. Kaapstad, Federale Drukkers, s.j. p. 12, 23 - 24.

Beskryf die geskiedenis van Moll en sy drukpers en die vroeë koerante op Potchefstroom. Bevat ook 'n lewenskets van C. Moll.

- 531 CUTTEN, T.E.G. A history of the press in South Africa. Cape Town, National Union of South African Students, 1935. p. 50 - 52, 63.

Beskryf die vroeë persgeskiedenis in Potchefstroom en verwys na die aankoms van Cornelis Moll in 1857, die Staatskoerant, *De oude emigrant*, *Transvaal Argus*, *Transvaal Advocate*, ens., asook na *De Potchefstroomer* van Borrius.

- 532 ENGELBRECHT, S.P. Johannes Philippus Borrius (kyk 147).

Lewensbeskrywing van J.P. Borrius, met foto's van hom en sy vrou, Nicolasina Susanna.

- 533 JORISSEN, E.J.P. Transvaalsche herinneringen. 1876 - 1896. Pretoria, J.H. de Bussy, 1897. p. 72.

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog is die

- 534 KRÜGER, D.W. 'n Drukker-pionier: J.P. Borrius se dienste aan die Boeresak. *Die Huisgenoot* 26(1054): 15, Jun. 5, 1942.

Johannes Philippus Borrius is in 1840 in Amsterdam, Nederland, gebore en het in 1860 in die Kaap gearriveer. In Julie 1862 publiseer hy *De Emigrant* in Potchefstroom en in 1866 die *Staatscourant* en *Transvaal Argus*. In 1871 word laasgenoemde die *Transvaal Advocate and Commercial Advertiser* en van 1877 - 1880 publiseer hy *De Transvaal*. Op 15 Desember 1880 druk Borrius die Vryheidsproklamasie die dag voor die aanvang van die Eerste Vryheidsoorlog.

- 535 MACDONALD, T. Transvaal story (kyk 73).
p. 17 - 33.

Verskaf onder andere inligting oor mnr. C.V. Bate, 'n bekende koerantman van Potchefstroom.

- 536 MAUCH, K. African explorer (kyk 78). p. 10.
Verwys na Herr Friedrich Jeppe van Mecklenburg-Schwerin (Rostock) wat reeds ses jaar in Transvaal is en die uitgewer van 'n koerant, *Transvaal Argus*.

- 537 NIENABER, P.J. 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika. Bloemfontein, Nasionale Pers Beperk, 1943. (Die Tweede Trek-reeks, no. 25) p. 95 - 100.

'n Oorsig van die geskiedenis van die drukpers in Potchefstroom, van die koms van C.P. Moll in 1857 en sy *De Staats Courant* en *De oude emigrant*. 'n Interessante feit wat genoem word, is dat dr. B. Poortman, mediese dokter, korrespondent vir *Het Volksblad* van Kaapstad was. Dit word ook beskryf dat *De Transvaal Argus*, met Borrius as redakteur en Fr. Jeppe en H.C. Bergsma as eienaars, van die vroegste geskrewe Afrikaans in Transvaal bevat het. Latere koerante van Borrius was *De Transvaal* en *De Potchefstroomer*.

- 537a NIENABER, P.J. Bibliografie van Afrikaanse boeke, dl. 1. Johannesburg, Publicité, 1943. p. 67 - 69, 76.

Verskaf inligting in verband met Het Westen-drukkery van H. de Graaf en die boekhandel en uitgewery van Dirk Pons en Kie.

- 538 De OUDE emigrant. *Africana aantekeninge en nuus* 13: 203 - 204, 1958/59.

Kort gegewens in verband met die eerste Transvaalse koerant en die feit dat *Het Volksblad* van 15 Desember 1859 opmerk dat daar 'n kolom

Engels in *De oude emigrant* verskyn en dat briewe "in het echte Kaapsche plat Hollandsch" geplaas word.

- 539 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom
1838 - 1938 (kyk 178). p. 292 - 293.

'n Kort geskiedenis van die koerantwese op Potchefstroom, maar dit wemel ongelukkig van foute, soos byvoorbeeld dat die eerste Potchefstroomse koerant *The Emigrant* van 1848 en dat Borrius die eerste staatsdrukker was.

- 540 ROCHLIN, S.A. The "Daily News" of Johannesburg. *Africana aantekeninge en nuus* 6: 99 - 100, 1948/49.

Voordat die *Daily News* van Josiah Angove in 1887 in Johannesburg verskyn het, het hy 'n deel van sy drukkerstoebehore op Potchefstroom verloor toe sy wa van die brug oor die Mooirivier geval het. *Die Barberton Herald and Transvaal Mining Mail* van 4 Oktober 1887 het 'n berig hieroor gepubliseer.

- 541 RONAN, B. Forty South African years; journalistic, political, social, theatrical and pioneering. London, Heath Cranton, 1923. p. 159.

Beskryf die teenspoed wat Josiah Angove, uitgewer van *The evening news* in Johannesburg,

gehad het toe hy sy drukkery van Potchefstroom af geskuif het en hy die meeste van sy drukletters verloor het toe sy wa in die Vaalrivier (sic!) geval het. Die detail van die storie stem nie heeltemal ooreen met ROCHLIN (kyk 540) se beskrywing daarvan nie.

- 542 ROSENTHAL, E. An unknown Transvaal magazine. *Africana aantekeninge en nuus* 8:33 - 34, 1950/51.
- 'n Onbekende tydskrif, *The eagle*, is in Potchefstroom gepubliseer in die tyd van die Imperiale Garnisoen wat van die Tweede Vryheidsoorlog tot die Eerste Wêreldoorlog hier gestasioneer was. Die skrywer het slegs vol. 7, no. 79 van Oktober 1913 gesien en dit word beskryf as "a monthly chronicle of the Royal Dragoons" en is gedruk deur Het Westen. Die inhoud staan in verband met die leër, sport, sosiale nuus en korrespondensie, en dit bevat advertensies, hoofsaaklik van Potchefstroomse firmas.

- 543 SCHUTTE, P.J. 'n Beredeneerde gesamentlike katalogus van groenboeke van die Zuid-Afrikaansche Republiek. M.A.(Bibl.)-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966. p. xi - xiv.

Beskrywing van die ontstaan en geskiedenis van die Staatsdrukkery van die Zuid-Afrikaansche Republiek, van die koms van C.P. Moll in 1857.

- 544 SMITH, Anna H. The spread of printing:
Eastern hemisphere, South Africa.
Amsterdam, Vangendt, 1971. p. 105 - 110,
128.

Die werk bevat 'n gesaghebbende beskrywing van die vestiging van die drukpers in Potchefstroom en die aandeel van Cornelis Moll, Hermann Jeppe en J.P. Borrius daaraan. Op p. 128 verwys die skryfster na 'n bewering in die *Potchefstroom Herald* van 21 November 1957 dat die koerant in 1908 begin druk is op die Wharfedale-drukpers wat in 1887 deur die Sheffield-broers na Johannesburg gebring is om *The Star* te druk. (Kyk ook 528)

- 545 SMITH, Anna H. Die versameling van professor S.P. Engelbrecht van Pretoria. *Africana aantekeninge en nuus* 4: 60 - 67, 1946/47.
p. 60 - 61.

Die artikel bevat interessante inligting in verband met drukwerk wat op Potchefstroom gedoen is. Borrius druk byvoorbeeld in 1862 die eerste Kerkwet van Transvaal, nl. *Reglementen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek* in Potchefstroom. In 1872 druk Borrius die eerste preek wat in Transvaal uitgegee is, nl. *Leerrede over Matth. 23 vs. 9* deur ds. A.J. Begeman, en in 1871 druk hy pamflette oor die twisgesprek tussen ds. J.P. Jooste en ds. D. van der Hoff. Hierdie publikasies kom voor in die versameling

van prof. S.P. Engelbrecht, wat in 1912 - 13 geskryfte van mev. Borrius gekry het uit die ou gebou van Moll en Borrius.

- 546 STRYDOM, C.J.S. Die Mol(1)s as drukker-pioniers. *Africana aantekeninge en nuus* 19: 339 - 340, 1970/71.

Die skrywer gee geen bronne vanwaar hy sy inligting verkry nie, maar sê dat die gegewens aanvullend by Smith se *Spread of printing* (kyk 544) is. Daar was twee Molls, nl. Cornelis Moll, sr. (1815 - 1880) en Cornelis Petrus Moll, jr. (1836 - ?). Die twee druk saam in 1857 die *Staats Courant der Z.A.R.* In 1859 is Moll, jr. staatsdrukker en Moll, sr. 'n staatsamptenaar. Hulle gee egter in 1859 *De oude emigrant* saam uit.

- 547 VERMOOTEN, F. 'n Drukker-pionier, Johannes Philippus Borrius, 1840 - 1892 (kyk 148).

Hierdie akademiese verhandeling is 'n waardevolle bydrae tot die drukkersgeskiedenis van Potchefstroom. Dit verskaf inligting oor die vestiging van die kommersiële drukpers in Transvaal, en gee dan 'n volledige oorsig oor die werk van Borrius en die koerante wat hy uitgegee het. Die Potchefstroomse Aandeelbeurs het in 1889 grond vir die oprigting van 'n gebou van Borrius gekoop en na die beurs se bankrotskap het Borrius hierdie geld skade gely (p. 67 - 80).

548 VOIGT, B. Die Buren; südafrikanisches
Grenzerbuch. Zweite Auflage. Berlin,
Paul Parey, 1930. p. 168.

Verwys na Jeppe as die eienaar van die enigste
drukkery in Transvaal, en Jeppe se oorgawe aan
Schoeman tydens die Burgeroorlog.

PLANTEGROEI

- 549 BADENHORST, P.J. 'n Sistematiese verslag oor die soetwateralgae van die Mooirivier en sy sytakke. M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1949.
- Verslag van 'n plantkundige opname gedoen in die Mooirivier, sy sytakke en die Potchefstroomdam.
- 550 DU TOIT, J.W. A preliminary survey of the soil mycoflora of an Acacia Karroo community in Potchefstroom with a description of a new species. M.Sc.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967.
- 'n Studie van die grondmikroflora van 'n groep doringbome (Acacia Karroo) aan die noordekant van die Universiteitsgronde.
- 551 GRAY, J. Payable gold (kyk 56). p. 21 - 22.
- In sy algemene beskrywing van die dorp wys Grey daarop dat Potchefstroom in 1860 'n "Recreational and Tropical Plant Park" gehad het.
- 552 LOUW, W.J. An ecological account of the vegetation of the Potchefstroom area. Pretoria, Government printer, 1951. (Botanical survey memoir no. 24). 105 p.

Die werk is oorspronklik aangebied as 'n D.Sc.-proefskrif en bevat talle illustrasies. Dit gee 'n beskrywing van die topografie, geologie, klimaat en reënval van die Potchefstroom-distrik, en bespreek dan die plantegroei uitvoerig. Op p. 55 verwys die skrywer daarna dat die ouer inwoners hulle herinner dat daar vroeër moerasse was waar vandag droë grond is, en wuiwende grasvlaktes waar dieselfde vlaktes vandag yl begroei is met minderwaardige plantegroei.

- 553 NELSON, W. Some letters by William Nelson (kyk 86) p. 197 - 198.

'n Baie interessante beskrywing deur William Nelson, 'n Engelse tuinier, in 1877. Hy beskryf die talle pragtige wilgerbome en raak in vervoering oor die geil vrugtebome, wat veel mooier groei as die "insignificant aphis-invested bushes you are accustomed to in England". Veral die vriebome groei goed in elke tuin en dra heerlike vrugte en baie plante wat in Engeland slegs in plantehuse aangetref word, groei hier perfek in die opelug.

- 554 STAPELBERG, W.J. 'n Studie van die wortels van 'n aantal Potchefstroomse grasse, met spesiale verwysing na hulle anatomie. M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1932. 89 p.

'n Suiwer plantkundige verhandeling.

- 555 CONRADIE, L.J. Spaanders wat vlieg; die romantiek van die poskantoor. Pretoria, Van Schaik, 1952. p. 41 - 46.

Gee 'n beskrywing van die geskiedenis van die poskantoor op Potchefstroom en die eerste groep opeenvolgende posmeesters, nl. H. Jeppe, D.J.F. Steyn, H.S. Lombard, John Lennox, Friedrich Jeppe, H. van der Linde en N.C. Bergsma.

- 556 FROELICH, F.G. Sketch of the official dates of the introduction of Transvaal stamps and other matters. *Africana aantekeninge en nuus* 18: 275 - 280, 1968/69.

In Desember 1866 word Friedrich Heinrich Jeppe posmeester van Potchefstroom en in Januarie 1869 word hy posmeester-generaal van die Z.A.R. In 1869 bestel hy posseëls vir die Republiek uit Mecklenburg. Die hoofposkantoor is in 1863 na Pretoria, die nuwe hoofstad, verskuif, maar 'n paar jaar later weer teruggeskuif na Potchefstroom, die kommersiële sentrum. In 1871 is dit weer na Pretoria. Die vroegste ontwikkeling van die posdiens het dus op Potchefstroom plaasgevind, waar dit aan J.P. Borrius opgedra was om posseëls te druk. Aanvanklik was die enigste poskantoor in Transvaal dié in Potchefstroom en in 1857 was Martinus van der Hoff die landdrosklerk en posmeester.

- 557 GROBLER, P.J.H.S. Die geskiedenis van die poswese van die Suid-Afrikaanse Republiek. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1956. 2 bde.
- Die werk bevat talle verwysings na die eerste poskantoor op Potchefstroom en die aandeel van die dorp in die ontwikkeling van die posdiens.
- 558 ROSENTHAL, E. en BLUM, E. Runner and mailcoach; postal history and stamps of Southern Africa. Cape Town, Purnell, 1969. p. 27 - 31, 33 - 34, 128.
- Beskryf die posdiens in die vroeë dae van die Republiek. Potchefstroom het wel 'n posdiens na die ander belangrike dorpe gehad, maar dit was stadig en onbetroubaar. Jeppe word posmeester van die dorp en later posmeester-generaal teen 'n salaris van £40 per jaar (die datums van sy diensaanvaarding verskil van dié wat FROELICH, kyk 556, aandui). In 1878 is posseëls by twee winkels in Potchefstroom te koop. Op p. 128 verskyn illustrasies van kanselleringstempels met Potchefstroom se naam daarop.
- 559 SMITH, Anna H. Alan Cobham envelope. *Africana aantekeninge en nuus* 20: 326 - 327, 1972/73.
- Die artikel beskryf die interessante geskiedenis van 'n koevert in die Africana-museum wat geadresseer is aan "Mr. D. Dakers, Messrs. Sowden and Stoddart Ltd., P.O. Box 41, Potchefstroom,

Transvaal, South Africa". Die brief is deur Sir Alan Cobham en sy ingenieur A.B. Elliot saamgebring op hulle historiese Imperial Airways-vlug in 1925 - 1926 van Londen na Kaapstad om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n lugroete tussen die twee stede. In die koevert is 'n brief van mnr. J. Henderson, 'n Londense direkteur van Sowden and Stoddart, gedateer 13 November 1925, waarin hy aan mnr. Dakers die voorgestelde vlug beskryf. Henderson het die ingenieur se broer geken en kon daarom die brief, waarskynlik een van die vroegste lugposstukke na Suid-Afrika, as 'n spesiale guns saamstuur.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

- 560 BINGLE, H.J.J. "Klein" universiteit beoog groot uitbreiding. *Scientific South Africa* 2: 331 - 332, 1965.
'n Kort beskrywing van die aktiwiteite van die Universiteit met foto's.
- 561 BRINK, A.P. Universiteit met die "van". *Naweekpos* 3(36): 8 - 10, April 1957.
'n Kort populêre beskrywing van die geskiedenis en die wese van die Universiteit, toegelig met foto's.
- 562 COETZEE, J.C. Klousule 31 van die P.U. vir C.H.O.-wet. *Koers* 17: 223 - 228, Junie 1950.
Bespreking van die gewetenskousule in die universiteitswet.
- 563 COETZEE, J.C. Ons universiteit; sy grondslag en beginsel en die vryheidsbeginsel. 2e druk. Potchefstroom, Raad van die P.U. vir C.H.O., 1959. 15 p.
Bespreking van die grondslag en beginsel van die P.U. vir C.H.O.

- 564 DAVIES, R.E. Burning of the books (kyk 136).
Beskrywing van die brand in die universiteits-
biblioteek in 1949.
- 565 DEPARTEMENT van Skeikunde aan die Potchefstroom-
se Universiteitskollege vir Christelike
Hoër Onderwys. *South African industrial chemist*
4: 87 - 90, 1950.
Beskrywing van die geskiedenis van die departe-
ment.
- 566 DU PLESSIS, J.S. In U lig; 'n geskiedenis
van die Potchefstroomse Universiteitskollege
vir Christelike Hoër Onderwys, 1921 - 1951.
(Potchefstroom) 1961. 514 p.
'n Baie volledige beskrywing van die geskiede-
nis van die P.U.K. vir C.H.O. tot met sy self-
standigwording. Die werk is in afgerolde vorm
en ongelukkig nie gepubliseer nie, maar daar is
enkele eksemplare in die Ferdinand Postma-
biblioteek. Die werk is in 1975 in verkorte
vorm herdruk as *Geskiedenis van die Potchef-
stroomse Universiteitskollege vir Christelike
Hoër Onderwys, 1919 - 1951*. (Wetenskaplike
bydraes van die P.U. vir C.H.O. Reeks A, nr.
19)
- 567 GOOSSENS, A.P. en DREYER, A.C. Farmasie-op-
leiding aan die Potchefstroomse Universiteit.

Suid-Afrikaanse tydskrif vir apteekwese 38(8):
17 - 21, 1971.

'n Oorsig van die kursusse en fasiliteite vir
die opleiding van aptekers aan die P.U. vir
C.H.O.

- 568 **INDUSTRIËLE** **Chemie by Potchefstroom.** *Suid-
Afrikaanse industriële chemikus* 17: 105 - 106,
April 1963.

Beskrywing van die leerplan van dié studie-
rigting met foto's van die laboratorium en die
hoof van die departement, prof. S.P. Ligthelm.

- 569 **JOOSTE, J.P.** **Geskiedenis van die P.U.vir
C.H.O. (tot inkorporasie).** *Koers* 25: 63 -
110. Augustus 1957.

Oorsig oor die geskiedenis van die Universiteit.

- 570 **KRÜGER, D.W.** **Uit puin en stryd het hy gegroei.**
Die Huisgenoot 35(1512): 12 - 14, 45, 51,
Maart 16, 1951.

Beskrywing van die Universiteit en sy geskiede-
nis met foto's.

- 571 **POSTMA, F.** **P.U.K. vir C.H.O. (1921 - 1942).**
Koers 10: 127 - 132, Februarie 1943.

'n Beskrywing van die geskiedenis van die
Universiteit by geleentheid van sy een-en-
twintigste verjaarsdag.

- 572 POTCHEFSTROOM incident. *The forum* 3(22): 1 - 2, Aug., 2, 1940.
Redaksionele kommentaar oor die aanval van 'n groep soldate uit die militêre kamp op die P.U.K. (kyk ook 583).
- 573 POTGIETER, Elma. Nuwe glans op gradedag. *Die Huisgenoot* 42(2569): 36 - 37, Julie 2, 1971.
Beskrywing en foto's van die nuwe akademiese drag van die Universiteit wat op 23 April 1971 in gebruik geneem is.
- 574 ROODE, D.J. Nuwe konservatorium vir Potchefstroom. *Suid-Afrikaanse panorama* 5(9): 17, September 1960.
Foto's en beskrywing van die nuwe musiekkonservatoriumgebou van die Universiteit.
- 575 ROUX, F. Pukkies vier fees. *Ster* 3 Okt. 1969: 63 - 69.
'n Beskrywing van die Universiteit en 'n oorsig oor sy geskiedenis, toegelig met foto's.
- 576 SORGDRAGER, A. Universiteit met die goue kandelaar. *Die Huisgenoot* 42(2201): 38 - 43, Mei 29, 1964.
Beskryf die Universiteit en die studentelewe,

met talle foto's by die artikel.

- 577 SCHULZE, H.G. P.U.K. word universiteit.
Die Brandwag 15(7): 38 - 40, Maart 16, 1951.
Kort bespreking van die groei en omvang, met
foto's, van die Universiteit.
- 578 STOKER, H.G. Dit is ons erns met die P.U. vir
C.H.O. *Koers* 17: 149 - 155, Februarie 1950.
Bespreking van die beginsels van die P.U. vir
C.H.O. en die gewetenskousule.
- 579 VAN DER VYVER, G.C.P. My erfenis is vir my
mooi; gedenkboek by die eeufees van die
Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk
in Suid-Afrika en van die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
(Potchefstroom, Kalvyn Jubileum Boekefonds,
1969) 288 p.
'n Omvattende geskiedenis van die Teologiese
Skool en die P.U. vir C.H.O. Die werk bevat
talle foto's.
- 580 VAN ROOY, H.C. Modulêre biblioteekgebou vir
die Potchefstroomse Universiteit (kyk 143).
- VAN ROOY, H.C. Nuwe biblioteek vir die P.U.
vir C.H.O. (kyk 144).

- 581 VAN ROOY, H.C. P.U.K. vir C.H.O., 1921 -
1942. *Koers* 10: 134 - 144. Februarie
1943.
Geskiedenis en statistiek in verband met die
Universiteit by geleentheid van sy 21e verjaars-
dag.
- 582 VENTER, C.P. Selfstandigwording van die P.U.K.
vir C.H.O. *Skoolblad* 39(3): 7, Maart 1951.
Kort beskrywing van die geskiedenis van die
Universiteit.
- 583 VIEWS on the Potchefstroom raid. *The forum*
3(21): 12, Aug., 17, 1940.
'n Oorsig van die reaksie in die Suid-Afrikaanse
pers op die soldate-aanval op die P.U.K.

REGSPLEGING

- 584 KAHN, E. The history of the administration of justice in the South African Republic.
South African law journal 75(3): 294 - 317,
Aug. 1958; 75(4): 397 - 417, Nov. 1958;
76(1): 46 - 57, Feb. 1959.

Bevat verwysings na die regspleging in Potchefstroom, o.a. die teregstelling van Pieterse.

- 585 KOTZE, Sir John. Biographical memoirs and reminiscences (kyk 65). p. 476 - 482, 662 - 663.

Beskryf sy besoeke aan Potchefstroom as regter en hofsittings aldaar.

- 586 STRUBEN, H.W. Recollections of adventures, pioneering and development in South Africa, 1850 - 1911. Cape Town, Maskew Miller, 1920. p. 109.

Verwys na die eerste teregstelling te Potchefstroom.

- 587 STUART, J. De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika (kyk 114). p. 265 - 266.

Lang beskrywing van die teregstelling van

Andries Pieterse wat daaraan skuldig bevind
is dat hy sy neef Oosthuijzen vermoor het.

- 588 VAN DEN BERGH, C.N. The police system in the
South African Republic before 1881. *Historia*
2(1): 67 - 73, Jun. 1957. p. 68.

In 1850 is J. Arnold op Potchefstroom benoem
as konstabel en tronkbewaarder teen 'n salaris
van 7/6 per maand.

- 589 VENTER, H.J. Die geskiedenis van die Suid-
Afrikaanse gevangenisstelsel 1652 - 1958.
Kaapstad, H.A.U.M., 1959. p. 110, 115.

In 1872 kla die landdros dat die tronk op
Potchefstroom in 'n slegte toestand is en
dubbele personeel vereis om die gevangenes op
te pas. In 1875 verklaar hy dat die tronk
onbruikbaar is vanweë swaar reëns. In 1898
is 'n nuwe tronk opgerig. Die gevangenes
van Potchefstroom is gebruik om 'n grootpad
na Johannesburg te bou.

SKOLE

- 590 BARNARD, A. Die groei en ontwikkeling van plattelandse onderwys in Transvaal, 1836 - 1934. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1935. p. 8 - 17.
- Beskryf die eerste formele onderwys in Potchefstroom en die reglemente wat daarvoor voorsiening gemaak het.
- 591 COETZEE, J.C. Die Gereformeerde Gemeente, Potchefstroom, en die onderwys, 1863 - 1930. Potchefstroom, Westelike Stem, s.j. 54 p.
- Bevat dieselfde inligting as op p. 38 - 68 van COETZEE, J.V. en COETZEE, J.C. *Die Gereformeerde kerk van Potchefstroom 1863 - 1938* (kyk 414) en beskryf die aktiwiteite van die gemeente t.o.v. onderwys in Potchefstroom.
- 592 COETZEE, J.C. Voorbereidende skool te Potchefstroom. *Koers* 25:128 - 134, Oktober 1957.
- Beskryf die geskiedenis van die Voorbereidende School van de Theologische School van de Gereformeerde Kerk te Potchefstroom.

- 593 HATTERSLEY, A.F. An illustrated social history of South Africa (kyk 58). p. 230.
Beskryf die eerste skool op Potchefstroom.
- 594 LE ROUX, S.D. Baanbrekers en jagters van Suid-Afrika (1760 - 1890). Kaapstad, Nasionale Pers, 1940. p. 62.
In 1840 kom William Robinson (broer van Sir J.B. Robinson) op Potchefstroom aan en begin die eerste skool daar.
- 595 LUGTENBURG, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900. Pretoria, Van Schaik, 1925. p. 43, 45, 55, 70, 72, 87.
Verskaf baie inligting oor die geskiedenis van onderwys op Potchefstroom en beskryf die eerste skool wat op 19 Julie 1852 deur Van der Linden geopen is, ds. Van der Hoff se indrukke oor die gebrek aan onderwys, die skoolkommissie van 1859 (landdros Goetz, voorsitter, ds. Van der Hoff, M.W. Pretorius, mnr. Lombard sr., en dr. B. Poortman, sekretaris), die skool onder J.A. Grimbeek vanaf 1864 en die private skole (agt in 1869), ens.
- 596 OUD-LEERLING, *pseud.* Oudste Afrikaanse hoër skool. *Ruiter* 1(30): 4 - 5, November 28, 1947.

Beskrywing van die geskiedenis van die
Hoërskool Gimnasium, met foto's van die skool.

- 597 PLOEGER, J. Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881 - 1900). (In Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jg. 15, dl. 1, 1952. Kaapstad, Staatsdrukker, s.j.) p. 240 - 241.
Beskryf die skooltoestande in Potchefstroom en bevat talle terloopse verwysings na die dorp in verband met die geskiedenis van die onderwys.
- 598 POTCHEFSTROOM. Hoër Gimnasium. Gedenkuitgawe, goue jubileum 1907 - 1957. (Potchefstroom, Hoër Gimnasium) 1957.
Die werk bevat gegewens in verband met die eerste vyftig jaar van die skool se bestaan.
- 599 POTCHEFSTROOM. Stadsraad. Potchefstroom 1838 - 1938 (kyk 178). p. 123 - 267.
'n Baie volledige beskrywing van die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom tot 1938, geskryf deur prof. J.Chr. Coetzee. Hierdie stuk kan beskou word as die basiese bron van inligting oor die onderwerp.

- 600 SCHEEPERS, F.L. Potchefstroom as onderwys-
sentrum. *Die Brandwag* 15(7): 41 - 43, Maart
16, 1951.

'n Populêre beskrywing van die verskillende
onderwysinrigtings en skole in Potchefstroom.
Die artikel is geïllustreer met foto's.

- 601 SMELLEKAMP, J.A. Mijn wedervaren in de Zuid-
Afrikaansche Republiek, vooral in betrekking
met den predikant D. van der Hoff. Kaapstad,
N.H. Marais, 1854. p. 18 - 19.

Die werk handel oor die stryd tussen Smellekamp
en ds. Van der Hoff, soos gesien deur Smellekamp
self. Hy beskryf ook H. van der Linden, onder-
wyser en voorsinger in die kerk op Potchefstroom,
se skermutseling met ds. Van der Hoff, wat daar-
op uitgeloop het dat Van der Linden bedank en
die skool sluit.

- 602 STUART, J. De Hollandsche Afrikanen en hunne
Republiek in Zuid-Afrika (kyk 114). p. 263
- 264.

Stuart besoek in 1852 die skool van Van der
Linden op Potchefstroom en maak melding van die
goeie toestand daarvan en die vordering wat die
leerlinge in taalkennis, skryf en rekenkunde
gemaak het.

- 603 VERENIGING VAN ONDERWIJZERS EN ONDERWIJZERESSEN
IN ZUID-AFRIKA. Gedenkboek uitgegeven by
gelegenheid van het vijftwintig-jarig
bestaan, April, 1918. Pretoria, Van
Schaik, 1918. p. 46.

Verwys na J.M. Roos en Hendrik van der Linden,
die eerste onderwysers op Potchefstroom.

- 604 WESSELS, S.J. Hendrik van der Linden, sy rol
in die Transvaalse geskiedenis (1851 - 1880).
M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-
Afrika, 1954. p. 10 - 16, 17 - 29, 36 -
43.

Lang beskrywing van Van der Linden se werk as
onderwyser op Potchefstroom en sy botsing met
ds. Van der Hoff.

SPORT EN ONTSPANNING

- 605 MALAN, S.P.T. 'n Onderzoek na rekreasiefasilitate en -behoefte van blankes in Potchefstroom. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1970. 206 p.

Beskryf die fasilitate vir sport en ontspanning in Potchefstroom en dui aan watter behoeftes daar nog bestaan.

- 606 POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O. Atletiekklub. Atletiek-gedenkalbum, 1869 - 1969. Red. G.J.L. Scholtz. Potchefstroom, 1969. 96 p.

Uitgegee by geleentheid van die Universiteit se eeufees en verskaf inligting in verband met atlete en sportprestasies van die Universiteit.

TEOLOGIESE SKOOL

- 607 POSTMA, W. Jubileum Teologiese Skool, 1869 - 1919. Wat gaan ons doen? Potchefstroom, Koomans, s.j. 20 p.

Beskrywing van die geskiedenis van die Teologiese Skool in Burgersdorp en die werksaamhede in Potchefstroom en doen dan 'n oproep om bydraes tot 'n jubileumfonds om meer leerkragte te kry, beurse beskikbaar te stel en geboue op te rig.

- 608 VAN DER VYVER, G.C.P. My erfenis is vir my mooi (kyk 579).

'n Omvattende beskrywing van die geskiedenis van die Teologiese Skool.

TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

- 609 AMERY, L.S., *red.* The Times history of the War in South Africa (kyk 183) vol. IV, p. 224 - 225, 420, 426.

Beskryf die krygsoperasies in Potchefstroom. Op 11 Junie 1900 is die dorp ingeneem deur brig.-genl. B.T. Mahon en die Union Jack, wat in 1881 deur Engelsgesindes in Pretoria begrawe is, gehys. Hy vind die ou kanon, wat die Boere in die beleg van die Fort in 1881 gebruik het, in die dorp en skenk dit aan die Royal Scots Fusiliers. In Augustus 1900 is die dorp weer deur die Boere ingeneem, en later weer deur die Engelse.

- 610 BLACKBURN, D. *en* CADDELL, W.W. Secret service in South Africa. London, Cassell, 1911. p. 284 - 285.

Bevat 'n interessante staaltjie wat hom by Potchefstroom afgespeel het net voor die uitbreek van die oorlog. Tydens die Jameson-inval het sommige mense halsoorkop uit Johannesburg gevlug, waaronder ook 'n groep Russiese Jode wat tot by Potchefstroom geloop het met hulle besittings. Daar is hulle deur veldkornet Tom Dirk (sic!) en 'n kommando Boere voorgekeer. Die Jode verklaar dat hulle ondersteuners van die regering is en word aangesê om die volgende dag om 10vm. gewere te kom

haal om die Boere te help. Gedurende die nag
het almal verdwyn.

- 611 GROOT BRITTANJE. Concentration Camps Commission. Report on the concentration camps in South Africa. London, Eyre and Spottiswoode for H.M.S.O., 1902. (cd. 893) p. 128 - 133.

Lang beskrywing van die bevindings van die kommissie i.v.m. toestande in die Potchefstroomse kamp.

- 612 JOUBERT, Dirkie. Herinneringe uit die verlede, deur Dirkie Joubert (mev. H.M. Evans). Roodepoort, Christelike Uitgewersmaatskappy, 1952. p. 165 - 170.

Die skryfster het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vir ongeveer 'n jaar op Potchefstroom gewoon voordat sy weggestuur is na 'n konsentrasiekamp in Natal. Sy beskryf die toestande op die dorp tydens die oorlog.

- 613 LUCAS, C.P. A historical geography of the British Dominions. Vol. IV, South Africa: Part 2, History to the Union of South Africa. Oxford, Clarendon press, 1915. p. 303 - 304, 316 - 317, 333.

Beskryf die besetting van die dorp gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, die geleentheid toe

genl. De Wet vir lord Methuen verby Potchefstroom na die Magaliesberge ontglip het en De Wet se besoek aan Potchefstroom in Augustus 1900, toe hy daar dinamiet gekry het.

- 614 MEINTJES, J. De la Rey - Lion of the West (kyk 317). p. 49.

Kort beskrywing van die beleg van Potchefstroom tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

- 615 PIROW, O. Piet Potlood. Johannesburg, Afrikaanse pers, 1948.

Die verhaal van Piet Beukes, met die bynaam Piet Potlood, en sy avonture in Potchefstroom gedurende die oorlog. Die boek bevat 'n sketsplan van die dorp. Hoewel dit 'n fiktiewe verhaal is, is die agtergrondsgegewens in verband met die dorp baie korrek omdat die skrywer self hier gewoon het.

- 616 ROSENTHAL, E. General de Wet; a biography (kyk 242) p. 30, 34, 63, 87, 136, 193, 196, 211.

Beskryf die verskillende kere wat De Wet gedurende die oorlog in Potchefstroom was.

VERDEDIGING

- 617 SNIPPIE, *pseud.* Potchefstroom as militêre sentrum. *Kommando* 12(9): 19, 26, September 1961.

Kort beskrywing van die militêre geskiedenis van Potchefstroom van na die Tweede Vryheidsoorlog tot 1961.

- 617a SOLOMON, E. Potchefstroom to Delville Wood. Johannesburg, Football and sports publishers, s.j. p. 9 - 11.

Die skrywer het gedurende die Eerste Wêreldoorlog sy basiese militêre opleiding op Potchefstroom ondergaan en beskryf die lewe in die kamp en die besoek van genl. Smuts aan die basis.

- 618 VORSTER, J.D. Die verdedigingstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1864. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1939. p. 15 - 16, 78, 79, 99 - 100.

In 1852 koop kmdt.-genl. A.W.J. Pretorius twee kanonne vir die Staat teen f14 stuk en plaas een op Potchefstroom en een op Rustenburg, en in 1857 was daar reeds etlike kanonne op Potchefstroom. Op 6 Mei 1853 besluit die Krygsraad te Potchefstroom om 'n kruithuis te bou, en in Mei 1854 vra M.W. Pretorius weer dat

dit nou opgerig moet word. Teen die begin
van 1860 was M.J. van der Hoff magasynmeester
van die kruithuis.

- 619 BULPIN, T.V. Lost trails of the Transvaal
(kyk 33). p. 116.

Die skrywer beweer dat die sirkus van Signor M.F. Santanna, die Olympic Circus, wat Potchefstroom in 1868 besoek het, die eerste kommersiële openbare vermaaklikheid was om Transvaal te besoek.

- 620 MOHR, E. To the Victoria Falls of the Zambesi
(kyk 82). p. 99.

Mohr beskryf hoedat hy tent opslaan agter Colson (sic) se huis waar 'n Amerikaanse sirkus net tevore gestaan het. Hulle het van San Francisco gekom en die Sandwich-eilande, Sjina, Singapoer, Australië, die Kaapkolonie en Natal voor Transvaal besoek, en op Potchefstroom was hulle 'n groot sukses by die Boere en die Bantoes wat nog nie vantevore so iets gesien het nie.

VERVOER

- 621 CHAPART, L. The queer adventures of a
"stupid" emigrant (kyk 374). p. 147, 149.
Die skrywer beweer dat hy in 1910 met die eerste
huurmotordiens in Suid-Afrika op Potchefstroom
begin het.
- 622 COETZEE, D.J. Spoorwegontwikkeling in die
Suid-Afrikaanse Republiek, 1872 - 1899.
Kaapstad, Nasionale Pers, 1940. p. 107 -
109.
Verskaf inligting oor die bou van die spoorlyn
van Krugersdorp na Klerksdorp oor Potchefstroom.
Die N.Z.A.S.M. het reeds in 1892 begin ondersoek
instel, maar was daarvoor lugtig dat die spoor-
lyn op 'n verlies sou werk. Die regering onder-
neem egter om verliese te dra en op 11 Januarie
1897 was die spoor tot op Potchefstroom voltooi
en op 3 Augustus 1897 tot op Klerksdorp.
- 623 FULLER, B. Call back yesterday. Cape Town,
H.A.U.M., 1953. p. 35.
Beskryf rooftogte op die poskoetse tussen
Potchefstroom en Krugersdorp, wat so laat as
1891 nog plaasgevind het.

- 624 MOHR, E. To the Victoria Falls of the Zambesi
(kyk 82). p. 104.

In 1869 was Potchefstroom met Port Elizabeth verbind met 'n halfmaandelikse poskardiens, wat die afstand in ongeveer veertien tot sestien dae afgelê het.

- 625 NEDERLANDSCHE ZUID-AFRIKAANSCH SPOORWEG-
MAATSCHAPPIJ. In Memoriam N.Z.A.S.M.
Amsterdam, J.H. de Bussy, (1909?) p. 42 -
45.

Beskryf die bou van die spoorlyn van Krugersdorp na Potchefstroom en Klerksdorp, wat in 1894 deur die Volksraad goedgekeur is en in 1897 voltooi is.

- 626 PLOEGER, J. Van Kaapstad na Potchefstroom:
'n beskrywing uit 1888 (kyk 94).

Beskryf die reis per spoor tot op Kimberley en daarna per "uitmuntende koetsdienst" tot op Potchefstroom. Die hele reis het 4 dae geneem (41 uur per trein, 17 uur op Kimberley vertoef en daarna 36 uur in 'n gemaklike koets). Die perde of muile is elke uur omgeruil en het ongeveer 8 myl per uur afgelê.

- 627 ROSENTHAL, E. Mail coach on the veld: The
history of mail coaches in South Africa.
Africana aantekeninge en nuus 10(3): 76 - 111,

Junie 1953. p. 98 - 99, 102.

Volgens Rosenthal is die eerste poskoetse in Transvaal deur Erasmus en Green van Potchefstroom op aanbeveling van Chevalier O. Forssman begin gebruik in 1874. Die reiskoste van Kimberley na Potchefstroom was £9 en van Potchefstroom na Pretoria £3-10s., met 25lb. vry bagasie en daarna 1/- per lb. ekstra. Richard Roger Hollins was ook betrokke by die koetsdiens en in 1881 begin hy ook die tabakvervaardigingsindustrie in Potchefstroom.

- 628 ROSENTHAL, E. Shovel and sieve. London, Allen and Unwin, s.j. p. 31 - 34.

Die skrywer vertel die interessante verhaal van John Thorburn wat in 1883 'n stoomboot, die Tembe, van 37vt. in Engeland laat bou het om van die beloop van die Vaalrivier na Kimberley 'n gereelde vragdiens in te stel. Hy slaag daarin om die boot per ossewa tot naby Potchefstroom te bring, waar hy vind dat die boot nie geskik was vir die vlakvloeiende Vaalrivier nie. Hy het dit daarna weer per ossewa na Delagoabaai gesleep en op sy deurreis deur Potchefstroom was daar groot opgewondenheid onder die inwoners, vir wie stoombote nie eintlik 'n alledaagse verskynsel was nie!

- 629 ZEEDERBERG, H. Veld express. Cape Town, Howard Timmins, 1971. p. 16, 18 - 19, 59.

Verskaf interessante brokkies inligting van die vervoerdiens na Potchefstroom in die vorige eeu. In 1862 ry Hendricus Buyskes en Daniel Brink transport tussen Potchefstroom en Schoemansdal en laai passasiers op. In 1873 begin O.W.A. Forssman die "Transvaal and Goldfields Extension Transport Company" tussen Potchefstroom en die diamantveld. In 1877 met die anneksasie kry hy subsidie en teen ongeveer 1880 word die besigheid oorgeneem deur Erasmus en Green. Hy vertel ook die staaltjie van 'n heer wat goud verloor het van Gibson se koets naby Potchefstroom.

VIERKLEUR

- 630 DU PLESSIS, T.A. M.W. Pretorius in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat (kyk 163). p. 167.
Beskryf hoedat die Vierkleur deur ds. Van der Hoff ontwerp is.
- 631 ENGELBRECHT, S.P. Die Vierkleur. *Die Huisgenoot* 12(231): 9, 11, Mei 25, 1928.
Beskryf die aandeel van M.W. Pretorius en ds. D. van der Hoff in die opstel van die grondwet en die ontwerp van die Vierkleur in 1856.
- 632 PAMA, C. Lions and virgins; heraldic state symbols, coats-of-arms, flags, seals and other symbols of authority in South Africa, 1487 - 1962. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965. p. 76.
Beskryf ds. Dirk van der Hoff as die ontwerper van die Vierkleur en die seremonie op 6 Januarie 1857 toe die eerste Staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad ingesweer is. Die Staatspresident benoem die bejaarde mnr. J.D.E. Grimbeek as "vlagkommandant".
- 633 PAMA, C. Simbole van die Unie. Kaapstad, Maskew Miller, 1960. p. 3, 15, 19.

Volgens Pama het mnr. C.D. Hope, hoof van die Boys' High School te Potchefstroom, reeds teen die einde van die negentiende eeu verklaar dat die springbok werklik die nasionale embleem van Suid-Afrika is. Beskryf die ontwerp van die Vierkleur en die skryf van die eerste Transvaalse volkslied, die "Vlaggelied" deur ds. D. van der Hoff.

- 634 PAMA, C. Die Unievlag; sy oorsprong, betekenis en gebruik. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1957. p. 18 - 19.

Beskryf die ontwerp en ingebruikneming van die Vierkleur te Potchefstroom.

- 635 PARTRIDGE, A.C. The story of our South African flag. Cape Town, Purnell, 1966. p. 53 - 54.

'n Baie oorsigtelike beskrywing van die ontwerp van die Vierkleur deur ds. D. van der Hoff en die ingebruikneming daarvan.

- 636 PELZER, A.N. Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (kyk 323). p. 230.

Beweer dat ds. Van der Hoff waarskynlik die ontwerper van die Vierkleur was en beskryf die ingebruikneming daarvan.

637 VAN ZYL, J.A. Die geskiedenis van die vlae van Suid-Afrika voor 1900. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1940. p. 34, 36 - 41.

Beskryf die Kruisvlag wat tydens Potgieter se bewind oor Potchefstroom en Winburg gewapper het. Komitee om grondwet op te stel en vlag te ontwerp bestaan uit o.a. Jacobus Stuart, Paul Kruger met ds. Dirk van der Hoff as adviseur. Inswering van Pretorius en ingebruikneming van die Vierkleur.

WONDERFONTEIN

- 638 ANDERSON, A.A. Twenty-five years in a wagon
 in the gold regions of Africa (kyk 17).
 p. 70 - 72.
 Lang beskrywing van die Wonderfonteingrot.
- 639 FELSENTHAL, E. Die "Wonderfontein" in Süd-
 Afrika. *Aus allen Weltteilen* 19: 98 - 100,
 1888.
 Beskrywing van 'n besoek aan die grot.
- 640 HOLUB, E. Seven years in South Africa (kyk
 62). p. 172 - 176.
 'n Lang beskrywing van die Wonderfonteingrot.
- 641 JEPPE, F. Die Transvaal'sche oder süd-
 afrikanische Republik (kyk 63). p. 18.
 'n Beskrywing van dr. Wangemann se besoek aan
 die Wonderfonteingrot in 1867.
- 642 M'INTOSH, D. South Africa (kyk 75). p. 50.
 Beskrywing van sy besoek aan die Wonderfonteingrot
 in 1868.

- 643 MATTHEWS, J.W. Incwadi Yami (kyk 77). p.
464 - 468.

Beskrywing van 'n besoek aan Wonderfontein in
1883 met 'n illustrasie van die grot op p. 465.

- 644 SMIT, J.A.R. De bodengesteldheid in de Trans-
vaal. *Tijdschrift van het Aardrijkskundig Genoot-
schap te Amsterdam* 6: 92 - 99, 1882. p. 95.
Verwys na die Wonderfonteingrot.

4. ONDERWERPSINDEKS TOT ANNOTASIES

Nommers in die indeks verwys na die nommers van inskrywings in die bibliografie.

- aandelebeurs 24, 386, 386a, 547
Adjunkraad van Winburg en Potchefstroom 285, 288, 321
Agricultural Society of Potchefstroom 448
Alexandra Park (foto's) 96, 102
Algemene Boeren Winkel 385
Alice Party 369
Angove, Josia
 drukkerstoebehore val in rivier 540, 541
 eerste besoek op soek na goud 350
 vind steenkool en ou kopermyne 476
Arnold, J. 588
Aspeling, D.J. 385
Ayres, J.B.
 bierbrouery 391
 voëlkundige 88
Ayres, Thos. 489

Baillie, *kapt.*
 beskrywing van sy plaas deur Sir A.T. Cunynghame 37
 besoek deur Sir John Kotzé 65
 vennoot van G.W. Rex 384
Baines, Thomas
 beskrywing van dorp 18, 19
 besoeke 18, 19, 33, 128, 146, 369
 landmeting van dorp 18

ontmoet Eduard Mohr 82
 skildery van Mohr se kamp 82 (afdruk), 268, 270
 voëlvry verklaar 18
 Baldwin, W.C. 20
 banke 3 - 5
 name van bankbestuurders in 1878 22, 392
 Bantjes, J.G. 353, 361, 372
 Bantoe-administrasie 13
 Bantoegrothutte 272, 525, 527
 Bantoelokasie 1905 (foto) 102
 Bantoes
 inboekstelsel 7 - 10, 14
 skakeling met tuislande 12
 sosio-ekonomiese toestande 11, 13
 vestiging na 1838 6, 326, 339
 Bantoestatte, verwoeste in 1843 25
Barberton Herald (bron) 540
 Barclays Bank 4
 Bate, C.V. 73, 528, 535
 Begeman, ds. A.J. *Leerrede over Matth. 23 vs. 9* 545
 begraafplaas 134
 belasting, inkomste uit 74
 Bergsma, H.C. 537
 Bergsma, N.C. 555
 Berlynse Sending 430, 444
 bevolkingstatistiek 51, 61, 62, 63, 71, 72, 74, 80,
 90, 114, 115
 Bezuidenhout, C.P. 186
 Bezuidenhout-episode, Eerste Vryheidsoorlog 181,
 188, 190, 197, 201, 202, 203, 215, 216, 218, 225,
 227, 228, 230, 235, 252, 262, 263, 301
 Biblioteek, Openbare *kyk* Openbare Biblioteek

Biblioteke 135 - 145

Bird, *dr.* J.D.

belangstelling in prospekterwerk 349, 386

laat kom Hans Sauer van Kimberley 367

Black, George 370

Blencowe, *rev.* G. 445

Bodenstein, *mr.* 65

boeresport 121

Borrius, J.P.

druk posseëls 556

drukker en uitgewer 170, 309, 385, 534, 537,
539, 544, 545, 547

drukker van eerste kerkwet en eerste preek in
Transvaal 545

lewensbeskrywing 147, 148, 532, 547

portrette 147, 151, 532

Die Potchefstroomer uitgegee deur 65, 531, 547

Bosch (afslaer) 385

Boskop-skedel 526, 527

Bosman, goud ontdek op plaas van 365

Bosman, G.C. 385

Botha, J.B. 527

Botha, P.J. 385

Brand, *pres.* J. 206

brandewynstokery 457

brandweer 102

Brink, D. 629

British Association for the Advancement of Science,
Kongres 1905 29

Britse vlag, hysing gedurende Tweede Vryheidsoorlog,
188, 609

brouery 64, 391

Bührman, H.T. 149
 Buffeldoorns 429
 Burgeroorlog 1860 - 1864 171 - 179, 323
 Burgers, *pres.* T.F. 297
 Burra Burra Company 350
 Buskes, *adv.* G.H. en eggenote (portret) 151
 Buyskes, H. 629

 Calvert, *rev.* J. 445
 Cape Commercial Bank 3
Cape Times (bron) 365
 Carnarvon, *graaf van* 304
 Carolus, teregstelling van 196, 206
 Cawood, *rev.* S.B.
 aangehou deur Boere 258
 predikant van Wesleyaanse Kerk 445
 Celliers, D.J. 385
 Central Bar 385
 Chamber of Commerce *kyk* Kamer van Koophandel
 Chapart, G. 374, 621
 Chapman, James
 beskrywing van dorp 34
 eerste Engelse handelaar in Transvaal 150
 ontmoet Thomas Baines 19
 publikasie van reisbeskrywing 57
 winkelier in Potchefstroom 34, 150, 369
 Choral and Dramatic Society 102
 Chovevi Zion 407
 Christelike Jongelieden Vereniging 413
 Church of the Province 408, 410, 411, 431
 Clulee, *rev.* 431

Cobham, *sir* Alan 559
 Colston, George *kyk* Coulson, George
 Conradie, F.D. 102
 Conroy (hoteleienaar) 94
 Coop, Fred 102, 269
 foto van fotografiese ateljee 102, 269
 Coulson, George 390, 620
 Craw, *mr.* 386
 Creswell, *rev.* T. 445
 Cronje, *genl.* P.A.
 Eerste Vryheidsoorlog 151, 194, 202, 252, 264
 lewensbeskrywing 151, 252
 Crots, F.P. 102
 Cyferbult 365

Daily News 540

Dakers, David

 Ontvang brief per lugpos 1926 559

 Voorsitter Kamer van Koophandel 377

d'Astre, A.F.E.d'A. 491, 492

Davis, John Henry 349, 353, 362, 366

Dawid *kyk* Magatta, Dawid

De Graaf, H. 537a

De la Rey, *genl.* J.H. 317, 614

Delegorgue, M.A. 25, 303, 499

De Wet, *genl.* C.R. 613, 616

diamante 474

Dietrich, *kapt.* 112

Dixie, *lady* Florence 39, 199, 241

doeanepos 301

dokters 44, 323, 392, 394, 405, 468 - 471

kyk ook name van spesifieke dokters

Dom, Theodore 474
Dominikaanse Klooster 472
Donoghue (fotograaf) 369
dorpswapen 481, 483
Douthwaite, C.M. 353, 361
Dowling, A.E. 363
Draper, *dr.* David 362
druipers *kyk* perswese
Duitsers kollekteer vir gewondes in Frans-Duitse
oorlog 82
Du Plessis, *kmdt.* C.N.J. 200, 256
Du Toit, J.D. (Totius)
besoek deur A. Donker 153
besoek deur A. Roland Holst 155
besoek deur H.V. Morton 83
lewensbeskrywing 152, 154, 156
lid van die Potchefstroomse kommando 152
Du Toit, R. 299

The Eagle 542

Eerste Vryheidsoorlog 180 - 260
Teregstellings van Britse spioene 187, 196, 206,
209
Kyk ook Carolus, Van der Linden, Woite
Kyk ook Bezuidenhout-episode
Fort, beleg van

Elandsfontein 276
Elandsheuwel 65
elektrisiteitsvoorsiening 102
Elliot, A.B. 559

De Emigrant 309, 534, 539
 Engelbrecht, *prof.* S.P. 545
 Erasmus en Green (poskoetseienaars) 65, 627, 629
 Esselen, *dr.* W. 470
 Evans, maak beswaar teen inboekstelsel 9

 Farrar (reisgenoot van Anthony Trollope) 120
 Faure, *ds.* A. 415
 Faure, J.C. 385
 Ferdinand Postma-Biblioteek
 biblioteekopname 141
 brand 136, 564
 foto's 136, 143, 144
 gebou 143, 144, 580
 Ferrero, P. 102
 Fick, *ds.* M.L. 424
 fiksie 261 - 267
 Findlay, ondersoek na dood van 196, 206
 FitzSimmons, F.W. 526
 Flaming Star *kyk* Vrymesselaarslosie
 Flammende Stern von Süd-Afrika *kyk* Vrymesselaarslosie
 forelle 29
 Forssman, Alric 158
 Forssman (née Landsberg), Emelia H.A. 491
 Forssman, Emily *kyk* Sketchly, Emily
 Forssman, Jenny 158
 Forssman, Magnus Johan Frederik 157
 Forssman, Nonnie 247
 Forssman, *chevalier* O.W.A.
 besoek deur Sir A.T. Cunynghame 37
 besoek deur Emil Holub 62

besoek deur Sir John Kotzé 65
 brieweboek bevat inligting oor goudontdekking
 353
 getroud met Emelia H.A. Landsberg 491
 goudkwarts in winkel uitgestal 344
 laat kom sy broer, M.J.F. Forssman 157
 lewensbeskrywing 158, 386a
 lid van Natural History Association and Museum
 489
 lys van sy 118 plase 452
 met vrag ammunisie deur Vrystaatse regering
 voorgekeer 177
 neem G.W. Rex in diens 384
 poskoetse 627, 629
 verkeerdelik Sweedse konsul genoem 98
 verkoop gebou aan London and Limpopo Mining
 Company 345
 verleen hulp aan Eduard Mohr 82
 Fort
 beleg 183, 185, 188, 190 - 193, 200, 202, 204,
 205, 210, 212, 216, 221, 223, 227, 229, 230,
 231, 233 - 236, 243, 245, 468
 beskrywing 39, 40, 42, 46, 55, 85, 134, 192,
 199, 250, 278, 478, 479
 foto's 102, 192, 478, 479
 gedenkteken (foto) 223
 grondplan 243
 oorgawe van garnisoen 188, 199, 202, 206, 217,
 229, 235, 244
 fotografie 268 - 270
The Friend (bron) 353

Gaiety-teater 398
 Garlick and Company (foto) 102
 geografie 2
 geologie 280 - 284
 George, prins van Engeland 46
 Gereformeerde Kerk
 besoeke van ds. Dirk Postma 443
 ds. Jan Lion Cachet konsulent 432
 foto's 96, 102, 133, 275, 279, 414, 427
 geboue 132, 275, 427
 geskiedenis 414, 426, 429, 441
 onderwys 591
 stigting van gemeente 311, 429
 gholfbaan 51, 66
 foto 102
 Gibson (koetseienaar) 81, 629
 Giddy, *mn.* 386
 Gimnasium Hoërskool 596, 598
 foto's 596
 "goedvoor" (wisselgeld) 297
 Goetz, Andreas 65, 304, 595
 Goetz, Marthinus Andries 102, 159, 487
 goud 333, 344 - 372
Graaf Reinet Herald (bron) 354
 Green en Erasmus *kyk* Erasmus en Green (poskoets-
 eienaars)
Grensblad, J. Macabe se reisbeskrywing in. 19
 Grimbeek, Edzard 65
 Grimbeek J.A. 595
 Grimbeek J.D.E. 632
 Hammerschlag, Sigmund 349, 366

handel

- algemene beskrywing 60, 62, 97, 126, 326, 380, 381, 383, 385
- Chapman, James 375
- invoer 378
- mark 373, 376, 379
- motorhawe, eerste 344
- uitvoer 115, 378
- voorrade vir rondtrekkende handelaars en prospekteerders 21
- Hartley, Henry 344, 370
- Haughton, E.J. 527
- Hay, J.R.M. Dalrymple 210
- Henderson, J. 559
- Hoër Volksskool (foto) 133
- hofgebou, tekening 1880 77
- Hollins, R.R. 353, 627
- hoofstad van die Z.A.R. 297, 306, 312, 323, 334
- Hope, C.D. 633
- Hope of Potchefstroom *kyk* vrymesselaarslosie
- hospitaal 470, 471a
- hotelle 36, 63, 74, 94, 120, 126, 388 - 391, 405
kyk ook name van individuele hotelle
- Hübner, Adolph 82
- huurmotors 374, 621

- Imperial Airways, proefvlug 1925 - 6 559
- inboekstelsel 7 - 10, 14
- Indiërs 482
- ivoor 326, 378

Jacobsohn, G. 361, 366
 Jeffreys, *eerw.* 9
 Jeppe, Friedrich
 eienaar van *Transvaal Argus* 536, 537, 544, 548
 kom van Mecklenburg-Schwarin 536
 ontmoet Eduard Mohr 82
 oorgawe aan Schoeman tydens Burgeroorlog 548
 posmeester-generaal 63, 555, 556, 558
 Smithers, *mev.* Elsa sy suster 112
 veg in 1848 onder Hecker in Baden-opstand 82
 Jeppe, Herman Carl Friedrich 112, 468
 Jewell, R.J. 268, 270
 Jode, vlug uit Johannesburg tydens Jameson-inval 610
 Johannesburg 300, 333, 484
 Jolivet, *biskop* 249
 Joodse gemeenskap 407
 Jooste, *ds.* J.P.
 bevestig deur ds. F. Lion Cachet 71, 432
 twisgesprek met ds. D. van der Hoff 545
 Jooste, Bryant en Stowe 102
 foto van gebou 102
 Jorissen, *dr.* E.J.P. 206
 Joubert, *mev.* Dirkie 612
 Joubert, *genl.* P.J. 232
 Jukskeirivier 358
 Jule, R.W. *kyk* Jewell, R.W.
 Kaapstadse Stadsorkes 496
 Kamer van Koophandel 102, 377
 Kan, *dr.* F.D. 468
 kanon deur Boere gebruik in beleg van Fort 609
 kanonne in Potchefstroom 618
 Kauffman, A. 361, 366

Kelley, *dr.*, geskenk aan M.W. Pretorius 20
 Kemp, *genl.* J. 317
 Kerke 63, 64, 68, 98, 126, 325, 408 - 445
 kyk ook name van individuele kerke
 kerkhof *kyk* begraafplaas
 Kerkplein (foto's) 151, 419
 Kerkstraat (foto) 51, 133
 King Edwardstraat (foto's) 43, 102, 402
 kyk ook Kerkstraat
 King's Hotel (foto's) 43, 51, 102
 King's Square (foto) 29
 Klakuarivier *kyk* Mooirivier
 Kleinfontein 525
 Klerksdorp 68, 115, 293, 311
 Kleurlinge 446 - 447
 Kleijn, F.W.H.J. 65, 349
 Klingenberg, *mnr.* 444
 klipsteenhutte *kyk* Bantoegrothutte
 Klooster (foto) 102
 koerante 44, 63, 65, 74, 405, 528 - 548
 kyk ook name van individuele koerante; *perswese*
 Köhler, *eerw.* 430
 Koloniesplaas 526
 Koninginsverjaarsdag 89
 Koninklike Kommissie, 1881 196, 206, 230, 244
 konsentrasiekamp 425, 611
 koorssiekte 131
 koper 27, 353, 473, 476
 Kotzé, *sir* John 585
 krieketwedstryde 74
 Kreuger, Ernst 158
 Krokodilrivier 358, 370

Kromdraai 353
 Kruger (winkelier) 385
 Kruger, Casper 313
 Kruger, Gert 313
 Kruger, Maria (née Du Plessis) 311, 313
 Kruger, *pres.* S.J.P.
 getuienis voor die Koninklike Kommissie 206
 huwelik 132, 311, 313
 lewensbeskrywing 313
 opstel van grondwet en ontwerp van Vierkleur 637
 verleen toestemming aan Dawid Magatta om in
 Potchefstroom te preek 445
 Krugerskraal 153, 155, 156, 272
 Kruisvlag 637
 Kruithuis 272, 618
 foto 223
 Kuyper, H.H. 66

landbou

 algemene beskrywing 22, 28, 60, 97, 126, 127,
 326, 376, 448, 452, 453, 455
 besproeiing 28, 450, 455
 mielies 451
 modelplaas 454
 onderverdeling van plase 455
 tabak 449
 vestiging van boere na Tweede Vryheidsoorlog 454
 wynbou 457
 Landboukollege en proefplaas 73, 451, 454, 458 -
 466
 foto's 460, 461, 462, 463, 464, 466

landboutentoonstelling 56, 326, 345, 378
 landdroskantoor, eerste beskrywing 279
 foto 151, 279
 Landdrost, Post en Telegraafkantoor (foto's) 29,
 102, 106
 landmeting 18, 157
 Landsberg, C.W.C. 491
 Landsberg, Otto 491
 Langermann, J. 5
 Lauts, *prof.* U.G. 420, 500
 Leask, Thomas Smith
 besoeke aan Potchefstroom 68, 369
 beskrywing van dorp 68
 open winkel op Klerksdorp 115
 wedervaringe tydens Eerste Vryheidsoorlog 68,
 226
 Lennox, John 555
 Lindley, Augustus 70
 Lindley, *eerw.* Daniel 415, 425, 440
 Lion Cachet, *ds.* Frans 71, 432
 Lion Cachet, *ds.* Jan 71, 432
 Lombaard, in besit van Piet Retief se veldfles 114
 Lombard, sr. (skoolkomiteelid) 595
 Lombard, H.S. algemene agent 385
 posmeester 555
 Lombard, *landdros* Hermanus 150
 London and Limpopo Mining Company 345
 lood 475, 476
 Lotter-broers (saal- en tuiemakers) 385
 Louw, J.P. 385
 Ludorff, *eerw.* 9, 126, 445

Lutherse Kerk 430, 444
 kerkgebou 430, 444
 tekening 430
 Lyric-teater 398

Macabe, Joseph 18, 19
 Magatta, Dawid 9, 412, 428, 433, 445
 Mahon, *brig.-genl.* B.T. 609
 Malan, J.P. 497
 Malherbe, M.S. 385
 Mander, *mmr.* 37
 Marais, P.J. 56, 349, 350, 353, 354, 355, 358, 360,
 366, 372
 mark 373, 376, 379, 385
 foto 43, 102
 markplein 24, 120, 323
 tekening 116
Masbro Advertiser (bron) 86
 Mashonaland Commissie 457
 Masonic Hotel 385
 Mauch, Carl
 beskrywing van dorp 78, 79
 besoeke aan Potchefstroom 78, 350, 360, 366
 brief in die *Natal Mercury*, 1867 356
 gepubliseerde artikels 119
 ontdek goud in Transvaal 344, 345
 ontmoet Emil Holub 62
 Maury, *ds.* J.L. 130
 mediese dienste 467 - 472
 Merensky, A. 119
 Methuen, *lord* 613

Metodistekerk 412, 433, 445
 militêre kamp 40, 572, 583, 617a
 minerale 473 - 476
 Minnaar, Fanie 353
 Moberg, E. 385
 Mohr, Eduard 33, 82, 268, 270
 Moll, Cornelis Petrus (sr.) 58, 160, 323, 529, 530,
 531, 537, 543, 544
 portret 160
 Moll, Cornelis Petrus (jr.) 546
 monumente
 Engelse fort (foto's) 102, 192, 478, 479
 Hervormde Kerkgebou (foto) 478
 M.W. Pretorius se graf (foto) 477
 Presidentswoning (foto) 478
 Studente van die Teologiese Skool geneuwel
 1899 - 1902 477
 Mooirivier 1, 44, 48, 57, 65, 265, 300, 393, 450
 foto's 29, 102, 106
 Mooi Rivier Dorsmaschien Maatschappij 385
Morning Post 39, 199
 Moschütz, *eerw.* 430, 444
 motorhawe, eerste 374
 Muller, H.P.N. 85
 munisipaliteit 304, 325, 392, 480 - 488
 Munnich, A.J. 489
 Munnich, J. 9
 Murray, *dr.* Andrew 311, 425, 434, 435
 museum
 beskrywing 490
 geskiedenis 492, 493a
 gids 493

kakebeenwa in museum 329
 lede van die raad van kuratore in 1878 22, 392,
 489
 Otto Landsberg-versameling 491
 musiek 494 - 498
 naam van dorp 325, 499 - 521
Natal Mercury (bron) 233, 356
 Natural History Association and Museum 489
 Nederduits Gereformeerde Kerk 409, 424, 435, 436,
 524
 kerkgebou Mooirivier (foto) 436
 kerkgebou Potchefstroom (foto) 436
 Nederduitsch Hervormde Kerk
 geskiedenis 416 - 423
 kerkgebou 85, 274, 311, 420, 438, 478
 foto's 88, 102, 151, 274, 419, 438, 478
 pastorie 271, 273
 foto 273, 419
 Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij
 622, 625
 Neethling *ds.* J.H. 425, 434, 435
 Nel, *mev.* Aletta 161
 Nelson, William 86, 553
 Nixon, John 391
 Nooitgedacht 359
 Noordbrug 522
 foto's 51, 102, 522
 Nussbaum, M. 366

 Oakdene *kyk* Presidentswoning
 Olympic Circus 619
 290

Oosthuijzen, vermoor deur Andries Pieterse 587
 Openbare Biblioteek 22, 63, 64, 98, 126, 135, 137,
 142
 ontspanningsfasiliteite 97 - 100
 Ossewatrek 1938 84, 320
 Otto, dr. W.J. 393, 468, 470
De Oude Emigrant 529, 531, 537, 538, 546
 Oudedorp 299
 paaie 323, 326
 Park *kyk* Alexandra Park
 perdereisiese 74
 perdesiekte 326
 perswese 58, 64, 97, 126, 323, 528 - 548
 kyk ook koerante
 Pieterse, Andries, teregstelling van 584, 586, 587
 plantegroei 549 - 554
 plase, lys van 399
 polisie *kyk* regspleging
 Pons, Dirk 537a
 Poortman, dr. Bernardus 58, 162, 323, 470, 471
 korrespondent vir Het Volksblad 537
 lewensbeskrywing 162, 468
 lid van museumkomitee 489
 ontmoet sir John Kotzé 65
 ontmoet T. Wangemann 129
 portrette 151, 162
 sekretaris van skoolkommissie 595
 poskoetse 623, 624, 626, 627, 629
 posmeester-generaal 63, 546, 558
 Postma, ds. D. 429, 443
 portret 414
 poswese 97, 323, 326, 556 - 559

Potchefstroom

beskrywing van dorp 15 - 133, 435

dorpsplanne 233, 243, 615

dorpswapen 481, 483

foto's 98 - 100, 102, 319

geskiedenis 285 - 343

oorsprong van naam 325, 499 - 521

Potchefstroom Board of Executors and Trust Co., Ltd.

22, 102, 385

foto van gebou 102

Potchefstroom Brewery 391

Potchefstroom Budget 528

Potchefstroom Chamber of Commerce 102, 377

Potchefstroom Exploration Syndicate 353, 361

Potchefstroom Exploration, Gold Mining and Estate Co.
Ltd. 348

Potchefstroom Farmers' Association 454

Potchefstroom Gold Mining Company 350, 352

Potchefstroom Herald 528, 544

Potchefstroom Klub 492

foto 102

Potchefstroom Ko-operatiewe Melk Maatschappij 385

Potchefstroom Motor Garage (foto) 374

Potchefstroom Pêrel (mielievareteit) 451

Potchefstroom Pioneer Party 368 - 370

Potchefstroom Stock Exchange and Club Company 386,
547

